# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

1

Kwartaal 1




Onderwysersgids

Funda Wande
Reading for Meaning

1

Kwartaal 1

# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

Onderwysersgids



**Erkennings**

Hierdie geïntegreerde program vir Huistaal en Lewensvaardigheid is deur 'n Funda Wande-span ontwikkel, in oorleg met individue van die kurrikulumdirektorate van die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo, akademici en onderwysers.

Die ontwikkeling van hierdie boeke is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Allan Gray Orbis Foundation Endowment, die FEM Education Foundation, die Michael & Susan Dell Foundation en die Zenex Foundation.

**Foto-erkennings**

Funda Wande Media-span: alle foto's geneem in skole en klaskamers;
Alle ander miniatuurbladsye uit die Leerderaktiwiteitsboek met vergunning van Freepik.

Gallo: Bladsy 47: @Joyrene Kramer (seuns wat dans); iStock: Page 47: @brazzo (meisies wat dans), Bladsy 47: @THEGIFT777 (*gumboot*-dansers), @JackF (*hip hop*-dansers);
Shutterstock: Bladsy 47: Africa Studio (baldansers).

www.fundawande.org
ISBN: 978-1-990952-45-6
Version 3: 2025

CC BY

Enigiemand is vry om die materiaal te **deel** (die materiaal in enige manier of in enige vorm te reproduseer of te versprei) of **aan te pas** (die materiaal vir enige doel te vermeng, te verander en uit te brei), mits jy die werk soos volg erken:
*Funda Wande, Afrikaans Huistaal en Lewensvaardigheid, Onderwysersgids, Graad 1, Kwartaal 1, CC BY 4.0.*

Geen bepalings of maatreëls mag bygevoeg word om ander te beperk om enigiets te doen wat deur die wet volgens die lisensie ooreengekom is nie.

Vir meer inligting: https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/

# Inhoud

**Ikone en afkortings** ..... **iv**

**Oorsig van die Funda Wande-materiaal** ..... **1**

Onderwysersgids: Wat om te onderrig ..... 1
Metodiekgids: Hoe om te onderrig ..... 1
Leerderaktiwiteitsboeke en Grootboeke: Wat om daarmee te onderrig ..... 1
Onderrigplan, Kwartaal 1 ..... 2
Weeklikse rooster, Kwartaal 1 ..... 4
Aktiwiteite vir Liggaamsopvoeding, Kwartaal 1 ..... 5

**Week 1** Begin skool ..... 6
**Week 2** Wat ek kan doen ..... 8
**Week 3** Wat ek kan doen ..... 22
**Week 4** Ek en my vriende ..... 36
**Week 5** Ek en my vriende ..... 50
**Week 6** Tyd vir skool ..... 64
**Week 7** Kleure ..... 78
**Week 8** Slaap ..... 92
**Week 9** Hou jouself skoon ..... 106
**Week 10** Vaslegging en hersiening ..... 120


**Assessering, Kwartaal 1** ..... **122**

Assesseringsplan, Kwartaal 1 ..... 122
Huistaal Geletterdheid: Assesseringsrubrieke ..... 123
Grondlynassessering (Week 3 en 4) ..... 123
Kontrolelys vir Konsepte van gedrukte teks (Week 5 en 6) ..... 124
Luister en Praat Assessering ..... 125
Klanke Assessering ..... 126
Lees en Begrip Assessering ..... 127
Handskrif Assessering ..... 128
Skryf Assessering ..... 128
Lewensvaardigheid: Assesseringrubrieke ..... 129
Huistaal, Skryf-aktiwiteit (Week 7) ..... 130

# Ikone en afkortings

| Huistaal | | |
|---|---|---|
|  Luister en Praat |  Leeswerk |  Klanke |
|  Skryf en Handskrif |  Groepbegeleide Lees |  Onafhanklike Werk |
| **Lewensvaardigheid** | | |
|  Aanvangskennis en PSW |  Uitvoerende Kunste |  Liggaams-opvoeding |

| | |
|---|---|
|  | Sien na en gee terugvoering (HT en LV) |

| Ikone in die LAB | | |
|---|---|---|
|  Skryf |  Kleur in of teken |  Knip uit |

Onderwysersgids – OG
Leerderaktiwiteitsboek – LAB
Groepbegeleide Lees – GBL
Persoonlike en Sosiale Welsyn – PSW
Aanvangskennis – AK
Huistaal – HT
Lees in pare – LP
Onafhanklike Werk – OW
Departement van Basiese Onderwys – DBO

# QR-kodes

## Skakels na die WKOD se Huistaal-hulpbronne

| | |
|---|---|
| Afrikaans Huistaal – Interaktiewe plakkaat | https://bit.ly/3Pr71qh |

| Klanke | | |
|---|---|---|
| Muurkaarte | Hulpbronne: Rolboek | Aktiwiteitsboek |
| Hulpbronne: Kontrolelys vir informele Assessering | Hulpbronne: Prente | Hulpbronne: Interaktiewe witbordspeletjies |
| **Groepbegeleide lees** | | |
| Hulpbronne vir Lees | Dekodeerbare leeskaarte | Hulpbronne: Woordkaarte van prente |
| Kontrolelys vir Informele Assessering | Hulpbronne: Klanke en woorde | Vasleggingspeletjies |
| **Assessering** | | |
| Afrikaans Huistaal Rubrieke | Formele Assessering: Optekening: Excel | Formele Assessering: Optekening: PDF |

# Oorsig van die Funda Wande-materiaal

Die Funda Wande-program integreer Geletterdheid: Huistaal en Lewensvaardigheid vir leerders in Graad 1-3, en is op die KABV gebaseer. Hierdie program help leerders om met begrip te leer, lees en skryf en ontwikkel terselfdertyd die grondbeginsels van algemene kennis, vaardighede en woordeskat. Die program berei leerders voor vir die hoër grade en ondersteun leerders by die aanleer van ander tale.

## Onderwysersgids: Wat om te onderrig




Vir elke kwartaal in die Grondslagfase is daar ’n **Onderwysersgids**. Die gidse bied ’n dag-tot-dag-hulpbron vir besige onderwysers om te help met beplanning, ordening en assessering.

Die gids skep 'n raamwerk vir die inhoud van elke les – wat om te onderrig en in watter volgorde. ’n Weeklikse rooster en kwartaalplan word ook voorsien. Aan die agterkant van die Onderwysersgids (OG) word assesseringsaktiwiteite ingesluit. Die lesse en assesseringsaktiwiteite dek en is gebaseer op die KABV.

## Metodiekgids: Hoe om te onderrig




’n Aparte, oorkoepelende Metodiekgids (MG) gee riglyne oor die roetines sowel as voorstelle oor hoe om elke les in die Funda Wande-program te onderrig. Gebruik dit as riglyn vir opleiding aan die begin van elke kwartaal om beplanning te doen. Jy kan dit ook enige tyd gebruik om te kontroleer of jy die stappe van lesse reg volg en of jy die les optimaal benut.

Vir elke tipe les verduidelik die MG:

1. die **doel** van die soort les: hoekom ons die lesse onderrig
2. **vordering** oor drie jaar: hoe die metodiek en teks wat in die program ingesluit word, vordering oor die drie grade heen toon om te verseker dat leerders meer vaardighede en kennis bekom
3. **metodiek**: hoe om die les in duidelike stap-vir-stap-volgorde te onderrig; die doel van elke stap en enige duidelike verskille tussen die grade
4. **differensiasie**: hoe om leerders op verskillende vlakke in dié soort lesse te hanteer
5. **Informele Assessering**: hoe om dié soort lesse te gebruik om die leerders se dag-tot-dag-vordering te assesseer
6. **Formele Assessering**: hoe om die vaardighede en kennis wat in dié soort lesse aangeleer word, elke kwartaal formeel te assesseer, gebaseer op die KABV.

Die MG is 'n bron vir alle Grondslagfase-onderwysers (Graad 1-3) om saam met die OG te gebruik.

## Leerderaktiwiteitsboeke en Grootboeke: Wat om daarmee te onderrig




Die **Leerderaktiwiteitsboeke (LAB’e)** sluit die bladsye in wat deur die leerders gedurende die lesse gebruik word. Die bladsye is gerangskik in dieselfde volgorde as die aktiwiteite in die OG. Leerders voltooi sommige skriftelike aktiwiteite in die LAB, maar die langer skriftelike aktiwiteite word verkieslik in ’n oefenboek voltooi.

Die **Grootboeke (GB’e)** is ontwerp om gebruik te word wanneer die leerders op die mat sit gedurende Gedeelde Lees en Lewensvaardigheidslesse. Dit is beskikbaar vir al die kwartale in Graad 1 asook vir Kwartaal 1 en 2 in Graad 2. Die GB-bladsye kom ook in die LAB voor.

## Onderrigplan, Kwartaal 1

| Week | Tema | Hardop-lees-storie | Gedeelde Lees-storie | Lewens-vaardigheid-inligtingsteks | AK en PSW | Luister en Praat |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | **Oriëntering**<br>**Begin skool** | *Lui Lennie* | Voorgestelde aktiwiteite word volgens onderwyser se diskressie gedoen | | | |
| 2 | **Ek**<br>**Wat ek kan doen** | *Eerste skooldag* | *Wat kan jy doen?* | Volg 'n volgorde: *Gedeelde Lees-roetine* | Dit is ek – teken self, skryf naam<br>Bespreek hoe om vriende te maak | Bespreek die plakkaat<br>Aksierympie |
| 3 | **Ek**<br>**Wat ek kan doen** | *Diere kan dans* | *Ons kan dans* | Instruksieteks: *Maak 'n musiekbottel* | Volg instruksies<br>Bespreek verskille | Bespreek die prent<br>Sing 'n liedjie |
| 4 | **Vriende**<br>**Ek en my vriende** | *Die sirkel-speletjie* | *Ons hou van koek* | Tabel: *Vergelyk vrugte* | Praat oor vrugte en groente<br>Om te deel is om om te gee | Speel die sirkel-speletjie<br>Sê 'n aksierympie |
| 5 | **Vriende**<br>**Ek en my vriende** | *Leeu en Muis* | *Leeu en Muis* | Kaart: *Ken gaan na Jan se huis* | Gee en volg instruksies<br>Bespreek hoe om ander te help | Rolspeel *Leeu en Muis*<br>Aksierympie |
| 6 | **Skool**<br>**Tyd vir skool** | *Pandu Padda gaan skool toe* | *Die skoolsak* | Lys: *Skooldrag* | Bespreek lyste<br>Klassifiseer klere<br>Bespreek vrese by die skool | Beskryf plekke by die skool<br>Beantwoord vrae oor skool<br>Resiteer 'n gedig |
| 7 | **Skool**<br>**Kleure** | *Die verrassing* | *Nuwe kryte* | Inligtingsteks: *Wat is 'n reënboog?* | Maak en bespreek reënboë<br>Teken 'n eksperiment op<br>Help/respekteer ons bejaardes | Rolspeel die hardopleesstorie<br>Resiteer 'n rympie |
| 8 | **Gesonde gewoontes**<br>**Slaap** | *Haas en Skilpad hardloop resies* | *Haas en Skilpad hardloop resies* | Inligtingsteks: *'n Goeie nagrus* | Slaaptyd-roetines<br>Gesels oor nagmerries | Begeleide dramatisering<br>Sing 'n wiegelied |
| 9 | **Gesonde gewoontes**<br>**Hou jouself skoon** | *Hoe Oskar 'n slurp gekry het* | *Dit is tyd om jou te was, Olla!* | Plakkaat: *Was jou hande* | Volgorde van prente<br>Luister na ons ouers | Oorvertelling van 'n storie<br>Resiteer 'n gedig |
| 10 | **Vaslegging en hersiening** | | | | | |

| | Taal-strukture | Skryf | GBL en Onafhanklike Werk | Klanke en Handskrif | Skeppende Kunste | Liggaams-opvoeding |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| | Sien *Metodiekgids* vir taalstrukture wat hierdie kwartaal onderrig moet word. Onderrig dit gedurende Gedeelde Lees- en Skryf-lesse. | GS: "Ek kan …"-sinne<br>OW: Teken en skryf | Leer om onafhanklike te werk<br>8 OW-aktiwiteite | Ss | VK: Knip en plak die dele van 'n gesig<br>UK: Liedjies vir roetines; Kletsrym (rap) klaskamerreëls | Aktiwiteitstasies |
| | | GS: "Ons kan dans …"-sinne<br>OW: Skryf sinne oor hoe jy dans | Grondlyn-assessering<br>8 OW-aktiwiteite | Ii | VK: Maak en versier 'n musiekbottel<br>UK: Ritmiese klap; dans met musiekbottels | Aktiwiteitstasies |
| | | GS: "Ek hou van …"-sinne<br>OW: Sinne oor waarvan jy hou | Grondlyn-assessering<br>8 OW-aktiwiteite | Tt | VK: Teken vrugte en groente<br>UK: Sing "Ons is goeie vriende"; Raai wat is ek? | Aktiwiteitstasies |
| | | GS: 'n Klasstorie in volgorde<br>OW: Kopieer 'n sin | Konsepte van gedrukte teks<br>8 OW-aktiwiteite | Ee | Visuele Kunste Assessering 1: Teken 'n prent deur krabbelpatrone in te kleur<br>Uitvoerende Kunste Assessering 1: *Gumboot*-dans | Aktiwiteitstasies |
| | | GS: Skryf en vul leestekens op twee lyste in<br>OW: 'n Skoollys | Konsepte van gedrukte teks<br>8 OW-aktiwiteite | Nn, Oo | VK: Maak 'n padda; teken jou skoolsak<br>UK: Rolspeel | Liggaams-opvoeding Assessering 1: Hindernisbaan |
| | | GS: 'n Klaslys met kleure<br>Skryf Assessering 1: Skryf 'n lys met items in 'n potloodsakkie | 8 OW-aktiwiteite | Ll, Kk<br>Klank Assessering 1: Identiiseer letters-klanke | VK: Weef; meng kleure<br>UK: Sing *Die reënboog*-liedjie – dramatiseer, om bejaardes te help | Aktiwiteitstasies |
| | | GS: 'n Storiekaart<br>OW: Skryf die einde van 'n storie | Lees en Begrip Assessering 1: Beantwoord vrae oor Haas en Skilpad se resies<br>8 OW-aktiwiteite | Aa, Rr<br>Handskrif Assessering 1: Skryf naam | VK: Maak marionette<br>UK: Poppekas-vertoning | Aktiwiteitstasies |
| | | GS: Gebruik woorde wat volgorde aandui<br>OW: Teken 'n prent en skryf 'n sin | Leesvlak 1<br>8 OW-aktiwiteite | Vv, Dd | VK: Ontwerp en maak 'n plakkaat<br>UK: Berei 'n toneelstuk voor en bied dit aan | Aktiwiteitstasies |
| | **Vaslegging en hersiening** | | | | | |

## Weeklikse rooster, Kwartaal 1

- Aanpassings vir onderrigtyd vir die DBO se Inhaalrooster word met rooi aangedui. As jy die Inhaalrooster gebruik, pas die lesplanne soos volg aan:
- Voeg die twee lesse vir Visuele Kunste saam as een les of laat een les uit.
- Voeg die twee lesse vir Uitvoerende Kunste saam as een les of laat een les uit.
- Vir Liggaamsopvoeding kan jy voortgaan met vier aktiwiteitstasies, maar die leerders kan slegs elke twee weke roteer.
- Sodra die GBL-groepe gevestig is (Week 5), kan die addisionele GBL-lesse benut word om aktiwiteite en vaardighede wat gedurende die week aangeleer is, te hersien en vas te lê. Voorsien Onafhanklike Werk-aktiwiteite uit die DBO-werkboeke of E-klaskamer.

| GRAAD 1 (Maksimum HT) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** | **Vrydag** |
| **WISKUNDE *<br>85 min x 4 dae + 55 min x 1 dag/96 min x 5 dae vir die inhaalrooster** | | | | | |
| **MONDELING** | | | | | |
| **15 min/ 10 min vir die inhaalrooster** | Oggend-byeenkoms (Register, kalendar, weer) | Oggend-byeenkoms (Nuus) | Oggend-byeenkoms (Register, kalendar, weer) | Oggend-byeenkoms (Nuus) | Oggend-byeenkoms (Register, kalendar, weer) |
| **15 min** | Luister en Praat (Hardopleesstorie) | Luister en Praat | | Luister en Praat (Liedjie/Gedig) | Luister en Praat: hardoplees, woordeskat, begripsvrae (E-klaskamer) |
| **AANVANGSKENNIS EN PSW** | | | | | |
| **15 min** | Aanvangs-kennis en PSW (Teksgebaseerde les) (30 min/20 min vir die inhaalrooster) | Aanvangskennis en PSW (Aktiwiteit) | Aanvangskennis en PSW | | Aanvangskennis en PSW (Laat les weg vir die inhaalrooster) |
| **LEES EN SKRYF** | | | | | |
| **OORGANGSTYD: Maak potlode skerp, deel boeke uit, doen handoefeninge** | | | | | |
| **15 min** | Klanke (Nuwe klank) | Klanke (Aktiwiteit) | Klanke (Nuwe klank) | Klanke (Samevoeging en Segmentering) | Klanke (Speletjie of Diktee) |
| **15 min** | Handskrif (Groot bewegings) | Handskrif (Oefen in oefenboeke) | Handskrif (Groot bewegings) | Handskrif (Oefen in oefenboeke) | |
| **OORGANGSTYD: Sing 'n liedjie** | | | | | |
| **15 min** | Gedeelde Lees 1: Prentbespreking (E-klaskamer) | Gedeelde Lees 1: (Fokus op begrip) | Gedeelde Lees 2 (Fokus op dekodering) | Gedeelde Lees 3 (Fokus op reaksie) | Gedeelde Lees, vaslegging (E-klaskamer) |
| **20 min** | | | Gedeelde Skryf | Gedeelde Skryf | Gedeelde Skryf |
| **OORGANGSTYD: Strek en skud lyf. Groep beweeg mat toe vir GBL.** | | | | | |
| **30 min** | Groepbegeleide Lees en Onafhanklike Werk | Groepbegeleide Lees en Onafhanklike Werk | Groepbegeleide Lees en Onafhanklike Werk | Groepbegeleide Lees en Onafhanklike Werk | Groepbegeleide Lees en Onafhanklike Werk |
| | | | | | Sien na en gee terugvoering |
| **LEWENSVAARDIGHEID** | | | | | |
| **30 min** | Liggaams-opvoeding (GBL vir die inhaalrooster) | Liggaams-opvoeding | Liggaams-opvoeding (GBL vir die inhaalrooster) | Liggaams-opvoeding | Liggaams-opvoeding (GBL vir die inhaalrooster) |
| **30 min** | Visuele Kunste | Visuele Kunste (GBL vir die inhaal-rooster) | Uitvoerende Kunste | Uitvoerende Kunste (GBL vir die inhaalrooster) | |
| **30 min/25 min vir die inhaalrooster** | EAT* | EAT* | EAT* | EAT* | EAT* |
| **15 min** | 2de AT* | 2nd AT* | 2nd AT* | 2nd AT* | |

* Nie by hierdie lesplanne ingesluit nie

## Aktiwiteite vir Liggaamsopvoeding, Kwartaal 1

Kies vier aktiwiteite per week met die fokus op verskillende vaardighede.

| **Rigting** |
| --- |
| • Ontwyk en loop in verskillende rigtings.<br>• Gebruik sintuie: Luister na instruksies terwyl hulle rondbeweeg. |
| **Ritme** |
| • Spring met 'n springtou terwyl rympies opgesê word.<br>• Klap hande in pare terwyl rympies opgesê word.<br>• Speel springspeletjies (hop-scotch). |
| **Lateraliteit** |
| • Hop op die linker- en regterbeen (volg die leier).<br>• Gooi die bal deur 'n hoepel met linker- en regterhand.<br>• Ontwyk en loop in verskillende rigtings. |
| **Balans** |
| • Loop op 'n tou sywaarts/vorentoe/agtertoe.<br>• Doen dit met hande op die heupe/agter die rug/sywaarts uitgestrek.<br>• Speel ontwykingspeletjies om kegels en verandering van rigting. |
| **Koördinasie** |
| • Gooi 'n bal na 'n teiken met dominante/niedominante hand; tel suksesse.<br>• Skop 'n bal na 'n teiken met dominante/niedominante been; tel suksesse.<br>• Gooi en vang 'n boontjiesakkie.<br>• Ontwerp 'n danspatroon met 4-6 herhalende bewegings.<br>• Klimraam – beweeg arm om te beweeg terwyl leerder aan klimraam hang. |
| **Sport en speletjies** |
| • Speel eenvoudige tradisionele speletjies; bespreek eers die reëls.<br>• Speel Volg die leier.<br>• Hardloop op tone/agtertoe/hop/kruiwastoot/kraploop.<br>• Bewegingspeletjies – dek die konsepte van grootte, afstand, spasie en hoeveelheid. |
| **Ruimtelike oriëntasie** |
| • Hardloop in verskillende rigtings sonder om aan mekaar te stamp en gebruik alle beskikbare ruimte.<br>• Maak rye/kringe.<br>• Hindernisbaan: Spring oor/beweeg onderdeur hindernis, kruip, klim, spring, ensovoorts. |

# Begin skool

Die doel van hierdie week is om die leerders bekend te stel aan die skoolomgewing, nuwe roetines en aktiwiteite wat hulle moet aanleer. Hierdie roetines sal verseker dat skool 'n produktiewe en gelukkige plek vir die leerders is, 'n plek waarna hulle uitsien om elke dag na toe te kom.

Daar is geen gestruktueerde program vir hierdie week nie. Nietemin, in hierdie gids word 'n paar aktiwiteite vir Luister en Praat, Lees en Skryf voorgestel wat jy elke dag met die hele klas kan doen. Daar is ook verskeie aktiwiteite in die leerder aktiwiteitsboek wat die leerders kan doen terwyl jy administratiewe take voltooi.

## NAME EN GROETVORME



Maak twee naambordjies vir elke leerder. Plak een op die lessenaars waar die leerders gaan sit. Gee die ander naambordjies vir die leerders sodra hulle by die skool kom. As jy die leerders groet, maak hulle bewus van hoe hul name geskryf word.

Doen eenvoudige mondelinge aktiwitete met die hele klas om die beginklanke van hul name te identifiseer.

## VESTIG ROETINES



- Neem die leerders op 'n toer deur die klaskamer, en lees saam met die leerders die woordkaarte.
- Vestig die roetineaktiwiteite vir klaskamerbestuur op 'n positiewe manier:
  - Groet (die onderwyser, maats, skoolhoof)
  - Staan in rye (van klein na groot om te voorkom dat hulle mekaar stoot)
  - Toilet- en handewasroetines
  - Gesondheidsroetines (nies, hoes, en meer oor handewas)
  - Speelroetine (waar om te speel, wanneer om klas toe te kom, hoe om veilig te speel)
  - Middagete-roetine (waarheen om te gaan, wat om te doen)
  - Luister na instruksies (gebruik 'n teken vir Stop en Luister, soos klokkespel op jou foon).

| Hoe om enige roetine te onderrig | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **N** | **V** | **W** | **O** | **P** |
| **Naam** | **Verduidelik** | **Demonstreer** | **Oefen** | **Pas dit toe** |
| Noem die roetine en leer die liedjie daarvoor aan. | Gebruik enige visuele materiaal wat beskikbaar is. Hou dit kort en duidelik. | Vra 'n leerder om te help. | Lei hulle deur instruksies te gee. | Laat die leerders dit op hul eie doen. |
| **Gee terugvoering:** Prys die leerders deur te sê wat hulle goed gedoen het. Byvoorbeeld: "Ek hou van hoe Sally sit, met haar bene gekruis en haar hande in haar skoot. Dit help ons almal om te leer. Mooi, Sally!" | | | | |

## STORIETYD

- Lees *Lui Lennie* (GB bladsy 3-6) vir die klas op Dag 1. Wys die prente en bespreek die besonderhede wat hulle kan sien.
- Lei die leerders om die storie oor te vertel deur die prente van Dag 2 te gebruik. Stel geleidelik die reëls vir beurte maak en hande opsteek bekend.
- Laat hulle die storie dramatiseer op Dag 3.
- Resiteer aksieliedjies/rympies wat hulle in Graad R of by die huis geleer het.
- Laat die leerders toe om boeke van die leeshoekie of biblioteek te lees.

## LEERDERAKTIWITEITSBOEK-AKTIWITEITE

Hierdie aktiwiteite kan enige tyd gedurende die week gedoen word.

**LAB bl. 2** **15 min**



Kleur die prent in.

**LAB bl. 3** **15 min**




Trek die stippellyne na en kleur die prent in.

**LAB bl. 4 en 5** **15 min**



Kyk na die prent in die skaduboks. Watter prent in die ry is dieselfde? Omkring die prent wat in elke ry dieselfde is.

**LAB bl. 6** **15 min**



Gebruik verskillende kleure om die vorms in te kleur.

## DBO-WERKBOEKAKTIWITEITE

Die leerders kan die aktiwiteite in die DBO-werkboeke vir Huistaal- en Lewensvaardigheid enige tyd gedurende die week doen.

## BINNENSHUISE AKTIWITEITE EN SPELETJIES



- Pak die aktiwiteite op die lessenaars uit voor die leerders die oggend inkom sodat hulle kan begin werk totdat jy gereed is om saam met die klas te werk. Kies die aktiwiteite volgens die hulpbronne wat wel by die skool beskikbaar is. (Die Graad R-onderwysers kan dalk 'n paar hulpbronne vir jou leen.) Jy kan verskillende hulpbronne op verskillende groepe se lessenaars uitpak.
  - kryte om mee te teken en papier om op te teken
  - legkaarte
  - voorwerpe om in kleure of vorms te sorteer (doppies, lego-blokkies)
  - wol of pypskoonmakers om deur karton te ryg
  - speelklei of plasticine vir modellering
  - blokkies of afvalmateriaal (byvoorbeeld, klein boksies) om mee te bou
  - leie en kryte om te teken

Maak 'n plakboek (kyk voorbeeld in die Grootboek, bladsy 2). Plak op elke bladsy twee prente van voorwerpe wat met mekaar verband hou. Gebruik die plakboek om speletjies te speel:

- **Geheue**: Maak die boek toe en kyk wie die voorwerpe kan onthou.
- **Kies**: Hou jy **hiervan** of **daarvan**?
- **Raai**: Dit is geel en lekker om te eet. Wat is dit?
- **Vergelyk**: Hoe is hulle dieselfde? Hoe verskil hulle?

## BUITELUGAKTIWITEITE EN SPELETJIES



Die leerders sal aanvanklik baie buitelugspeletjies moet speel. Jy moet buite oor hulle toesig hou.

- hardloop- of springwedrenne
- vang en gooi 'n bal of boontjiesakkie
- sirkelspeletjies (soos kat en muis)
- skattejag (vind een blaar, 'n klein klippie, 'n grashalm, 'n stuk rommel)
- hindernisbaan rondom die speelterrein (oor die paadjie, draai om, spring drie keer, ens.)
- volg die leier
- *Simon sê*

## OORSIG VAN DIE WEEK



# Wat ek kan doen

### VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

kan

### RIGLYNE VIR ONAFHANKLIKE WERK

Ter voorbereiding van Groepbegeleide Lees wat in Week 5 begin, moet jy die leerders leer om onafhanklik te werk. Gebruik die onderstaande skedule.

| **Onderrig OW-roetine.<br>Al die leerders doen dieselfde OW-bladsy onder leiding van die onderwyser.** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | | **Donderdag** | | **Vrydag** | |
| OW 1<br>(30 min) | OW 2<br>(15 min) | OW 3<br>(15 min) | OW 4<br>(15 min) | OW 5<br>(15 min) | OW 6<br>(15 min) | OW 7<br>(15 min) | OW 8<br>(15 min) |


### ASSESSERING

Taakbesonderhede en nasienrubrieke is agterin hierdie boek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Dinsdag–Donderdag** | Aanvangskennis 1: Daaglikse weer | Mondeling, prakties | Rubriek bl. 129 |
| **Maandag–Vrydag** | Aanvangskennis 2: Klaskamer-roetines | Prakties | Rubriek bl. 129 |

### BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- sneespapier vir elke leerder
- apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



**Hardopleesstorie**
- *Eerste skooldag*

**Klasbespreking**
- Gesels oor *Eerste skooldag*

**Aksierympie**
- *As jy bly is en jy weet dit stamp jou voete*



**Gedeelde Lees**
- *Wat kan jy doen?*

**Konsepte van gedrukte teks**
- boek, omslag, bladsye, woorde, prente

**Onafhanklike Werk**
- Onderrig Onafhanklike Werk-roetine



**Liggaamsopvoeding**
- Aktiwiteitstasies








**Visuele Kunste**
- Dele van die gesig

**Uitvoerende Kunste**
- Liedjies vir roetine



**Skryf**
- Skryf naam
- Ek kan ...




**Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welsyn**
- Volg 'n roetine: Gedeelde Lees
- Dit is ek
- Maak vriende



**Klanke**
- Fonologiese bewustheidsaktiwiteite
- Klank – **s**

**Handskrif**
- Letter – **Ss**

# Eerste skooldag



Dalu is so **bang**. Dit is sy eerste skooldag. "Ek kan nie lees of skryf nie. Sal hulle nie vir my lag as ek skool toe gaan nie?" vra hy.

"Natuurlik nie," sê sy mamma. "Jy gaan leer om te lees en te skryf en om somme te doen. Daarom gaan jy skool toe. Maar jy het al geleer om baie goed te doen vandat jy 'n klein babatjie was. Jy het geleer praat en luister. En jy het geleer om te loop, te hardloop, 'n bal te skop, baie hoog te spring en om te **huppel**."

Dalu en sy mamma stap skool toe. Dalu dra sy nuwe skoolklere. Toe hulle by die hek kom, sien hulle al die kinders op die **speelterrein**.

"Kyk al die verskillende goed wat die kinders doen," sê Dalu se mamma. "Dalu, kan jy soos daardie meisie huppel? Of spring soos daardie seun?"



## WOORDESKAT

**bang:** vreesbevange, vrees

**huppel:** op een been spring of loop

**speelterrein:** plek waar kinders speel

"Natuurlik kan ek," sê Dalu. "Ek kan baie goed doen. Maar nou dat ek op skool is, gaan ek nog baie goed leer doen."

"Dit is reg!" sê Mamma.

Net toé kom 'n dogtertjie saam met haar pappa by die hek aan.

"Hallo," groet Dalu se mamma. "Dit is my seun, Dalu. Dit is sy eerste skooldag."

"Hallo," sê die dogtertjie se pappa. "Dit is my dogter, Lillie. Dit is ook haar eerste skooldag."

"Miskien kan julle twee saam instap," sê Mamma.

Skaam groet Dalu: "Hallo, Lillie. My naam is Dalu. Miskien is ons in dieselfde klas. Kom ons gaan in."

En die twee kinders stap saam deur die skoolhekke.



# MAANDAG



## OGGENDBYEENKOMS Nuus

**15 min**



**Gesels oor nuus**
- Nuus is 'n verslag oor enige iets wat onlangs gebeur het.

**Dink**
- Die leerders dink oor watter nuus hulle vir hul ouma van hul eerste week by die skool kan vertel.

**Deel**
- Kies 'n paar leerders met selfvertroue om hul nuus met die klas te deel. Reageer en moedig hulle aan om in meer besonderhede te vertel.



## LUISTER EN PRAAT *Eerste skooldag*

**GB bl. 8** | **15 min** | **LAB bl. 11**




**Op die mat**
- Kyk saam na bladsy 8 in die GB.
- Gesels oor wat in die prent gebeur. *(moedig die leerders aan om besonderhede te gee)*
  - Wat kan hierdie leerders doen? *(huppel, spring, hardloop, praat)*
  - Wat kan jy doen? (die leerders stel 'n verskeidenheid aktiwiteite voor)
- Wat het jy op die eerste skooldag gedoen?



## AANVANGSKENNIS EN PSW *Gedeelde Lees-roetine*

**GB bl. 7** | **30 min** | **LAB bl. 12**





**Lees saam die plakkaat**
- Waaroor gaan die plakkaat? *(wat om gedurende Gedeelde Lees-tyd te doen)*
- Watter deel vertel waaroor die plakkaar gaan? *(die titel)*
- Wat gebeur in elke prent? Hoekom moet ons dit doen?
- Wat vertel die getalle vir ons? (*die volgorde waarin ons dinge moet doen*)
- Wat moet ons eerste doen? Volgende? Daarna? Laaste?

**Demonstreer en oefen die Gedeelde Lees-roetine**
- Onderrig 'n Gedeelde Lees-liedjie soos *Dit is hoe ons mat toe gaan, mat toe gaan, mat toe gaan ...*
- Wys aan die groepe hoe om in rye te sit. Roteer elke dag wie in die voorste ry sit.
- Prys die leerders vir regte aksies terwyl hulle oefen.



## KLANKE Die **s**-klank

**LAB bl. 13** | **15 min**




**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank. Let op die vorm van jou mond.
- Wie se naam begin met hierdie klank? Wie se naam het hierdie klank in?
- Kyk hoe die letter geskryf word.


**Identifiseer woorde met die klank**
- Fokus op die sleutelwoord in die boonste ry. Leer 'n aksie aan om die leerders te help om die sleutelwoord met die klank te assosieer.
- Lees die ander woorde, met die fokus op die nuwe klank.
- Die leerders kan nog woorde met die klank gee.

**Demonstreer die letterformasie**
- Gebruik die inligting oor letterformasie op bladsy 34-36 in die *Metodiekgids*.
- Die leerders trek die letters eers met hul vingers na en daarna met hul potlode deur by die groen kolletjies te begin.

**Lees die sin stadig vir die leerders**
- Die leerders omkring vandag se letter in die sin.



## HANDSKRIF Groot bewegings




15 min


- Sing of speel die liedjie oor die letter.
- Die leerders maak groot bewegings om die letter te vorm wat tydens die klankles aangeleer is – in die lug, op die grond, met verskillende media (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Help die leerders om hul bewegings te beskryf terwyl hulle dit doen.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 20

30 min




**Stel die teken vir Onafhanklike Werk bekend**

- Wanneer jy die teken gee, gaan staan die leerders doodstil, soos 'n standbeeld, beweeg na hul lessenaars en maak gereed om te werk (hulle het hul LAB-boeke en 'n skerp potlood nodig).
- Oefen hierdie roetine en prys die leerders.

**Wys die leerders hoe om die OW-bladsye in die LAB te vind**

- Die bladsye het:
  - 'n gekleurde strook langs die kant van die bladsy (verskillende kleure vir elke week)
  - die Onafhanklike Werk-ikoon is bo-aan die bladsy.
- Help die leerders om OW 1 op bladsy 20 in die LAB te vind.

**Vind die instruksie-ikone**

- Wys vir die leerders die potlood-ikoon wat aandui wat op die bladsy gedoen moet word. Hulle kopieer hierdie voorbeeld.
- Wys vir hulle die kryte-ikoon. Hierdie ikoon beteken hulle moet inkleur.
- Op bladsy 20 moet hulle reguit lyne trek en die balle inkleur.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min



**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Deel die klas in vier groepe.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**


- Wys die apparaat en verduidelik hoe om die aktiwiteit by elke stasie te doen.
- Kies leerders om elke aktiwiteit te demonstreer, onder jou leiding.
- Die leerders oefen die aktwiteit.
- Indien die tyd dit toelaat, speel 'n speletjie soos vang-vang, krappe-en-kraaie of wegkruipertjie.



## VISUELE KUNSTE Dele van die gesig

LAB bl. 155

30 min




- Noem die dele van die gesig op bladsy 155 in die LAB.
- Die leerders kleur die dele in.
- Vra hulle om die hele bladsy uit te knip, en daarna elke deel van die gesig.
- Let op wie sukkel om uit te knip. Help hulle om die skêr reg vas te hou. Gee vir hulle nog oefening.
- Bêre die uitknipsels veilig vir die volgende dag.

# DINSDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min

**Register, kalender, weer**
- Gebruik 'n register en kalender, indien beskikbaar.
- Teken die weer op die weerkaart aan.

**Demonstreer die naamspeletjie**
- Ek is Juffrou May. Die naam May begin met die MMMMMM-klank.
- Wat is jou naam en watter klank hoor jy aan die begin van jou naam?

**Speel die naamspeletjie met 'n paar leerders**

**Dieselfde klank of anders?**
- Sê twee klanke (byvoorbeeld, SSS en SSS of LLL en FFF).
- Die leerders wys een vinger indien die klanke dieselfde is, en twee vingers indien hulle ander klanke hoor.
- Herhaal die nuwe klanke.

## HARDOPLEESSTORIE *Eerste skooldag*

OG bl. 10 en 11
15 min

**Vóór lees**
- Vra 'n paar leerders om te vertel hoe hulle op hul eerste skooldag gevoel het.

**Lees die storie hardop, met uitdrukking**
- Moenie ophou lees om die storie te verduidelik of vrae te vra nie. Die doel is dat die leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Ná lees**
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk.
- Laat die leerders toe om op die storie te reageer en te sê wat hulle geniet het of waaroor hulle gewonder het.
- Indien die tyd dit toelaat, vra:
  - Kan jy jouself soos Thabo voorstel? (*Hallo, my naam is Thabo.*)
  - Is daar 'n paar goed wat jy kan doen?

## AANVANGSKENNIS EN PSW Dit is ek

LAB bl. 14
15 min




**Bespreek**
- Wat doen jy graag?

**Teken**
- Die leerders teken hulself wat besig is om iets te doen waarvan hulle hou.
- Hulle probeer om hul naam te skryf/kopieer.

**Loop deur die klas en gee terugvoering**
- Vra die leerders om vir jou van hul tekeninge te vertel.
- Moedig hulle aan om meer detail te gee (byvoorbeeld, waar is jy, wie is by jou, wat doen jy?)

## KLANKE Die s-klank

15 min




- Vra die leerders of hulle die klank kan onthou wat hulle die vorige dag geleer het.
- Onderrig 'n aksie wat met die klank geassosieer word. Byvoorbeeld: Die leerders kan op die ritme dans: "s-s-s-s".
- Sing die liedjie vir die letter.
- Die leerders wys die letter op die alfabetkaart. Gesels oor hoof- en kleinletters.
- Vra die leerders of hulle die letter op enige ander plek in die klaskamer kan sien.

## HANDSKRIF Oefen in oefenboeke

15 min




- Die leerders vorm die letter in die lug, op die mat, op mekaar se ruê, op hul handpalms terwyl hulle die handbewegings hardop beskryf.
- Die leerders oefen om die letter in hul oefenboeke te skryf (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Loop deur die klas en ondersteun die leerders. Let op hul potloodgreep en postuur.

## GEDEELDE LEES (1) *Wat kan jy doen?*

GB bl. 9-11
15 min

LAB bl. 8-10




**Die leerders op die mat**

- Roep die leerders mat toe in groepe deur die Gedeelde Lees-roetine te gebruik (LAB, bladsy 12).
- Gebruik die Grootboek om die konsepte van gedrukte teks te onderrig: boek, omslag, bladsye, titel.

**Lees die Grootboek bladsy 9-11**


- Lees die storie vir die leerders, en wys na die woorde terwyl jy dit sê.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy van die Grootboek.
- Gesels oor dinge wat diere en kinders kan doen.

**Lees weer die storie**

- Die leerders sluit aan en lees die teks.

## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 21
30 min




**Gaan deur die OW-roetine**

- Maak gereed wanneer jy die OW-teken hoor.
- Jy het 'n skerp potlood nodig.
- Luister terwyl die onderwyser verduidelik.
- Werk op jou eie.
- Die onderwyser werk met kleiner groepe, so probeer om probleme self op te los.
- Steek slegs jou hand op as jy nie kan voortgaan nie.

**Rolspeel die roetine**

- Vra twee vrywilligers om te wys hoe ons moet optree wanneer ons die OW-teken hoor.
- Vra twee vrywilligers om te wys hoe ons NIE moet optree nie.
- Vra nog twee vrywilligers om weer te wys hoe ons moet optree.

**Die leerders voltooi OW 2 op bladsy 21 in die LAB**

- Vra: Wat, dink jy, moet jy op hierdie bladsy doen? (wenk: kyk vir die potlood-ikoon)
- Verduidelik wat gedoen moet word.
- Loop deur die klas en ondersteun die leerders om onafhanklik te werk.

## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min



**Warm op**


**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**

## VISUELE KUNSTE Voltooi die gesig

LAB bl. 15
30 min




- Die leerders moet die dele wat hulle die vorige dag uitgeknip het, binne die buitelyne van die gesig plak.
- Moenie met hierdie proses inmeng nie aangesien die resultate dikwels 'n aanduiding is van hoe selfbewus die leerder is.

# WOENSDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min



**Register, kalender, weer**

- Gebruik 'n register en kalender, indien beskikbaar.
- Teken die weer op die weerkaart aan.

**Speel die naamspeletjie met 'n paar leerders**

- Wat is jou naam en watter klank hoor jy aan die begin van jou naam?


**Dieselfde klank of anders?**

- Sê twee klanke (byvoorbeeld, SSS en SSS of LLL en FFF).
- Die leerders wys een vinger indien die klanke dieselfde is, en twee vingers indien hulle ander klanke hoor.

## AANVANGSKENNIS EN PSW — Kom ons maak vriende

LAB bl. 15

15 min




**Pare: Kom ons maak vriende**

- Die leerders wys vir mekaar hul tekeninge van die vorige dag.
- Gesels oor wat jy graag doen.

**Klas: Wat het ons in gemeen?**

- As jy daarvan hou om sokker te speel, staan op en waai vir jou vriende.
- As jy daarvan hou om ... staan op en waai vir jou vriende.
- As jy 'n broer het, staan op en waai vir jou vriende.
- Ensovoorts.

## KLANKE — Fonemiese bewustheid

15 min



**Gee die boontjiesakkie aan**

- Die leerders sit in 'n kring/op die mat. Gee die boontjiesakkie vir mekaar aan.
- Speel sagte musiek in die agtergrond. Stop die musiek elke nou en dan. Die leerder wat die boontjiesakkie het, moet sy of haar naam en die klank waarmee dit begin sê, asook 'n ander woord wat met die klank begin.
- Sit weer die musiek aan en die leerder gee die boontjiesakkie aan.


## HANDSKRIF — Fynmotoriese vaardighede

LAB bl. 16

15 min




- Demonstreer op die bord hoe om 'n spiraal te teken deur by 'n kolletjie te begin en daarvandaan uit te beweeg.
- Die leerders teken spirale in albei rigtings in die balle.
- Kontroleer dat hul hande stabiel op die bladsy is. Hulle moet slegs hul vingers beweeg om die spiraal te teken en nie hul hele arm nie.
- Kontroleer en pas potloodgreep aan. Wys vir die leerders hoe om 'n driepootgreep te gebruik.
- Om fynmotoriese vaardighede te ontwikkel, gee vir die leerders sneespapier. Wys hulle hoe om dit te skeur en in klein balletjies op te frommel deur die duim, wys- en middelvingers te gebruik.



## GEDEELDE LEES (2) *Wat kan jy doen?*


**Lees uit die Grootboek**

- Lees die storie op bladsy 9-11 vir die klas.
- Vra **Dag 2**-vrae om konsepte van gedrukte teks te ontwikkel.
- Waar begin ek lees? Waar moet ek ophou?
- 'n Woord is 'n groep letters wat bymekaar staan. Daar is 'n spasie tussen woorde. Hoeveel woorde sien jy op hierdie bladsy? Kom ons tel en klap.
- Wys na die woord **kan** op elke bladsy.
- Pas die flitskaart by die woord in die boek.

**Lees die storie weer saam met die leerders**

GB bl. 9-11
15 min

LAB bl. 8-10






## GEDEELDE SKRYF Ek kan ...

**Mondeling**

- 3-5 leerders gee vyf sinne wat met "Ek kan ..." begin.

**Skryf sinne**

- Kies een van die leerders se sinne.
- Skryf dit op die bord. Sê elke woord terwyl jy dit skryf.
- Praat oor klanke en spelling, leestekens en spasies tussen woorde terwyl jy skryf.

**Lees die sinne saam**

15 min









## ONAFHANKLIKE WERK


**Stel die OW-aktiwiteite op bladsy 22 en 23 bekend**

- Die leerders doen vandag twee OW-bladsye.
- Vra: Wat, dink jy, moet op hierdie bladsye gedoen word?
- Verduidelik die taak.

**Die leerders doen OW 3 en OW 4**

- Laat hulle na 15 minute na die tweede bladsy gaan.
- Herinner die leerders aan die regte roetine, indien nodig.

LAB bl. 22 en 23
30 min






## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**

30 min





## UITVOERENDE KUNSTE Roetine-liedjies

- Onderrig nog twee liedjies oor roetines, byvoorbeeld, die Gedeelde Lees-liedjie, die Maak skoon-liedjie of die Einde van die dag-liedjie

30 min



# DONDERDAG



## OGGENDBYEENKOMS

15 min

**Register, kalender, weer**
- Gebruik 'n register en kalender, indien beskikbaar.
- Teken die weer op die weerkaart aan.

**Speel die naamspeletjie met 'n paar leerders**
- Wat is jou naam en watter klank hoor jy aan die begin van jou naam?

**Dieselfde klank of anders?**
- Sê twee klanke (byvoorbeeld, SSS en SSS of LLL en FFF).
- Die leerders wys een vinger indien die klanke dieselfde is, en twee vingers indien hulle ander klanke hoor.



## LUISTER EN PRAAT Onderrig 'n aksierympie

15 min

- In 'n aksierympie doen die leerders die aksies soos hulle dit sê/sing. Byvoorbeeld:


**Ek kan hardloop**
Ek kan sing, ek kan hardloop.
Ek kan my hande sit in my skoot.
Ek kan spring en skreeu en draai.
Ek kan hande klap en maak soos 'n kraai.



## KLANKE Geheime woorde (mondeling)

15 min

- Plaas woorde of voorwerpe in 'n sakkie (gebruik 'n verskeidenheid).
- Sonder om die woorde vir die leerders te wys, kies iets uit die sakkie. Sê: Ek het, bv. k-a-t.
- Laat die leerder wat die regte antwoord gee die volgende item uit die sakkie haal vir die onderwyser om te klank.
- Plaas die kaarte/voorwerpe waar die leerders dit kan sien. Sê: "Ek soek die p-o-t met die deksel. Wie kan my help om dit te vind?







## HANDSKRIF Trek vorms na

LAB bl. 17
15 min

- Noem en praat oor die vorms op bladsy 17 in die LAB.
- Lei die leerders om die vorms wat bymekaar pas met 'n reguitlyn te verbind.
- Die leerders teken die vorms aan die regterkant na en kleur die vorms wat pas met dieselfde kleur in.
- Loop deur die klas en korrigeer postuur en potloodgreep. Let op na die leerders wat sukkel om reguitlyne te trek. Laat hulle nog oefen.




## GEDEELDE LEES (3) *Wat kan jy doen?*

GB bl. 9-11
15 min

LAB bl. 8-10

**Lees uit die Grootboek**
- Lees die storie hardop, met uitdrukking. Die leerders kan saamlees waar hulle kan.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer saam as 'n klas.

**Hersien die flitskaartwoord: kan**
- Wys die flitskaart en sê die woord hardop saam met die leerders.
- Die leerders vind die woord in die storie.
- Plaas die flitskaart teen die woordmuur.





## ONAFHANKLIKE SKRYF

### Tekening, onderskrif en naam

LAB
bl. 18
15 min





**Die leerders teken en skryf oor wat hulle kan doen**
- Vra vir voorbeelde van die voltooide sinne Ek kan, en skryf 'n paar op die bord.
- Die leerders gebruik hierdie voorbeeld om hul onderskrif Ek kan ... te voltooi.
- Hulle skryf of kopieer hul eie name.

**Gee terugvoering**
- Dit is nie 'n handskrifles nie – fokus op die inhoud en nie die letterformasie nie.
- Die leerders gesels oor hul tekeninge. Hoekom het hulle daardie aksie gekies?
- Vra die leerders om hul name en onderskrifte te lees.
- Prys enige poging om die onderskrif te voltooi.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB
bl.
24 en 25
30 min




**Stel die aktiwiteit bekend**
- Die leerders doen vandag twee OW-bladsye.
- Vra: Wat, dink jy, moet jy op hierdie bladsye doen?
- Verduidelik die taak. Vir OW 6 moet die leerders vier verskillende kleure kryte gebruik om die letter binne die groot letter te teken om 'n reënboogletter te kan maak. Hulle kan ook prente teken van goed wat met die letter begin.

**Die leerders doen OW 5 en OW 6**
- Laat hulle na 15 minute na die tweede bladsy gaan.
- Herinner die leerders aan die regte roetine, indien nodig.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## UITVOERENDE KUNSTE

### Kletsrym (rap) die reëls

30 min



**Dinkskrum die reëls**
- Reëls maak die klaskamer 'n goeie plek om te leer.
- Die leerders gee voorbeelde van klaskamerreëls, byvoorbeeld:
  1. Wees veilig, wees gaaf, wees eerlik.
  2. Luister na ander en probeer jou bes.
  3. Maak ons klas 'n gelukkige plek.

**Kletsrym (rap) die reëls**
- Klas: Skep 'n kletsrymliedjie oor die reëls.
- Voeg aksies by en oefen.
- Groepe: Voer die kletsrym-reëlliedjie op.

# VRYDAG



## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Hersien**
- Watter nuus is daar?


**Dink**
- Watter nuus kan jy deel oor wat jy gister na skool gedoen het?

**Deel**
- Kies 'n leerder met selfvertroue om vir die klas te vertel. Reageer en moedig die leerder aan om meer besonderhede te gee.



## KLANKE Letters in my naam

LAB bl. 19
15 min




- Gesels oor hoof- en kleinletters. Name van mense en plekke begin altyd met 'n hoofletter.
- Die leerders omkring die hoof- en kleinletters wat in hul name gebruik word.
- Hulle kan hul naamkaartjie op hul lessenaars as riglyn gebruik, indien nodig.
- Hulle skryf hul name. Moedig hulle aan om hul vanne ook te skryf.
- Let op wie sukkel om hul name te skryf en wie hul vanne kan skryf. Dit sal help as jy die leerders later gedurende die kwartaal in groepe moet verdeel.



## ONAFHANKLIKE SKRYF Voltooi en deel

15 min



- Die leerders voltooi hul tekeninge en onderskrifte van die vorige dag se skryfles.
- Vra die leerders om hul tekeninge vir die klas te wys en te praat oor wat hulle kan doen.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 26 en 27
30 min




**Kyk saam na die eerste ry prente op bladsy 26**
- Sê die woord van elke prent saggies vir jouself.
- Wat is die eerste klank van die woord van die eerste prent in elke ry?
- Wat is die eerste klank van die woord van die prent wat omkring is?
- Begin die woord met dieselfde klank?

**Voltooi die aktiwiteit**
- Sê die woord van die eerste prent in elke ry en besluit met watter klank dit begin.
- Omkring die ander prente in daardie ry wat met dieselfde klank begin.
- Sê na 10 minute vir die leerders om met die volgende bladsy te begin.

**Kontroleer saam**
- Kontroleer die antwoorde saam.
- Vra die leerders wat die verkeerde prente omkring het om weer die woordete sê en mooi na die klanke te luister.

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Dink na oor die week**
- Waarvan het jy gedurende jou eerste skoolweek gehou?
- Waarvan het jy nie gehou nie?

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.

## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

15 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders**
- **LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en enige les wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en enige leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een, onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorber

## OORSIG VAN DIE WEEK



# Wat ek kan doen

### VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

seuns | meisies | dans

### RIGLYNE VIR ONAFHANKLIKE WERK EN GRONDLYNASSESSERING

| **Al die leerders doen dieselfde OW-bladsye terwyl die onderwyser Grondlynassesering met individue doen. (Assesseer hierdie week die helfte van die klas.)** | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Maandag** | **Dinsdag** | | **Woensdag** | | **Donderdag** | | **Vrydag** | |
| OW 1 (30 min) | OW 2 (15 min) | OW 3 (15 min) | OW 4 (15 min) | OW 5 (15 min) | OW 6 (15 min) | OW 7 (15 min) | OW 8 (15 min) | Sien werk na (15 min) |

### ASSESSERING

Taakbesonderhede en nasienrubrieke is agterin hierdie boek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Dinsdag–Donderdag** | Aanvangskennis 1: Daaglikse weer | Mondeling, prakties | Rubriek bl. 129 |
| **Maandag–Vrydag** | Aanvangskennis 2: Klaskamer-roetines | Prakties | Rubriek bl. 129 |
| **Maandag–Vrydag** | Luister en Praat 1: Persoonlike ervaringe | Individuele mondeling (assesseer hierdie week ⅙ van die klas) | Rubriek bl. 125 |
| **Maandag–Vrydag** | Luister en Praat 2: Uitvoering van 'n liedjie/gedig | Prakties in groepe (assesseer hierdie week ⅙ van die klas) | Rubriek bl. 125 |


### BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- Vir musiekbottels:
  - 4 plastiekbottels met doppies
  - vel papier vir tregter
  - 4 soorte klein goedjies (byvoorbeeld: rys, klippies, lensies, sade, skuifspelde)
  - tydskrifbladsye vir collage-prente
  - gom
- bal vir klankspeletjie
- apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

**Hardopleesstorie**
- *Diere kan dans*

**Klasbespreking**
- *Gesels oor 'n prent*

**Aksierympie**
- *As jy bly is en jy weet dit*
- Luister en Praat Assessering 1 (persoonlike ervaringe): ⅙ van die klas





**Gedeelde Lees**
- *Ons kan dans*

**Liggaamsopvoeding**
- Aktiwiteitstasies









**Groepbegeleide Lees**
- Grondlynassessering: assesseer helfte van die klas
- Onafhanklike Werk: 8 OW-bladsye





**Skryf**
- Skryf naam
- Ons kan dans ...

**Visuele Kunste**
- Maak en versier 'n musiekbottel

**Uitvoerende Kunste**
- Ritmiese klap
- Voer 'n dansie uit






**Klanke**
- Fonologiese bewustheidsaktiwiteite
- Klank – **i**

**Handskrif**
- Letter – **Ii**

**Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welsyn**
- Ons is almal verskillend
- Instruksieteks: *Maak 'n musiekbottel*

# Diere kan dans





WOORDESKAT

Die diere dans onder die Afrika-son.

Leeu beweeg van die een kant tot die ander kant en klap sy pote. **Wieg**, wieg, klap. Wieg, wieg, klap.

**wieg**: beweeg stadig van kant tot kant

*(Doen self die bewegings saam met die leerders. Herhaal met al die diere.)*

Aap draai en **swaai**. Draai, draai, swaai. Draai, draai, swaai.

**swaai**: beweeg jou liggaam van kant tot kan

Olifant **stamp** sy voete. Doef, stamp, stamp. Doef, stamp, stamp.

Juffrou Muis dans op die tippie van haar tone. Draai, draai, punt. Draai, draai, punt.

Die renosterorkes speel die musiek. Da da da da dum. Da da da da dum.

Maar Kameelperd dans nie.

Leeu sien Kameelperd staan en kyk. "Kom dans, Kameelperd," sê Leeu.

"Ek kan nie dans nie," sê Kameelperd. "Die ander diere sal vir my lag."

"Almal kan dans," sê Leeu. "Miskien het jy nog net nie die regte musiek gehoor nie."

Leeu skree vir die renosterorkes: "Speel vinnige musiek vir 'n kameelperd."

Toe speel die orkes vinnige kameelperdmusiek. La la la la laa. La la la la laa.

Al die diere begin om te sing. La la la laa. La la la laa.

Kameelperd begin stadig haar voete beweeg. Sy beweeg haar voete op en af. Stamp, stamp, stamp.

Dan swaai sy haar lang nek van die een kant tot die ander kant. Swaai, swaai, swaai. En skielik dans sy!

*(Kinders kan soos kameelperde dans.)*

Almal juig.

"Sien jy," sê Leeu. "Almal kan dans. Net anders."

**stamp**: voete hard op die grond neersit

# MAANDAG



## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min

**Vorm pare**
- Leer die leerders die dink-pare-deel-roetine vir paarwerk (draai na mekaar, maak beurte om te praat, praat sag, kyk vir mekaar, luister met respek).

**Dink**
- Watter nuus wat verlede naweek gebeur het, wil jy vir jou maat vertel?

**Pare**
- Pare vertel vir mekaar hul nuus en oefen sodoende die roetine.

**Deel**
- Kies 'n paar leerders om hul nuus met die klas te deel.



## HARDOPLEESSTORIE *Diere kan dans*

OG bl. 24 en 25
15 min

**Vóór lees**
- Kyk na die prent op bladsy 13 in die GB.
- Watter diere sien jy dans? Wie dans nie?

**Lees die storie hardop, met uitdrukking, beweging en klankeffekte**
- Moenie ophou lees om die storie te verduidelik of vrae te vra nie. Die doel is dat die leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Ná lees**
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk.
- Laat die leerders toe om op die storie te reageer en ook te sê wat hulle geniet het of waaroor hulle gewonder het.
- Indien die tyd dit toelaat, vra vrywilligers om te wys hoe:
  - die leeu gewieg en geklap het
  - die aap gedraai en geswaai het
  - die kameelperd gestamp en geswaai het.





## AANVANGSKENNIS EN PSW *Maak 'n musiekbottel*

GB bl. 12
30 min

**Lees en bespreek GB, bladsy 12**
- Wat is die opskrif/titel?
- Wat het ons nodig? Lees saam die byskrifte. Bespreek die prent.
- Hoekom is die "wat om te doen"-stappe genommer?

**Berei voor**
- Maak seker jy het genoeg materiaal om 4 musiekbottels te maak om vir die klas te wys en vir elke leerder om die volgende dag hul eie musiekbottel te maak.






## KLANKE Die i-klank

LAB bl. 32
15 min

**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank. Hou die vorm van jou mond dop.
- Wie se naam begin met hierdie klank? Wie se naam het hierdie klank in?

**Identifiseer woorde met die klank**
- Fokus eers op die sleutelwoord in die boonste ry. Leer 'n aksie aan om die leerders te help om die sleutelwoord met die klank te assosieer.
- Lees en bespreek die ander woorde met die klank.
- Die leerders kan nog woorde met die klank gee.

**Demonstreer die letterformasie**
- Gebruik die inligting oor letterformasie op bladsy 34-36 in die *Metodiekgids*.
- Die leerders trek oor die letters met hul vingers en daarna met potlode, deur by die groen kolletjies te begin.


**Lees die sin stadig vir die leerders**
- Die leerders omkring vandag se letter in die sin.





## HANDSKRIF Groot bewegings

15 min





- Sing of speel die liedjie oor die letter.
- Die leerders maak groot bewegings om die letter te vorm wat tydens die klankles aangeleer is – in die lug, op die grond, met verskillende mediums (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Help die leerders om hul bewegings te beskryf terwyl hulle dit doen.



## ONAFHANKLIKE WERK EN GRONDLYNASSESSERING

LAB bl. 36

30 min


Datum

Trek die stippellyne na om elke patroon te voltooi. Kopieer dit dan.

36

**Stel "Tyd saam met Juffrou" bekend**

- Die onderwyser roep die leerders een vir een om saam met haar te werk. Die res van die klas gaan voort met Onafhanklike Werk op bladsy 36 in die LAB.
- Herinner die leerders om hul hande op te steek indien hul iets dringends nodig het.

**Stel die aktiwiteit kortliks bekend**

- Die leerders vind die regte bladsy.
- Vra: Wat, dink jy, moet jy op hierdie bladsy doen?
- Verduidelik die taak.
- Die leerders voltooi die toegekende OW-bladsy.

**Grondlynassessering**

- Die onderwyser roep een leerder op 'n keer vir Grondlynassessering.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 123
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min



**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

- Wys die apparaat en verduidelik hoe om die aktiwiteit by elke stasie te doen.
- Kies leerders om elke aktiwiteit te demonstreer, onder leiding van die onderwyser.
- Die leerders oefen die aktwiteite.
- Indien die tyd dit toelaat, speel 'n speletjie soos vang-vang, krappe-en-kraaie of, wegkruipertjie.



## UITVOERENDE KUNSTE Ritmiese klap

30 min



- Klap 'n ritme. Die leerders doen na.
- Voeg by stamp en klik. Die leerders volg.
- Die leerders bied aan om te lei met hulle eie ritmes.
- Verdeel die klas in die helfte. Een helfte klap 'n ritme, terwyl die ander helfte op die ritme dans. Ruil om.

# DINSDAG



## OGGENDBYEENKOMS

15 min




**Register, kalender, weer**
- Gebruik ’n register en kalender, indien beskikbaar.
- Teken die weer op die weerkaart aan.

**Demonstreer die naamspeletjie**
- Ek is Juffrou May. Die naam May begin met die MMMMMM-klank.
- Wat is jou naam en watter klank hoor jy aan die begin van jou naam?

**Speel die naamspeletjie met ’n paar leerders**

**Dieselfde of verskillende klank?**
- Sê twee klanke (byvoorbeeld, SSS en SSS of LLL en FFF).
- Die leerders wys een vinger indien die klanke dieselfde is, en twee vingers indien hulle ander klanke hoor.
- Herhaal met nuwe klanke.



## LUISTER EN PRAAT

GB bl. 13

15 min




**Wys die prent in die GB op bladsy 13 vir die klas**

**Die leerders gesels oor wat hulle sien**
- Watter diere is in die storie? Wys na die prente.
- Watter dier kan nie dans nie?
- Wat het Leeu gedoen om vir Kameelperd te help om te dans?
- Vra die leerders om te wys hoe die diere gedans het – die klas moet raai watter dier dit is.



## AANVANGSKENNIS EN PSW Volg instruksies

GB bl. 12

15 min




**Die onderwyser maak vier verskillende musiekbottels**
- Lees deur die lys van benodigdhede saam met die klas.
- Vra vrywilligers om dit te identifiseer.
- Lees die instruksies hardop en volg dit sodat die leerders kan sien wat jy doen.

**Speel: Raai wat is in die musiekbottel**
- Pare kom vorentoe.
- Maat 1 skud die musiekbottel sonder om dit te wys.
- Maat 2 raai wat in die musiekbottel was en gee ’n rede vir sy of haar antwoord.



## KLANKE Die i-klank

15 min




- Vra die leerders of hulle die klank kan onthou wat hulle die vorige dag geleer het.
- Onderrig ’n aksie wat met die klank geassosieer word.
- Sing die liedjie vir die letter.
- Die leerders vind die letter op die alfabetkaart. Gesels oor hoof- en kleinletters.
- Vra die leerders of hulle die letter op enige ander plek in die klaskamer kan sien.




## HANDSKRIF Oefen in oefenboeke

15 min



- Die leerders vorm die letter in die lug, op die mat, op mekaar se ruê, op hul handpalms terwyl hulle die handbewegings hardop beskryf.
- Die leerders oefen om die letter in hul oefenboeke te skryf (sien notas op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Loop deur die klas en ondersteun. Let op hul potloodgreep en postuur.



## GEDEELDE LEES (1) *Ons kan dans*

GB bl. 14-16

15 min




**Lees uit die Grootboek**

- Lees *Ons kan dans* vir die klas, wys na die woorde terwyl jy dit sê.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.

**Leer die flitskaartwoorde: seuns, meisies, dans**

- Wys die flitskaart en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaart by 'n woord in die Grootboek.

**Lees weer die storie**



## ONAFHANKLIKE WERK EN GRONDLYNASSESSERING

LAB bl. 37 en 38

30 min




**Onafhanklike Werk**

- Die leerders doen vandag OW 2 en OW 3.
- Verduidelik die aktiwiteite voor hulle begin.

**Grondlynassessering**

- Roep een leerder op 'n keer vir Grondlynassessering (OG bladsy 123).

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 123
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## VISUELE KUNSTE Leerders maak musiekbottels

30 min



- Die leerders maak musiekbottels. Gebruik 'n vel afvalpapier om 'n tregter te maak.
- Gebruik die tregter om die klein voorwerpe in die bottel te gooi.
- Draai die doppie op.
- Bêre dit veilig om die volgende dag te versier.

# WOENSDAG



## OGGENDBYEENKOMS

15 min



**Register, kalender, weer**
- Gebruik 'n register en kalender, indien beskikbaar.
- Teken die weer op die weerkaart aan.

**Demonstreer die naamspeletjie**
- Ek is Juffrou May. Die naam May begin met die MMMMMM-klank.
- Wat is jou naam en watter klank hoor jy aan die begin van jou naam?

**Speel die naamspeletjie met 'n paar leerders**

**Dieselfde of verskillende klank?**
- Sê twee klanke (byvoorbeeld, SSS en SSS of LLL en FFF).
- Die leerders wys een vinger indien die klanke dieselfde is, en twee vingers indien hulle ander klanke hoor.
- Herhaal met nuwe klanke.



## AANVANGSKENNIS EN PSW — Ons is almal verskillend

15 min



**Klasbespreking**
- Die onderwyser wys die 4 demonstrasie-musiekbottels.
- Hoe is die musiekbottels dieselfde?
- Hoe is hulle verskillend?

**Pare praat**
- Hoe is jy dieselfde as ander by die huis of in die klas?
- Hoe is jy verskillend?

**Bespreek**
- Vra 'n paar leerders om te deel hoe hulle dieselfde/ verskillend is.
- Bespreek hoe verskille aanvaar en gerespekteer moet word.



## KLANKE — Luister om die eindklank te hoor

15 min



- Die leerders maak 'n bakkie met hul hande agter hul ore sodat hulle mooi kan luister.
- Sê: Luister, luister baie mooi en duidelik. Wat is die laaste klank wat jy hoor?
- Die onderwyser sê 3 woorde wat met dieselfde klank/lettergreep eindig, byvoorbeeld: d (hond, hoed, hand); k (boek, bok, hek); t (kat, mat, net); s (bus, mus, vis).
- Sê saam: Sê vir my, sê vir my, wat hoor jy?
- Die leerders steek hul hande op. Die onderwyser kies iemand om te antwoord.
- Herhaal die klanke.
- Eindklanke is moeiliker om te hoor as beginklanke of woorde, so dit is dus verstaanbaar indien die leerders dit aan die begin moeilik vind. Probeer om die woord uit te rek en dit stadig te sê, met beklemtoning op die eindklank. Neem 'n rekkie en rek dit uit terwyl jy die woord stadig sê. Dit sal help dat sommige leerders die eindklank makliker hoor.




## HANDSKRIF — Fynmotoriese vaardighede

LAB bl. 33

15 min





- Wys vir die klas die prent van Kameelperd op bladsy 13 in die GB. Praat oor die kleur.
- Gee vir elke leerder 'n vel geel en bruin papier.
- Die leerders skeur die papier in klein stukkies op en plak die stukkies op die kameelperd op bladsy 33 in die LAB.



## GEDEELDE LEES (2) *Ons kan dans*

GB bl. 14-16
15 min




**Lees uit die Grootboek**

- Lees *Ons kan dans* vir die klas. Die leerders lees saam soos hulle kan.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees weer die storie as 'n klas.

**Identifiseer letters tot dusver aangeleer**

- Die leerders wys die letters uit wat reeds aangeleer is.

**Hersien die flitskaartwoorde: seuns, meisies, dans**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaart by 'n woord in die Grootboek



## GEDEELDE SKRYF Ons kan dans

15 min




**Mondeling**

- 3-5 leerders gee sinne wat met "Ek kan ..." begin (byvoorbeeld: Ons kan vinnig/mooi op die musiek dans).

**Skryf sinne**


- Kies een van die leerders se sinne.
- Skryf dit op die bord deur elke woord te sê terwyl jy dit skryf.
- Praat oor klanke en spelling, leestekens en spasies tussen woorde terwyl jy dit skryf.

**Lees die sinne saam**



## ONAFHANKLIKE WERK EN GRONDLYNASSESSERING

LAB bl. 39 en 40
30 min




**Onafhanklike Werk**

- Die leerders doen OW 4 en OW 5 vandag.
- Verduidelik die aktiwiteite voor hulle begin.

**Grondlynassessering**

- Roep een leerder op 'n keer vir Grondlynassessering (OG bladsy 123).

**Nasienriglyn:**
Sien bladsy 123
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## VISUELE KUNSTE Versier musiekbottels

30 min



**Demonstreer 'n collage**

- Wys hulle hoe om papier op te skeur en dit op die musiekbottel te plak.

**Die leerders versier hul musiekbottels**

- Moedig hulle aan om hul musiekbottels spesiaal te maak.

# DONDERDAG



## OGGENDBYEENKOMS

15 min

**Register, kalender, weer**
- Gebruik 'n register en kalender, indien beskikbaar.
- Teken die weer op die weerkaart aan.

**Demonstreer die naamspeletjie**
- Ek is Juffrou May. Die naam May begin met die MMMMMM-klank.
- Wat is jou naam en watter klank hoor jy aan die begin van jou naam?

**Speel die naamspeletjie met 'n paar leerders**

**Dieselfde of verskillende klank?**
- Sê twee klanke (byvoorbeeld, SSS en SSS of LLL en FFF).
- Die leerders wys een vinger indien die klanke dieselfde is, en twee vingers indien hulle ander klanke hoor.
- Herhaal met nuwe klanke.



## LUISTER EN PRAAT

15 min

- Onderrig die liedjie en maak toepaslike aksies op.

**Dansers**
Een, twee, drie klein dansers,
vier, vyf, ses klein dansers,
sewe, agt, nege klein dansers,
tien klein kinders dans.



## KLANKE Geheime woorde (mondeling)

15 min

- Sê 'n eenvoudige woord (bv. s-o-n).
- Klap die klanke (bv. s-o-n).
- Vra vrae: Wat is die **laaste klank**?
- As ek die laaste klank **weghaal**, wat kry ek? (so-)
- As ek die laaste klank **verander** na (p) wat kry ek? (s-o-p)
- Herhaal met ander woorde. Dit hoef nie 'n regte woord te wees nie.
- Doen die aktiwiteit met die hele klas asook met individue.
- Indien die leerders sukkel, gebruik verskillende gekleurde tellers om die klank te verteenwoordig. Wys na elke teller terwyl jy die klank sê en verwyder dan die laaste teller en vra die leerders om te sê wat oorgebly het.





## HANDSKRIF Trek patrone na

LAB bl. 34
15 min

- Trek die lyne na om dier met sy kos te verbind.
- Loop deur die klas en neem waar. Let op hul potloodgreep en postuur.






## GEDEELDE LEES (3) *Ons kan dans*

GB bl. 14-16
15 min

**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Ons kan dans* vir die klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae op bladsy 16.

**Lees weer die storie as 'n klas**

**Hersien die flitskaartwoorde: seuns, meisies, dans**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.
- Plaas die flitskaarte teen die woordmuur.





## ONAFHANKLIKE SKRYF

**Ek kan dans ...**

**LAB bl. 35**
**15 min**





- Skryf die sinsbeginners op die bord: Ek kan dans ...
- Die leerders skryf en voltooi die sinsbeginners. Moedig hulle aan om 'n kans met skryf te waag.
- Hulle teken 'n prent van dans.
- Loop deur die klas en ondersteun die leerders: Vra:
  - Lees dit vir my.
  - Watter klank maak hierdie letter?



## ONAFHANKLIKE WERK EN GRONDLYNASSESSERING

**LAB bl. 41 en 42**
**30 min**




**Onafhanklike Werk**

- Die leerders doen vandag OW 6 en OW 7.
- Verduidelik die aktiwiteite voor hulle begin.

**Grondlynassessering**

- Roep een leerder op 'n keer vir Grondlynassessering (OG bladsy 123).

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 123
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

**30 min**



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## UITVOERENDE KUNSTE

**Dans**

**30 min**



**Groepe berei voor**

- Berei 'n dans voor.
- Gebruik jul musiekbottels.

**Voer op**

- Veels geluk!



## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Hersien die dink-pare-deel-roetine**

**Dink**
- Watter nuus wil jy graag deel oor iemand in jou familie?

**Pare**
- Pare vertel hul nuus vir mekaar deur die paarwerk-roetine te gebruik.

**Deel**
- Kies 'n paar leerders om hul nuus met die klas te deel.



## KLANKE Klankbal

15 min



- Skryf letters wat aangeleer is op 'n bal met 'n permanente merker. Onderstreep letters wat verwarring meebring soos b/d/p sodat dit duidelik is wat die letter is.
- Staan of sit in 'n kring en gooi/rol die bal na 'n leerder.
- Hulle moet die klank of die letter sê wat die naaste aan hulle duim is asook 'n woord met daardie klank.



## ONAFHANKLIKE SKRYF Deel jou skryfwerk

LAB bl. 35
15 min


Datum

Teken 'n prent van iemand wat dans.
Kopieer een sin. Skryf jou naam.

Naam:

Donderdag 35


**Pare**
- Deel jou prent met jou maat.
- Vertel vir mekaar wat julle geteken het.
- Lees jou sin vir jou maat.

**Kies 'n paar leerders om hul nuus met die klas te deel**



## ONAFHANKLIKE WERK EN GRONDLYNASSESSERING

LAB bl. 43
30 min


Datum

Maak 'n kruis op die prent in elke ry wat met 'n verskillende klank begin.

43

**Onafhanklike Werk**
- Die leerders doen vandag OW 8.
- Verduidelik die aktiwiteite voor hulle begin.

**Grondlynassessering**
- Roep een leerder op 'n keer vir Grondlynassessering (OG bladsy 123)

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 123
**Punte:** 5

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Dink na oor die week**

- Waarvan het jy gedurende jou eerste weke by die skool gehou?
- Waarvan het jy nie gehou nie?

**Sien Onafhanklike Werk na**

- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

15 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **gereageer op leerders**
- **LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en enige les wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en enige leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**

- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een, onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorber

## OORSIG VAN DIE WEEK



# Ek en my vriende

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

| | | |
|---|---|---|
| koek | hou van | middagete |

## RIGLYNE VIR ONAFHANKLIKE WERK EN GRONDLYNASSESSERING

**Verdeel die klas in 4 groepe. Groepe raak gewoond daaraan om verskillende OW-bladsye te voltooi terwyl die onderwyser Grondlynassessering met individue doen. (Assesseer hierdie week die tweede helfte van die klas.)**
**Gebruik Grondlynassesseringuitslae om die klas teen Vrydag in 5 kleiner groepe te verdeel.**

| | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| **Groep 1** | OW 1 en OW 2 | OW 3 en OW 4 | OW 5 en OW 6 | OW 7 en OW 8 | Stel GBL-groepe bekend |
| **Groep 2** | OW 3 en OW 4 | OW 5 en OW 6 | OW 7 en OW 8 | OW 1 en OW 2 | |
| **Groep 3** | OW 5 en OW 6 | OW 7 en OW 8 | OW 1 en OW 2 | OW 3 en OW 4 | |
| **Groep 4** | OW 7 en OW 8 | OW 1 en OW 2 | OW 3 en OW 4 | OW 5 en OW 6 | |

## ASSESSERING

Taakbesonderhede en nasienrubrieke is agterin hierdie boek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Dinsdag–Donderdag** | Aanvangskennis 1: Daaglikse weer | Mondeling, prakties | Rubriek bl. 129 |
| **Maandag–Vrydag** | Aanvangskennis 2: Klaskamer-roetines | Prakties | Rubriek bl. 129 |
| **Maandag–Vrydag** | Luister en Praat 1: Persoonlike ervaringe | Individuele mondeling (assesseer hierdie week ⅙ van die klas) | Rubriek bl. 125 |
| **Maandag–Vrydag** | Luister en Praat 2: Uitvoering van liedjie/gedig | Groep prakties (assesseer hierdie week ⅙ van die klas) | Rubriek bl. 125 |


## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- verskillende soorte vrugte
- apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

**Hardopleesstorie**
- *Die sirkelspeletjie*

**Groepwerk**
- *Speel Die sirkelspeletjie*

**Liedjie**
- *Ons is goeie vriende*
- Luister en Praat Assessering 1 (persoonlike ervaringe): ⅙ van die klas





**Gedeelde Lees**
- *Ons hou van koek*
- Konsepte van gedrukte teks
- Punte en uitroeptekens

**Liggaamsopvoeding**
- Aktiwiteitstasies










**Groepbegeleide Lees**
- Grondlynassessering: voltooi assessering
- Onafhanklike Werk: 8 OW-bladsye
- Stel GBL-groepe bekend





**Skryf**
- Ek hou van ...
- Teken 'n prent en skryf 'n opskrif

**Visuele Kunste**
- Teken vrugte en groente

**Uitvoerende Kunste**
- Ons is maats
- Raai wat is ek





**Klanke**
- Fonologiese bewustheidsaktiwiteite
- Klank – **t**

**Handskrif**
- Letter – **Tt**

**Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welsyn**
- Gebruik 'n tabel om te vergelyk
- Sortering van vrugte en groente
- Om te deel is om om te gee

# Die sirkelspeletjie



Vroegoggend het die onderwyser al die kinders buitentoe geneem.

Sy het 'n groot **sirkel** met 'n stok in die sand getrek. Toe sê sy:

"Ons gaan vandag die sirkelspeletjie speel. Ek wil hê dat julle om die rand van die sirkel moet staan. Dan sal ek 'n vraag vra. Elkeen moet een antwoord **kies**. Net een."

Die onderwyser het die eerste vraag gevra: "Hou jy van honde of hou jy van katte? Almal wat van honde hou, spring in die sirkel. **Kyk rond** om te sien wie ook van honde hou. Spring terug. Nou, almal wat van katte hou, spring in die sirkel. Kyk weer rond. Spring terug." (*Wat sou julle gekies het? Katte of honde?*)

Toe vra die onderwyser ander vrae:

Hou jy van lemoene of hou jy van appels? *(Wat sou julle gekies het?)*

Hou jy van koek of hou jy van lekkers? *(Wat sou julle gekies het?)*



**WOORDESKAT**

**sirkel:** 'n ronde vorm

**kies:** te besluit watter een

**kyk rond:** kyk oral om jou

Hou jy van grondboontjiebotter of hou jy van konfyt? (*Wat sou julle gekies het?)*

Die leerders het dit geniet om in en uit die sirkel te spring. Aan die einde het hul onderwyser gesê: "Dink mooi wie elke keer dieselfde keuse as jy gemaak het."

"Elke keer as ek in die sirkel was, was die nuwe seun, Mamello, ook in die sirkel," het Tomas gesê.

Toe vra die onderwyser: "Dink nou aan jou vriende. Was hulle altyd in die sirkel op dieselfde tyd as jy?"

Tessa het geantwoord: "Pretty en ek is beste vriende. Maar ek was nog nooit in die sirkel saam met haar nie."

"Wat het julle uit hierdie speletjie geleer?" het hul onderwyser gevra.

"Ek het geleer dat ek miskien nuwe vriende in my klas kan maak," het Tomas geantwoord. Hy het aan Mamello gedink.

"Ek het geleer dat ons van verskillende goed kan hou, maar nog steeds vriende kan wees," het Tessa geantwoord. Sy het aan haar vriendin Pretty gedink.

# MAANDAG

## OGGENDBYEENKOMS Nuus

**15 min**

**Stel die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB bekend**
- Gesels oor watter inligting ingesluit moet word as ons nuus vertel (sien die *My nuus*-raam op die agteromslag).


**Dink**
- Watter nuus kan jy deel oor iets wat hierdie naweek gebeur het?

**Pare**
- Vertel vir jou maat jou nuus.

**Deel**
- Kies 'n paar leerders met selfvertroue om hul nuus vir die klas te vertel.
- Reageer en moedig hulle aan om meer besonderhede te gee.

## LUISTER EN PRAAT Speel *Die sirkelspeletjie*

**15 min**



**Neem die leerders buitentoe**
- Trek 'n groot sirkel op die grond.
- Die leerders staan aan die buitekant van die sirkel.

**Noem twee goed. Die leerders kies waarvan hulle die meeste hou**
- Byvoorbeeld: Hou jy van lemoene of appels? Hou jy van katte of honde?

**Die leerders spring in die sirkel**
- As jy appels kies, spring in die sirkel. Wie is saam met jou in die sirkel? Spring terug.
- As jy lemoene kies, spring in die sirkel. Wie is saam met jou in die sirkel? Spring terug.

**Herhaal met ander voorbeelde**

**Bespreek**
- Wie was elke keer saam met jou in die sirkel?
- Hou jou vriende altyd van dieselfde goed as jy?
- Wat het jy geleer?

## AANVANGSKENNIS EN PSW *Kom ons vergelyk*

**GB bl. 17**
**30 min**
**LAB p. 49**



Kom ons vergelyk

| | Grootte | Vorm | Kleur |
|---|---|---|---|
| waatlemoen | groot | | |
| pynappel | groot | | |
| piesang | medium | | |
| lemoen | medium | | |
| druiwe | klein | | |


17

**Lees bladsy 17 uit die Grootboek saam**
- Hierdie is 'n tabel. Dit vergelyk verskillende vrugte.
- Lees die bladsy saam met die leerders. Vra die vrae in die GB.
- Gee stukkies vrugte vir die leerders en laat hulle vergelyk hoe dit voel en ruik.
- Onthou, die Grootboek-bladsye is ook in die LAB so die leerders kan volg terwyl jy lees.

**Paarwerk**
- Elke leerder kies twee vrugte.
- Vertel vir jou maat twee maniere hoe dit dieselfde is.
- Vertel twee maniere hoe dit verskillend is.
- Klaswerk: Hoe het ons die vrugte vergelyk?

## KLANKE Die **t**-klank

**LAB bl. 50**
**15 min**




**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank. Hou die vorm van jou mond dop.
- Wie se naam begin met hierdie klank? Wie se naam het hierdie klank in?
- Kyk hoe die letter geskryf is.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Fokus eers op die sleutelwoord in die boonste ry. Leer 'n aksie aan om die leerders te help om die sleutelwoord met die klank te assosieer.
- Lees en bespreek die ander woorde met die klank.
- Die leerders kan nog woorde met die klank gee.

**Demonstreer die letterformasie**
- Gebruik die inligting oor letterformasie op bladsy 34-36 in die *Metodiekgids*.
- Die leerders trek oor die letters met hulle vingers en daarna met potlode, deur by die groen kolletjies te begin.


**Lees die sin stadig vir die leerders**
- Die leerders omkring vandag se letter in die sin.



## HANDSKRIF Groot bewegings

**15 min**

- Sing of speel die liedjie oor die letter.
- Die leerders maak groot bewegings om die letter wat in klankles aangeleer is te vorm – in die lug, op die grond, met verskillende mediums (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Help die leerders om hulle bewegings te beskryf terwyl hulle dit doen.






## ONAFHANKLIKE WERK EN GRONDLYNASSESSERING

**LAB bl. 57-64**
**30 min**

**Deel die klas in 4 groepe by hul lessenaars**

- Verduidelik dat elke groep verskillende OW-bladsye vandag gaan doen, maar dat hulle alle bladsye teen die einde van die week sal voltooi.
- Gee 2 bladsye aan elke groep, soos in die tabel.

| Groep 1 | Groep 2 | Groep 3 | Groep 4 |
|---|---|---|---|
| OW 1 en OW 2 | OW 3 en OW 4 | OW 5 en OW 6 | OW 7 en OW 8 |



**Onafhanklike Werk**

- Verduidelik die taak.

**Grondlynassessering**

- Gaan voort om die leerders een vir een te roep vir Grondlynassessering (OG bladsy 123).

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 123
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**30 min**

**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

- Wys die apparaat en verduidelik hoe om die aktiwiteit by elke stasie te doen.
- Kies leerders om elke aktiwiteit te demonstreer, onder leiding van die onderwyser.
- Die leerders oefen die aktwiteite.
- Indien die tyd dit toelaat, speel 'n speletjie soos vang-vang, krappe-en-kraaie of, wegkruipertjie.





## VISUELE KUNSTE Teken vrugte of groente

**30 min**

**Jy het voorbeelde van verskillende vrugte of groente nodig.**

**Ondersoek die voorbeelde**

- Verduidelik dat skilders goeie waarnemers is. Die leerders moet goed waarneem voordat hulle teken.
- Versprei die voorbeelde van vrugte of groente.
- Let op na die vorm, kleur van verskillende dele, kneusplekke en so meer.

**Teken**

- Teken 'n vrug/groente. Wys die kenmerke wat jy geïdentifiseer het.
- Jou tekening moet oor die hele bladsy wees.
- Gebruik kryte om die prent in te kleur.



# DINSDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min




**Register, kalender, weer**

- Gebruik 'n register en kalender, indien beskikbaar.
- Teken die weer op die weerkaart aan.

**Demonstreer die naamspeletjie**

- Ek is Juffrou May. Die naam May begin met die MMMMMM-klank.
- Wat is jou naam en watter klank hoor jy aan die begin van jou naam?

**Speel die naamspeletjie met 'n paar leerders**

**Dieselfde of verskillende klank?**

- Sê twee klanke (byvoorbeeld, SSS en SSS of LLL en FFF).
- Die leerders wys een vinger indien die klanke dieselfde is, en twee vingers indien hulle ander klanke hoor.
- Herhaal met nuwe klanke.

## HARDOPLEESSTORIE *Die sirkelspeletjie*

OG bl. 38 en 39
15 min



**Vóór lees**

- Weet julle wat 'n sirkel is?
- Wie kan een op die bord teken?

**Lees die storie hardop, met uitdrukking**


- Moenie ophou lees om die storie te verduidelik of vrae te vra nie. Die doel is dat die leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Ná lees**

- Laat die leerders toe om op die storie te reageer en ook te sê wat hulle geniet het of waaroor hulle gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk.
- Indien die tyd dit toelaat, vra:
  - Van watter dinge hou beide jy en jou vriend?
  - Waarvan hou jy, waarvan jou vriend nie hou nie?

## AANVANGSKENNIS EN PSW Vrugte en groente

LAB bl. 51
15 min




**Gesels oor vrugte en groente**

- Kyk na die voedselsoorte onder die bokse. Is dit groente of vrugte?
- Trek 'n lyn vanaf elke voedselsoort na die regte boks.
- Kontroleer saam.

**Pare**

- Gesels oor wat julle die vorige dag geëet het.

**Deel**

- Vra 'n paar leerders:
  - Watter vrugte het jy geëet?
  - Watter groente het jy geëet?
  - Wat is jou gunsteling?

## KLANKE Die **t**-klank

15 min




- Vra die leerders of hulle die klank kan onthou wat hulle die vorige dag geleer het.
- Onderrig 'n aksie wat met die klank geassosieer word. Byvoorbeeld: Die leerders kan op die ritme dans: "t-t-t-t".
- Sing die liedjie vir die letter.
- Die leerders vind die letter op die alfabetkaart. Gesels oor hoof- en kleinletters.
- Vra die leerders of hulle die letter op enige ander plek in die klaskamer kan sien.




## HANDSKRIF — Oefen in oefenboeke

15 min

- Die leerders vorm die letter in die lug, op die grond met verskillende mediums (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Die leerders oefen om die letter in hul oefenboeke te skryf.
- Loop deur die klas en ondersteun. Let op hul potloodgreep en postuur.





## GEDEELDE LEES (1) — *Ons hou van koek*

GB bl. 18-21

15 min

**Lees uit die Grootboek**

- Lees *Ons hou van koek* vir die klas.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.

**Leer die flitskaartwoorde: middagete, koek, hou van**

- Wys die flitskaart en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaart by 'n woord in die Grootboek.

**Lees weer die storie**






## ONAFHANKLIKE WERK EN GRONDLYNASSESSERING

LAB bl. 57-64

30 min

**Onafhanklike Werk**

- Die leerders werk in dieselfde groepe as die vorige dag.
- Verduidelik dat elke groep die volgende twee bladsye in die LAB gaan doen.
- Kontroleer of elke groep die bladsye kan identifiseer wat hulle moet doen.
- Verduidelik die aktiwiteit voordat hulle begin.

| Groep 1 | Groep 2 | Groep 3 | Groep 4 |
|---|---|---|---|
| OW 3 en OW4 | OW 5 en OW 6 | OW 7 en OW 8 | OW 1 en OW 2 |



**Grondlynassessering**

- Gaan voort om die leerders een vir een te roep vir Grondlynassessering (OG bladsy 123).

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 123
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

30 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**





## VISUELE KUNSTE — Prent van vrugte of groente

30 min

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboek doen.

- Voltooi die tekening van die vorige dag.
- Voeg 'n interessante agtergrond by die tekening.
- Stal die kunswerk in die klas uit.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## WOENSDAG

### OGGENDBYEENKOMS

15 min

**Register, kalender, weer**
- Gebruik 'n register en kalender, indien beskikbaar.
- Teken die weer op die weerkaart aan.

**Demonstreer die naamspeletjie**
- Ek is Juffrou May. Die naam May begin met die MMMMMM-klank.
- Wat is jou naam en watter klank hoor jy aan die begin van jou naam?

**Speel die naamspeletjie met 'n paar leerders**

**Dieselfde of verskillende klank?**
- Sê twee klanke (byvoorbeeld, SSS en SSS of LLL en FFF).
- Die leerders wys een vinger indien die klanke dieselfde is, en twee vingers indien hulle ander klanke hoor.
- Herhaal met nuwe klanke.



### AANVANGSKENNIS EN PSW — Om te deel is om om te gee

LAB bl. 52
15 min

- Kyk noukeurig na al die leerders in die prent op bladsy 52 in die LAB.
- Gesels oor wat jy sien. Beantwoord hierdie vrae:
  - Wat dink jy gebeur hier?
  - Hoekom, dink jy, het die een leerder geen lekkernye nie?
  - Hoe voel jy wanneer jy nie geld het om lekkernye te koop om met jou maats te deel nie?
  - Wat sal die gaafste ding wees om te doen in hierdie situasie?
  - Wát as die persoon nie regtig wil deel nie?
  - Watter dinge doen maats as hulle regtig vir mekaar omgee?




### KLANKE — Luister om die eindklank te hoor

15 min

**Die onderwyser sing op die wysie van *Mary had a little lamb***
Sê die klank aan die einde van die woord,
einde van die woord, einde van die woord.
Sê die klank aan die einde van die woorde: kam, lam, dam.

**Die leerders identifiseer en sê die klank (mmmm)**
- Die onderwyser wys duime op en sing:
  - (mmm) is die klank aan die einde van die woord,
  - einde van die woord, einde van die woord.
  - (mmm) is die klank aan die einde van die woorde: kam, lam, dam.




### HANDSKRIF — Fynmotoriese vaardighede

LAB bl. 53
15 min

- Gee vir elke leerder 'n supermark-advertensieblad, skêr en gom.
- Die leerders knip die goed uit wat hulle graag in hul kosblik wil hê en plak dit in die LAB.
- Ondersteun die leerders wat sukkel om 'n skêr te gebruik en voorsien hulle van baie knipgeleenthede om te oefen.





## GEDEELDE LEES (2) *Ons hou van koek*

GB bl. 18-21

15 min




**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Ons hou van koek* vir die klas. Die leerders lees saam waar hulle kan.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees weer die storie as 'n klas.

**Identifiseer die letters tot dusver aangeleer**
- Die leerders wys na die letters wat hulle reeds aangeleer het.

**Hersien die flitskaartwoorde: middagete, koek, hou van**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by die woorde in die Grootboek.



## GEDEELDE SKRYF Ek hou van ...

15 min




**Mondeling**
- 3-5 leerders gee sinne oor dit wat waarvan hulle hou om te eet, en begin met "Ek hou van ..."

**Die onderwyser skryf sinne**
- Skryf twee van die leerders se sinne op die bord.
- Sê elke woord terwyl jy dit skryf.
- Praat oor klanke en spelling, leestekens en spasies tussen woorde terwyl jy skryf.

**Lees die sinne saam**



## ONAFHANKLIKE WERK EN GRONDLYNASSESSERING

LAB bl. 57-64

30 min

**Onafhanklike Werk**
- Die leerders werk in dieselfde groepe.
- Vra elke groep watter bladsye hul die vorige dag voltooi het.
- Kontroleer of elke groep die bladsye kan identifiseer wat hulle moet doen.
- Verduidelik die aktiwiteit voordat hulle begin.

| Groep 1 | Groep 2 | Groep 3 | Groep 4 |
|---|---|---|---|
| OW 5 en OW 6 | OW 7 en OW 8 | OW 1 en OW 2 | OW 3 en OW 4 |

**Nasienriglyn:**
Sien bladsy 123
**Punte:** 5

**Grondlynassessering**
- Gaan voort om die leerders een vir een te roep vir Grondlynassessering (OG bladsy 123).



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Deel die klas in vier groepe.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Wys die apparaat en verduidelik hoe om die aktiwiteit by elke stasie te doen.
- Die leerders oefen die aktwiteit.

**Koel af**



## UITVOERENDE KUNSTE Friends

30 min

**Onderrig 'n liedjie om 'n maat te vind: *Ons is maats***

**Soek verskillende maats**
- Soek 'n maat van 'n ander groep.
- Soek 'n maat van die teenoorgestelde geslag.
- Soek 'n maat wie se naam met dieselfde klank as joune begin.

**Vertel vir jou maat iets oor jouself**
- Vertel hoe oud jy is.
- Vertel waarmee jy goed is.
- Vertel waar jy woon.
- Vertel die naam van jou ouma.

**Ons is maats**
(Wysie: *Barney: I love you*)
Ek en jy,
Ons is maats.
Ons kan sing en lag en praat.
Met 'n maat soos jy
kan ons heeldag saam bly.
Ons is maats.
Dis rêrig waar.

# DONDERDAG



## OGGENDBYEENKOMS

15 min

**Register, kalender, weer**
- Gebruik 'n register en kalender, indien beskikbaar.
- Teken die weer op die weerkaart aan.

**Demonstreer die naamspeletjie**
- Ek is Juffrou May. Die naam May begin met die MMMMMM-klank.
- Wat is jou naam en watter klank hoor jy aan die begin van jou naam?

**Speel die naamspeletjie met 'n paar leerders**

**Dieselfde of verskillende klank?**
- Sê twee klanke (byvoorbeeld, SSS en SSS of LLL en FFF).
- Die leerders wys een vinger indien die klanke dieselfde is, en twee vingers indien hulle ander klanke hoor.
- Herhaal met nuwe klanke.



## LUISTER EN PRAAT Aksierympie

15 min

**Ons is maats (Wysie:** *Barney: I love you***)**

Ek en jy,
Ons is maats.
Ons kan sing en lag en praat.

Met 'n maat soos jy
kan ons heeldag saam bly.
Ons is maats.
Dis rêrig waar.



## KLANKE Geheime woorde

15 min

- Jy het 'n kousmarionet en 'n sakkie met voorwerpe of prente nodig.
- Die marionette kyk in die sakkie en sê 'n woord wat in klanke opgebreek is, byvoorbeeld: b-o-e-k.
- Die leerders moet probeer raai wat die marionet besig is om te sê.
- Dan wys die marionette die voorwerp vir die klas.
- Na 'n paar keer kan jy die leerders vra om die marionet te gebruik en die woorde in lettergrepe op te breek. (lek-ker)






## HANDSKRIF Oefen om jou naam te skryf

LAB bl. 54
15 min

- Maak seker dat elke leerder 'n naamkaartjie op hul lessenaars het om te kopieer, indien nodig.
- Die leerders skryf hul name op die prente van hul besittings.






## GEDEELDE LEES (3) *Ons hou van koek*

GB bl. 18-21
15 min

**Lees uit die Grootboek**
- Lees die hele storie *Ons hou van koek* saam met die klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae op bladsy 21.
- Lees die storie weer saam met die klas.

**Hersien die flitskaartwoorde: middagete, koek, hou van**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by die woorde in die Grootboek.
- Plaas die flitskaarte teen die woordmuur.





## ONAFHANKLIKE SKRYF
Ek hou van ...

LAB bl. 55

15 min




**Voltooi bladsy 55 in die LAB**
- Vertoon die sinsbeginner “Ek hou van ...” op die bord.
- Die leerders teken iets waarvan hulle hou om te eet.
- Hulle skryf ’n onderskrif vir die tekening, en begin met “Ek hou van ...”.
- Moedig hulle aan om so goed soos hulle kan te probeer skryf.



## ONAFHANKLIKE WERK EN GRONDLYNASSESSERING

LAB bl. 57-64

30 min



**Onafhanklike Werk**
- Die leerders werk in dieselfde groepe.
- Vra elke groep watter bladsye hulle die vorige dag voltooi het.
- Kontroleer of elke groep die bladsye kan identifiseer wat hulle moet doen.
- Verduidelik die aktiwiteit voordat hulle begin.

| Groep 1 | Groep 2 | Groep 3 | Groep 4 |
|---|---|---|---|
| OW 7 en OW 8 | OW 1 en OW 2 | OW 3 en OW 4 | OW 5 en OW 6 |

**Grondlynassessering**
- Gaan voort om die leerders een vir een te roep vir Grondlynassessering (OG bladsy 123).

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 123
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING
Aktiwiteitstasies

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## UITVOERENDE KUNSTE
Raai wat ek is

30 min

**Berei voor in groepe van 5**
- Kies een gunstelingvoorwerp wat julle in geneem het.
- Dinkskrum oor ’n manier hoe julle dit kan opvoer. Julle mag nie die naam van die voorwerp hardop sê nie.
- Oefen.

**Voer op**
- Die klas kyk en probeer raai wat die groep se gunstelingvoorwerp is.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees en werk uit die DBO-werkboek.



# VRYDAG

## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Berei voor**
- Hersien die *My nuus*-raam.
- Gee vir die klas 'n onderwerp waaroor hulle hul nuus moet vertel ('n vriend, 'n troeteldier, 'n sportwedstryd wat hulle gekyk of gespeel het).

**Dink**
- Watter nuus wil jy oor hierdie onderwerp deel?

**Pare**
- Pare vertel hul nuus vir mekaar deur die paarwerk-roetine te gebruik.

**Deel**
- Kies 'n paar leerders om hul nuus met die klas te deel.

## KLANKE Vul die klanke in om die woorde te voltooi

LAB bl. 56

15 min




**Die hele klas**
- Kyk na al die prente.
- Sê die woorde en identifiseer die ontbrekende klanke mondelings.

**Op jou eie**
- Skryf die ontbrekende klanke op die lyne.

## ONAFHANKLIKE SKRYF Deel jou skryfwerk

LAB bl. 55

15 min




**Pare**
- Wys vir mekaar jul tekening en gesels daaroor.
- Vra vrae oor dit wat jy kan sien.
- Luister na jou maat. Lees sy of haar naam.

**Kies 'n paar leerders om hul skryfwerk met die klas te deel**

## ONAFHANKLIKE WERK Berei voor vir GBL

30 min



**Berei voor**
- Gebruik Grondlynassesseringuitslae om die klas in vyf groepe met soortgelyke behoeftes te verdeel.
- Maak 'n plakkaat met die name van al die leerders in elke groep.
- Elke groep werk twee keer per week vir 15 minute saam met die onderwyser. Skryf die dae vir elke groep op die plakkaat.

**Stel die GBL-groepe bekend**
- Verduidelik dat vanaf die volgende week kleiner groepe saam met die onderwyser gaan werk terwyl die res van die leerders met hul Onafhanklike Werk voortgaan.
- Vertoon die plakkaat met die GBL-groepe. Maak seker groepe weet watter dae hulle GBL is.
- Laat toe dat elke groep 'n leier kies om hulle te help om mat toe te beweeg.
- Elke groep oefen om mat toe te beweeg en terug te keer na hul lessenaars.



## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Dink na oor die week**
- Waarvan het jy gedurende jou eerste weke by die skool gehou?
- Waarvan het jy nie gehou nie?

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

15 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees en werk uit die DBO-werkboek.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders**
- **LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en enige les wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en enige leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een, onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorber

## OORSIG VAN DIE WEEK

# Ek en my vriende



### VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

help | vriende | groot | klein

### RIGLYNE VIR ONAFHANKLIKE WERK

| GBL: Konsepte van gedrukte teks – een sessie van 30 minute vir elke groep OW: 8 bladsye | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Maandag | | Dinsdag | | Woensdag | | Donderdag | | Vrydag | |
| **Groep A** | **GBL saam met die onderwyser** | | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep B** | OW 1 | OW 2 | **GBL saam met die onderwyser** | | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep C** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | **GBL saam met die onderwyser** | | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep D** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | **GBL saam met die onderwyser** | | OW 7 | OW 8 |
| **Groep E** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 | **GBL saam met die onderwyser** | |

### ASSESSERING

Taakbesonderhede en nasienrubrieke is agterin hierdie boek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Dinsdag–Donderdag** | Aanvangskennis 1: Daaglikse weer | Mondeling, prakties | Rubriek bl. 129 |
| **Maandag–Vrydag** | Aanvangskennis 2: Klaskamer-roetines | Prakties | Rubriek bl. 129 |
| **Maandag–Vrydag** | Luister en Praat 1: Persoonlike ervaringe | Individuele mondeling (assesseer hierdie week ⅙ van die klas) | Rubriek bl. 125 |
| **Maandag–Vrydag** | Luister en Praat 2: Uitvoering van liedjie/gedig | Groep Prakties (assesseer hierdie week ⅙ van die klas) | Rubriek bl. 125 |
| **Maandag** | Visuele Kunste 1: Portret | Individueel | Rubriek bl. 129 |
| **Donderdag** | Uitvoerende Kunste 1: *Gumboot*-dans | Groepe | Rubriek bl. 129 |


### BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- papier
- verf
- handspieëls
- apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

**Hardopleesstorie**
- *Leeu en Muis*

**Rolspel**
- *Leeu en Muis*

**Liedjie**
- *Wippie en Snippie*
- Luister en Praat Assessering 1 (persoonlike ervaringe): ⅙ van die klas





**Gedeelde Lees**
- *Leeu en Muis*

**Liggaamsopvoeding**
- Aktiwiteitstasies










**Groepbegeleide Lees**
- Konsepte van gedrukte teks: 1 groep per dag
- Onafhanklike Werk: 8 OW-bladsye





**Skryf**
- Volgorde van storie
- Kopieer ’n sin en teken ’n prent

**Visuele Kunste**
- Visuele Kunste Assessering 1: Teken ’n portret
- Krabbelpatrone

**Uitvoerende Kunste**
- Uitvoerende Kunste 1: *Gumboot-*dans




**Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welsyn**
- Lees ’n kaart
- Gee instruksies
- Help ander



**Klanke**
- Fonologiese bewustheidsaktiwiteite
- Klank – **e**

**Handskrif**
- Letter – **Ee**

# Leeu en Muis





In Afrika stap Leeu een dag op 'n paadjie deur die lang gras. Hy het pas sy middagete geëet en voel baie **versadig** en gelukkig. Daar was 'n poeletjie water in die paadjie omdat dit gereën het.

Net toe sien hy 'n klein muisie wat in die **modderige** water spartel. Die muis roep in sy sagte stem: "Help my. Help my. Help my, asseblief! Ek verdrink!"

Leeu gaan staan stil. Toe sit hy sy groot **poot** in die modderige water. Die muis sit sy pote op Leeu en klim uit die water. Leeu sit Muis saggies op die droë grond neer.

Muis was nat en het gebewe, maar hy bedank Leeu: "Dankie, Leeu. Die water was te diep vir my en jy het my gered. Miskien sal ek jou eendag kan help."

Leeu lag: "My plesier, Muis. Maar jy is te klein en swak om my ooit te help."

**WOORDESKAT**

**versadig:** vol

**modderige:** water en sand

**poot:** dier se hand/voet

Die volgende week het jagters na Afrika gekom. Hulle het groot nette gehad waarmee hulle die wilde diere vang. Leeu was in een van die nette vasgevang. Hy het gespartel en gespartel, maar hy kon net nie vry kom nie. Hy het geweet die jagters sal terugkom om hom te vang en na 'n dieretuin te neem. Hy brul met sy groot stem: "Help my. Help my. Help my, asseblief! Ek is vasgevang in 'n net."

Muis het hom gehoor. Hy hardloop na Leeu toe. Toe begin hy met sy skerp tande deur die toue van die net kou. Hy het deur die toue gebyt totdat Leeu homself kon bevry en kon weggehardloop.

Leeu was baie bly. Hy bedank Muis: "Dankie, Muis. Die net was te styf vir my om vry te kom en jy het my gered." En van daardie dag af was Muis en Leeu beste vriende.

**Sien lesplan op bladsy 50 vir vrae om te vra.**



# MAANDAG



## OGGENDBYEENKOMS Nuus

**15 min**

**Berei voor**
- Hersien die *My nuus*-raam op die agterblad met die klas.
- Gee vir die leerders 'n nuusonderwerp oor byvoorbeeld 'n vriend, 'n grootouer, 'n aktiwiteit, hulle gunstelingsportspan, ensovoorts.

**Dink**
- Watter nuus kan jy oor hierdie onderwerp deel.

**Pare**
- Gebruik die *My nuus*-raam om jou nuus vir jou maat te vertel.

**Deel**
- Kies 'n paar leerders om hul nuus met die klas te deel.



## HARDOPLEESSTORIE *Leeu en Muis*

**OG bl. 52 en 53**
**15 min**

**Vóór lees**
- Vertel vir ons oor wanneer jy gevoel het jy is te klein om iets te doen en dit toe reggekry het om te doen.

**Lees die storie hardop, met uitdrukking**
- Gebruik verskillende stemtone vir Leeu en vir Muis.
- Moenie ophou lees om die storie te verduidelik of vrae te vra nie. Die doel is dat die leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Ná lees**
- Laat die leerders toe om op die storie te reageer en ook te sê wat hulle geniet het of waaroor hulle gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk.
- Indien die tyd dit toelaat, vra hierdie vrae:
  - Hoe het Leeu vir Muis gehelp?
  - Hoe het Muis vir Leeu gehelp?
  - Wat het gebeur nadat hulle mekaar gehelp het?



## AANVANGSKENNIS EN PSW Lees 'n kaart

**GB bl. 22**
**30 min**
**LAB bl. 69**

**Wys die Grootboek bladsy 22**
- Terwyl die leerders op die mat sit, kyk hulle na die kaart en beantwoord die vrae:
  - Wat is die doel van 'n kaart?
  - Watter woorde moet jy verstaan om 'n kaart reg te volg (links, regs, reguit, draai, gaan voort)
  - Wat is oorkant die DBV?
  - In watter straat is die park se ingang?

**Gee vir Ken aanwysings na Jan se huis**
- Maak seker die leerders weet wat regs en links is.

- Lees die instruksies in die GB op bladsy 22 vir die klas.
- Die leerders volg die instruksies deur hul vingers op die kaart te beweeg.

**Volg instruksies**
- Gee die leerders 'n aantal instruksies om uit te voer, byvoorbeeld, steek jou regterhand op, draai links, vat aan jou neus, ensovoorts.
- Herhaal deur twee instruksies op 'n keer te gee.
- Herhaal deur drie instruksies op 'n keer te gee.






## KLANKE Die **e**-klank

**LAB bl. 70**
**15 min**


**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank. Hou die vorm van jou mond dop.
- Wie se naam begin met hierdie klank? Wie se naam het hierdie klank in?
- Kyk hoe die letter geskryf is.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Fokus op die sleutelwoord in die boonste ry. Leer 'n aksie aan om die leerders te help om die sleutelwoord met die klank te assosieer.
- Lees en bespreek die ander woorde met die klank.

- Die leerders kan nog woorde met die klank gee.

**Demonstreer die letterformasie**
- Gebruik die inligting oor letterformasie op bladsy 34-36 in die *Metodiekgids*.
- Die leerders trek oor die letters met hulle vingers en daarna met potlode, deur by die groen kolletjies te begin.

**Lees die sin stadig vir die leerders**
- Die leerders omkring vandag se letter in die sin.






## HANDSKRIF Groot bewegings

15 min

- Sing of speel die liedjie oor die letter.
- Die leerders gebruik groot bewegings om die letter wat in klankles aangeleer is te vorm – in die lug, op die grond, met verskillende mediums (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Help hulle om hul handbewegings te beskryf terwyl hulle dit doen. Independent Work






## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 73-80

30 min

- Die leerders voltooi vandag twee OW-bladsye, tensy hulle GBL het (sien tabel op bladsy 50).
- Kontroleer om te sien dat die leerders weet wat om op die OW-bladsye te doen.
- Wanneer die klas gereed is, roep Groep A mat toe vir GBL.





## GROEPBEGELEIDE LEES Konsepte van gedrukte teks (Groep A)

LAB bl. 65-68

30 min

OG bl. 124

**Groep A op die mat met hul LABe**

- Groep A vind die storie van *Leeu en Muis*.
- Lees die storie hardop saam.
- Die leerders volg met hul vingers woord vir woord terwyl jy lees.

**Vra die KGT-vrae**

- Gebruik die KGT-kontrolelys (sien OG bladsy 124) om die vrae in volgorde te vra.
- Merk die vaardigheid af wat die leerders alreeds aangeleer het.
- Onderrig vaardighede waarmee hulle nog sukkel.
- Teken die groep se vordering aan.



HOME LANGUAGE LITERACY

ASSESSMENTS

CONCEPTS OF PRINT CHECKLIST (WEEKS 5 AND 6)

Group ______

(photocopy for each group)

| Learners in the group are able to: | | Yes | Some | No |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Hold their LAB the right way | | | |
| 2 | Point to the cover | | | |
| 3 | Show the front of the book | | | |
| 4 | Show the back of the book | | | |
| 5 | Point to the title of the book | | | |
| 6 | Turn pages correctly (give them a page to turn to) | | | |
| 7 | Point to the title of the story | | | |
| 8 | Say where we start reading | | | |
| 9 | Point to the first word in a sentence | | | |
| 10 | Point to the last word | | | |
| 11 | Identify how many words in the sentence | | | |
| 12 | Identify how many letters in the word | | | |
| 13 | Name one or two of the letters | | | |
| 14 | Say why one letter is bigger/different (capital) | | | |
| 15 | Point to a full stop | | | |

124



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe.

**Stel die aktiwiteitstasies bekend**

- Wys die apparaat en verduidelik hoe om die aktiwiteit by elke stasie te doen.
- Die leerders oefen die aktwiteite.
- Indien die tyd dit toelaat, speel 'n speletjie soos vang-vang, krappe-en-kraaie of, wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees. Ken bladsye van die DBO-werkboeke toe vir groepe wat nie GBL doen nie.



## VISUELE KUNSTE ASSESSERING 1 Portret

30 min

- Deel papier en verf sowel as handspieëltjies uit, indien beskikbaar.
- Die leerders skilder portrette (kop en skouers) van hulself of van 'n maat.
- Konsentreer om die gesigskenmerke duidelik te wys.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 129
**Punte:** 5



# DINSDAG



## OGGENDBYEENKOMS




15 min

**Register, kalender, weer**
- Gebruik ’n register en kalender, indien beskikbaar.
- Teken die weer op die weerkaart aan.

**Speel die naamspeletjie met ’n paar leerders**
- Wat is jou naam en watter klank hoor jy aan die begin van jou naam?

**Dieselfde of verskillende klank?**
- Sê twee klanke.
- Die leerders wys een vinger indien die klanke dieselfde is, en twee vingers indien hulle ander klanke hoor.



## LUISTER EN PRAAT Rolspel



15 min

- Neem die klas buitentoe.
- Vorm pare. Een is Leeu en die ander een Muis.
- Die leerders voer die storie vir 5 minute op.
- Kies een paar om die storie vir die klas op te voer.



## AANVANGSKENNIS EN PSW Gee instruksies



15 min

- Die leerders werk in pare. Elke paar nodig 5 verskillende kleure kryte nodig.
- Rangskik saam die kryte in enige volgorde.
- Onthou die orde. Meng dan weer die kryte.
- Maat A se oë is gesluit. Maat B gee instruksies en sê vir Maat A hoe om die kryte te rangskik sodat dit weer in die regte volgorde is.
- Gebruik die woorde links, regs, op en af.
- Ruil om.



## KLANKE Luister en pas




MG bl. 53-59

15 min

**Hersien letters**
- Gebruik flitskaarte of die alfabetkaart om die letters te wys wat alreeds aangeleer is.
- Die hele klas en individue lees die letters.

**Posbusspeletjie**
- Gee vir elke leerder ’n prentkaart (sien *Metodiekgids* bladsy 53-59) of voorwerp met ’n klank wat reeds aangeleer is.
- Help hulle om die woord vir die prent te noem deur die beginklank te gee.
- Hulle plaas die kaart in die bypassende houer.




## HANDSKRIF Oefen in oefenboeke



15 min

- Die leerders gebruik groot bewegings om die letter wat aangeleer is te vorm, in die lug, op die grond met verskillende mediums (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Die leerders oefen om die letter in hul oefenboeke te skryf.
- Loop deur die klas en ondersteun. Let op hul potloodgreep en postuur.



## GEDEELDE LEES (1) *Leeu en Muis*

GB bl. 23-26
15 min




**Lees uit die Grootboek**
- Lees die hele storie vir en saam met die leerders. Wys na die woorde terwyl jy dit sê.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy van die GB om te kontroleer of die leerders die storie en prente verstaan.

**Leer die flitskaartwoorde: help, vriende, groot, klein**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by die woorde in die Grootboek.

**Lees weer die storie**



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 73-80
30 min



- Die leerders voltooi vandag twee OW-bladsye indien hulle nie GBL het nie (sien tabel op bladsy 50).
- Kontroleer of die leerders weet wat om op die OW-bladsye te doen.
- Wanneer die klas gereed is, roep Groep B mat toe vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES *Konsepte van gedrukte teks (Groep B)*

LAB bl. 65-68
30 min

TG p. 124



HOME LANGUAGE LITERACY

ASSESSMENTS

CONCEPTS OF PRINT CHECKLIST (WEEKS 5 AND 6)

Group: ______
(photocopy for each group)

| Learners in the group are able to: | | Yes | Some | No |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Hold their LAB the right way | | | |
| 2 | Point to the cover | | | |
| 3 | Show the front of the book | | | |
| 4 | Show the back of the book | | | |
| 5 | Point to the title of the book | | | |
| 6 | Turn pages correctly (give them a page to turn to) | | | |
| 7 | Point to the title of the story | | | |
| 8 | Say where we start reading | | | |
| 9 | Point to the first word in a sentence | | | |
| 10 | Point to the last word | | | |
| 11 | Identify how many words in the sentence | | | |
| 12 | Identify how many letters in the word | | | |
| 13 | Name one or two of the letters | | | |
| 14 | Say why one letter is bigger/different (capital) | | | |
| 15 | Point to a full stop | | | |

124

**Groep B op die mat met hul LABe**
- Die leerders vind die storie van *Leeu en Muis*.
- Lees die storie hardop saam.
- Die leerders wys met hul vingers onder die woorde terwyl jy lees.

**Vra die KGT-vrae**
- Gebruik die KGT-kontrolelys (sien OG bladsy 124) om die vrae in volgorde te vra.

- Merk die vaardighede af wat die leerders alreeds geleer het.
- Onderrig vaardighede waarmee hulle nog sukkel.
- Teken die groep se vordering aan.

Indien daar nie genoeg tyd is nie, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees. Ken bladsye uit die DBO-werkboeke toe vir groepe wat nie GBL doen nie.



## LIGGAAMSOPVOEDING *Aktiwiteitstasies*

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## VISUELE KUNSTE *Krabbelpatrone*

30 min



- Die leerders gebruik swart kryte of penne om 'n krabbelpatroon te maak. Demonstreer dit op die bord.
- Hulle kleur die vorms met kryte of verf in.
- Gaan weer oor die swart buitelyne.
- Stal die kunswerk uit.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees. Ken bladsye uit die DBO-werkboeke toe aan groepe wat nie GBL doen nie.

# WOENSDAG



## OGGENDBYEENKOMS

15 min

**Register, kalender, weer**
- Gebruik ’n register en kalender, indien beskikbaar.
- Teken die weer op die weerkaart aan.

**Speel die naamspeletjie met ’n paar leerders**
- Wat is jou naam en watter klank hoor jy aan die begin van jou naam?

**Dieselfde of verskillende klank?**
- Sê twee klanke.
- Die leerders wys een vinger indien die klanke dieselfde is, en twee vingers indien hulle ander klanke hoor.



## AANVANGSKENNIS EN PSW *Help mekaar*

LAB bl. 71
15 min

**Kyk saam na die LAB-bladsy**
- Wat, dink jy, gebeur in hierdie prent?

**Bespreek**
- Het jy al ooit iemand gehelp? Wat het gebeur?
- Hoe het jy gevoel nadat jy gehelp het?
- Is jy al ooit gehelp? Hoe?
- Hoekom is dit belangrik om mekaar te help?






## KLANKE Luister om die klanke te hoor

15 min

- Wys die letterkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is. Die leerders sê die klanke.
- Sê 3 woorde met dieselfde klank (lys aan die regterkant). Die leerders identifiseer die klank en die letter.
- Herhaal met groepe en individuele leerders.

s: son, sap, sop

i: ink, pit, kis

t: tol, tel, tas

e: emmer, enkel, erdwurm




## HANDSKRIF Oefen in oefenboeke

15 min

- Die leerders oefen die skryf van klanke wat tot dusver aangeleer is in hul oefenboeke (sien notas op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Loop deur die klas en ondersteun die leerders. Let op hul potloodgreep en postuur sowel as letterformasie.






## GEDEELDE LEES (2) *Leeu en Muis*

GB bl. 23-26
15 min

**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Leeu en Muis* saam met die klas. Wys na die woorde terwyl jy dit sê.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Gaan voort om die konsepte van gedrukte teks te onderrig.
- Onderrig twee algemene sigwoorde**: en, is.**
- Lees weer die storie as ’n klas.

**Identifiseer letters aangeleer tot dusver**
- Die leerders wys die letters wat reeds aangeleer is.

**Leer die flitskaartwoorde: help, vriende, groot, klein**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by die woorde in die Grootboek.
- Lees weer die storie.





## GEDEELDE SKRYF Volgorde van storie

15 min




**Identifiseer die volgorde van die storie van *Leeu en Muis***
- Praat oor wat eerste/tweede in die storie van *Leeu en Muis* gebeur het?
- Hoe het die storie geëeindig?

**Skryf drie sinne op die bord, met foute**
- Leeu het Muis gehelp.
- Muis het leeu gehelp. (*geen hoofletter vir leeu*)
- Leeu en Muis het vriende geword (*geen punt*)

**Lees die sinne en korrigeer**
- Wat is verkeerd? Wat is weggelaat? (*hoofletter L vir die naam Leeu, punt aan die einde van die laaste sin*)



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 73-80

30 min



- Die leerders voltooi vandag twee OW-bladsye indien hulle nie GBL het nie (sien tabel op bladsy 50).
- Kontroleer of die leerders weet wat om op die OW-bladsye te doen.
- Wanneer die klas gereed is, roep Groep B mat toe vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES Konsepte van gedrukte teks (Groep C)

LAB bl. 65-68

30 min

TG p. 124



HOME LANGUAGE LITERACY

ASSESSMENTS

CONCEPTS OF PRINT CHECKLIST (WEEKS 5 AND 6)

Group: ___
(photocopy for each group)

| | Learners in the group are able to: | Yes | Some | No |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Hold their LAB the right way | | | |
| 2 | Point to the cover | | | |
| 3 | Show the front of the book | | | |
| 4 | Show the back of the book | | | |
| 5 | Point to the title of the book | | | |
| 6 | Turn pages correctly (give them a page to turn to) | | | |
| 7 | Point to the title of the story | | | |
| 8 | Say where we start reading | | | |
| 9 | Point to the first word in a sentence | | | |
| 10 | Point to the last word | | | |
| 11 | Identify how many words in the sentence | | | |
| 12 | Identify how many letters in the word | | | |
| 13 | Name one or two of the letters | | | |
| 14 | Say why one letter is bigger/different (capital) | | | |
| 15 | Point to a full stop | | | |

124

**Groep C op die mat met hul LABe**
- Groep C vind die storie van *Leeu en Muis*.
- Lees die storie hardop saam.
- Die leerders wys met hul vingers onder die woorde terwyl jy lees.

**Vra die KGT-vrae**
- Gebruik die KGT-kontrolelys (sien OG BL. 124) om die vrae in volgorde te vra.
- Merk die vaardighede af wat die leerders alreeds geleer het.
- Onderrig vaardighede waarmee hulle nog sukkel.
- Teken die groep se vordering aan.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees. Ken bladsye uit die DBO-werkboeke toe aan die groepe wat nie GBL doen nie.



## UITVOERENDE KUNSTE *Gumboot*-dans

30 min



**Skep 'n *gumboot*-dansroetine**
- Gebruik die woorde links en regs.
  - Klap en tik op jou regtervoet.
  - Klap en tik op jou linkervoet.
  - Draai om.
  - Klap en stap vorentoe.
  - Klap en stap agtertoe.

**In kleiner groepe, skep leerders hul eie dansies**
- Oefen.
- Vra vir vrywilligers om hul dansie vir die klas te demonstreer.
- Groepe sal die volgende dag hul dansie opvoer en geassesseer word.

## DONDERDAG

### OGGENDBYEENKOMS

15 min

**Register, kalender, weer**
- Gebruik 'n register en kalender, indien beskikbaar.
- Teken die weer op die weerkaart aan.

**Speel die naamspeletjie met 'n paar leerders**
- Wat is jou naam en watter klank hoor jy aan die begin van jou naam?

**Dieselfde of verskillende klank?**
- Sê twee klanke.
- Die leerders wys een vinger indien die klanke dieselfde is, en twee vingers indien hulle ander klanke hoor.



### LUISTER EN PRAAT Aksierympie

15 min

- Sê die rympie en doen die aksies.
- Die leerders sluit aan waar hulle kan as jy dit die tweede keer lees.
- Die meisies doen die aksies, dan weer die seuns.

**Wippie en Snippie**
Wippie en Snippie loer uit 'n gaatjie.
Wip is 'n muis en Snip is sy maatjie.
Wippie en Snippie, daar kom die kat.
Woeps spring die twee muisies terug in die gat.

### KLANKE Geheime woorde

15 min



- Doen die aktiwiteit met die hele klas, en dan individueel.
- Sê 'n woord, byvoorbeeld, tata en vra vrae daaroor:
  - Wat is die **eerste klank** in hierdie woord? (t)
  - Indien ek die eerste klank van die woord **weghaal**, wat kry ek? (ata)
  - Indien ek die eerste klank na "r" **verander**, watter woord kry ek? (rata)
- Kom ons probeer dieselfde met "mamma".
- Onthou, dit hoef nie 'n regte woord te wees wanneer jy foneme wil weghaal of vervang nie.

### HANDSKRIF Oefen in oefenboeke

15 min



- Die leerders gebruik groot bewegings om die letter wat in klankles aangeleer is in die lug, op die grond met verskillende mediums te vorm (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Die leerders oefen om die letter in hul oefenboeke te skryf.
- Loop deur die klas en ondersteun. Let op hul potloodgreep en postuur.

### GEDEELDE LEES (3) *Leeu en Muis*

GB bl. 23-26

15 min




**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Leeu en Muis* saam met die klas. Wys na die woorde terwyl jy dit sê.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer saam met die klas.

**Leer die flitskaartwoorde: help, vriende, groot, klein**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.
- Plaas die flitskaarte teen die woordmuur.



## ONAFHANKLIKE SKRYF

**Kopieer 'n sin**

**Lees saam die sinne**
- Leeu het vir Muis gehelp.
- Muis het vir Leeu gehelp.

**Teken 'n prent**
- Teken een van hierdie sinne.

**Kopieer 'n sin**
- Kopieer 'n sin wat by jou tekening pas.

**LAB bl. 72**
**15 min**


Datum

Kopieer een sin. Teken dan 'n prent.
- Leeu het vir Muis gehelp.
- Muis het vir Leeu gehelp.

72 Donderdag



## ONAFHANKLIKE WERK

- Die leerders voltooi vandag twee OW-bladsye indien hulle nie GBL het nie (sien tabel op bladsy 50).
- Kontroleer of die leerders weet wat om op die OW-bladsye te doen.
- Wanneer die klas gereed is, roep Groep D mat toe vir GBL.

**LAB bl. 73-80**
**30 min**





## GROEPBEGELEIDE LEES

**Konsepte van gedrukte teks (Groep D)**

**Groep D op die mat met hul LABe**
- Die leerders vind die storie van *Leeu en Muis*.
- Lees die storie hardop saam.
- Die leerders wys met hul vingers onder die woorde terwyl jy lees.

**Vra die konsepte van gedrukte teks (KGT)-vrae**
- Gebruik die KGT-kontrolelys (sien OG bladsy 124) om die vrae in volgorde te vra.
- Merk die vaardighede af wat die leerders alreeds geleer het.
- Onderrig vaardighede waarmee hulle nog sukkel.
- Teken die groep se vordering aan.

**LAB bl. 65-68**
**30 min**

**TG p. 124**


HOME LANGUAGE LITERACY

ASSESSMENTS

CONCEPTS OF PRINT CHECKLIST (WEEKS 5 AND 6)

Group: ____
(photocopy for each group)

| | Learners in the group are able to: | Yes | Some | No |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Hold their LAB the right way | | | |
| 2 | Point to the cover | | | |
| 3 | Show the front of the book | | | |
| 4 | Show the back of the book | | | |
| 5 | Point to the title of the book | | | |
| 6 | Turn pages correctly (give them a page to turn to) | | | |
| 7 | Point to the title of the story | | | |
| 8 | Say where we start reading | | | |
| 9 | Point to the first word in a sentence | | | |
| 10 | Point to the last word | | | |
| 11 | Identify how many words in the sentence | | | |
| 12 | Identify how many letters in the word | | | |
| 13 | Name one or two of the letters | | | |
| 14 | Say why one letter is bigger/different (capital) | | | |
| 15 | Point to a full stop | | | |

124



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**

**30 min**





## UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 1

***Gumboot*-dans**

- Groepe hersien die *gumboot*-dansroetine wat die vorige dag geskep is.
- Elke groep voer hul dans vir die klas uit.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 129
**Punte:** 5

**30 min**



# VRYDAG



## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Berei voor**
- Hersien die *My nuus*-raam.
- Gee vir die leerders 'n onderwerp waaroor hulle hul nuus moet vertel ('n vriend, 'n grootouer, hul gunstelingsportspan, ensovoorts).

**Dink**
- Watter nuus wil jy oor hierdie onderwerp deel?

**Pare**
- Gebruik die *My nuus*-raam om jou nuus vir jou maat te vertel.

**Deel**
- Kies 'n paar leerders om hul nuus met die klas te deel.



## KLANKE Vind jou letter

15 min




**Berei voor**
- Maak 'n letterkaart vir elke leerder deur die klanke wat alreeds aangeleer is bekend te stel.
- Jy mag baie kaarte met dieselfde letter hê.

**Speel**
- Die leerders staan in 'n kring. Gee vir elkeen 'n letterkaart. Hulle moet na hul kaarte kyk en dit teen hul borskas hou sodat niemand dit kan sien nie.
- Wanneer die onderwyser "Gaan" sê, beweeg die leerders rond en maak die geluid van hul letter, maar wys nie die kaart nie.
- Die leerders vind hul maats met dieselfde klank.
- Kontroleer dat al die leerders met dieselfde klank bymekaar staan.
- Laat hulle 'n woord gee wat met daardie klank begin.



## ONAFHANKLIKE SKRYF Deel jou skryfwerk

LAB bl. 72

15 min


Datum
Kopieer een sin. Teken dan 'n prent.
- Leeu het vir Muis gehelp.
- Muis het vir Leeu gehelp.

72 Donderdag

- Vra vrywilligers om hul tekeninge en hul sinne vir die klas te wys en te lees.
- Prys en moedig hulle aan as skrywers en illustreerders.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 73-80

30 min



- Die leerders voltooi vandag twee OW-bladsye tensy hulle GBL het (sien tabel op bladsy 50)
- Kontroleer of die leerders weet wat hulle op die OW-bladsye moet doen.
- Wanneer die klas gereed is, roep Groep E mat toe vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES

### Konsepte van gedrukte teks (Groep E)

**Groep E op die mat met hul LABe**
- Groep E vind die storie van *Leeu en Muis*.
- Lees die storie hardop saam.
- Die leerders wys met hul vingers onder die woorde terwyl jy lees.

**Vra die KGT-vrae**
- Gebruik die KGT-kontrolelys (sien OG bladsy 124) om die vrae in volgorde te vra.
- Merk die vaardighede af wat die leerders alreeds geleer het.
- Onderrig vaardighede waarmee hulle nog sukkel.
- Teken die groep se vordering aan.

**LAB bl. 65-68**
**30 min**

**OG p. 124**


HOME LANGUAGE LITERACY

ASSESSMENTS

CONCEPTS OF PRINT CHECKLIST (WEEKS 5 AND 6)

Group: ______
(photocopy for each group)

| Learners in the group are able to: | | Yes | Some | No |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Hold their LAB the right way | | | |
| 2 | Point to the cover | | | |
| 3 | Show the front of the book | | | |
| 4 | Show the back of the book | | | |
| 5 | Point to the title of the book | | | |
| 6 | Turn pages correctly (give them a page to turn to) | | | |
| 7 | Point to the title of the story | | | |
| 8 | Say where we start reading | | | |
| 9 | Point to the first word in a sentence | | | |
| 10 | Point to the last word | | | |
| 11 | Identify how many words in the sentence | | | |
| 12 | Identify how many letters in the word | | | |
| 13 | Name one or two of the letters | | | |
| 14 | Say why one letter is bigger/different (capital) | | | |
| 15 | Point to a full stop | | | |

124

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

**Dink na oor die week**
- Waarvan het jy gedurende jou eerste weke by die skool gehou?
- Waarvan het jy nie gehou nie?

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.

**15 min**





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**

> Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees. Ken bladsye van die DBO-werkboeke toe vir groepe wat nie GBL doen nie.

**30 min**



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders**
- **LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en enige les wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en enige leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een, onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorber

## OORSIG VAN DIE WEEK



# Tyd vir skool

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

skool | potlood | sak

## GUIDE TO GROEPBEGELEIDE LEES AND ONAFHANKLIKE WERK

| GBL: Konsepte van gedrukte teks – een sessie van 30 min vir elke groep; OW: 8 bladsye | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Maandag | | Dinsdag | | Woensdag | | Donderdag | | Vrydag | |
| **Groep A** | **GBL saam met die onderwyser** | | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep B** | OW 1 | OW 2 | **GBL saam met die onderwyser** | | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep C** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | **GBL saam met die onderwyser** | | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep D** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | **GBL saam met die onderwyser** | | OW 7 | OW 8 |
| **Groep E** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 | **GBL saam met die onderwyser** | |

## ASSESSERING

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Dinsdag–Donderdag** | Aanvangskennis 1: Daaglikse weer | Mondeling, prakties | Rubriek bl. 129 |
| **Maandag–Vrydag** | Aanvangkennis 2: Klaskamer-roetines | Prakties | Rubriek bl. 129 |
| **Maandag–Vrydag** | Luister en Praat 1: Persoonlike ervaringe | Individuele mondeling (assesseer hierdie week ⅕ van die klas) | Rubriek bl. 125 |
| **Maandag–Vrydag** | Luister en Praat 2: Uitvoering van 'n liedjie/gedig | Groep prakties (assesseer hierdie week ⅕ van die klas) | Rubriek bl. 125 |
| **Dinsdag–Vrydag** | Liggaamsopvoeding 1: Hindernisbaan | Groep prakties (assesseer elke dag ¼ van die klas) | Rubriek bl. 129 |

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- papier, kryte/viltpenne, potlode
- toiletpapierrolle, groen verf, rooi kryte, wit papier, stukkies tou twee keer langer as die toiletrol, krammasjien, skêre.
- apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

**Tema:**
**Skool**


**Week 6:**
**Tyd vir skool**

Lees · Groepbegeleide lees · Skryf · Klanke · Lewensvaardigheid · Luister en praat

**Hardopleesstorie**
- *Pandu Padda gaan skool toe*

**Paarwerk**
- Beskryf plekke by die skool

**Aksierympie**
- *Ou Juffrou Padda*
- Luister en Praat Assessering 1 (persoonlike ervaringe): ⅙ van die klas






**Gedeelde Lees**
- *Die skoolsak*

**Liggaamsopvoeding**
- Liggaamsopvoeding Assessering 1: Hindernisbaan
- Aktiwiteitstasies







**Groepbegeleide Lees**
- Konsepte van gedrukte teks: 1 groep per dag
- Onafhanklike Werk: 8 OW-bladsye





**Skryf**
- Skryf lyste
- Skryf 'n skoollys en teken 'n prent

**Visuele Kunste**
- Maak paddas van toiletrolle
- Teken 'n skoolsak

**Uitvoerende Kunste**
- Rolspeel hoe om vrees te hanteer



**Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welsyn**
- Lys van skoolklere: klassifiseer klere
- Skoolinligting
- Vrese oor skool



**Klanke**
- Fonologiese bewustheidsaktiwiteite
- Klanke – **n**, **o**

**Handskrif**
- Letter – **Nn**, **Oo**
- Potloodgreep

# Pandu Padda gaan skool toe



Pandu Padda gaan volgende week skool toe. Maar Pandu is hartseer. "Ek wil nie skool toe gaan nie," sê hy vir sy broer Simon.

"Almal moet skool toe gaan," sê Simon, "om nuwe dinge te leer. "

"Maar ek weet alreeds alles," sê Pandu. *(Dink jy hy weet alles?)*

"Alles!" sê Simon. "Hoeveel is tien plus tien?"

"Umm … ek weet nie," sê Pandu.

"En wie is die **president** van Suid-Afrika?" vra Simon.

"Umm … ek weet nie," sê Pandu.

"En hoe skryf jy jou naam?" vra Simon.



**WOORDESKAT**

**president:** die leier van 'n land

"Umm, ek weet nie," sê Pandu. "Wel, miskien weet ek nie alles nie. Maar ek weet hoe om te swem en vlieë te vang." *(Kan jy swem? Kan jy vlieë vang? Waarom kan Pandu dit maklik doen?)*

"Is jy bekommerd oor iets by die skool?" vra Simon.

"Ja, wat as my onderwyser nie van paddas hou nie?"

"Die onderwysers hou van al hul dierleerders, glo my," sê Simon.

"En wat as die ander klein paddatjies nie vriendelik is nie?"

"Dan moet jy vriendelik met hulle wees. Hulle sal dan gou jou vriende word," sê Simon.

"En wat as ek honger word?"

"Hulle sal vir jou middagete by die skool gee. Of jy kan jou eie middagete in 'n kosblik skool toe neem," sê Simon.

"O, en wat as ek op pad skool toe **verdwaal**?"

**verdwaal:** om nie te weet waar jy is nie

"Jy kan saam met my stap. Ons sal saam skool toe gaan," sê Simon.

Simon sê: "Almal is 'n bietjie bang as hulle begin skoolgaan. Ek was ook bang. Maar as jy met iemand praat as jy bang voel, sal dit jou help om beter te voel. "

Pandu dink vir 'n **oomblik**: "Ek dink ek sal van skool hou. En ek is nie meer bang nie," sê hy.

**oomblik:** 'n kort rukkie

# MAANDAG

## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Berei voor**
- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.

**Dink**
- Watter nuus wil jy oor hierdie onderwerp deel?

**Pare**
- Gebruik die My nuus-raam om jou nuus vir jou maat te vertel.

**Deel**
- Kies 'n paar leerders om hul nuus met die klas te deel.

## HARDOPLEESSTORIE *Pandu Padda gaan skool toe*

OG bl. 66 en 67

15 min



**Vóór lees**
- Wys die bladsy van die storie vir die klas: OG bladsy 66-67.
- Watter soort diere is hulle?
- Waarheen gaan die klein paddatjie? Hoe weet jy dit?
- Hoe, dink jy, voel hy?

**Lees die storie hardop, met uitdrukking**
- Moenie ophou lees om die storie te verduidelik of vrae te vra nie. Die doel is dat die leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Ná lees**
- Laat die leerders toe om op die storie te reageer en te sê wat hulle geniet het en waaroor hulle gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk
- Indien die tyd dit toelaat, vra die volgende vrae:
  - Hoekom wou Pandu nie skool toe gaan nie?
  - Watter deel van die storie was vir jou snaaks?

## AANVANGSKENNIS EN PSW *Lys van skoolklere*

GB bl. 27

30 min

LAB bl. 86 en 87




**Lees en bespreek**
- Lees die lys van klere (GB bladsy 27 en LAB bladsy 86) en vra die vrae in die GB.
  - Wat is die doel van hierdie lys?
  - Het jou skool ander items ook op die lys van skoolklere? (byvoorbeeld, sportklere)
  - Hoekom het skole lyste van skoolklere?

**Klassifiseer**
- Lees die name van die kledingstukke op bladsy 87 in die LAB.
- Praat oor wat skooldrag is en wat huisdrag is.
- Die leerders omkring al die huisdrag met blou en al die skooldrag met rooi.

**Gee terugvoering**
- Pare kontroleer: Het julle dieselfde klere omkring?
- Die hele klas kontroleer.

## KLANKE Die n-klank

LAB bl. 88

15 min




**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank. Hou die vorm van jou mond dop.
- Wie se naam begin met hierdie klank? Wie se naam het hierdie klank in?
- Kyk hoe die letter geskryf is.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Fokus op die sleutelwoord in die boonste ry. Leer 'n aksie aan om die leerders te help om die sleutelwoord met die klank te assosieer.
- Lees en bespreek die ander woorde met die klank.
- Die leerders kan nog woorde met die klank gee.


**Demonstreer die letterformasie**
- Gebruik die inligting oor letterformasie op bladsy 34-36 in die *Metodiekgids*.
- Die leerders trek oor die letters met hulle vingers en daarna met potlode, deur by die groen kolletjies te begin.

**Lees die sin stadig vir die leerders**
- Die leerders omkring vandag se letter in die sin.



## HANDSKRIF **Groot bewegings**

15 min




- Sing of speel die liedjie oor die letter.
- Die leerders gebruik groot bewegings om die letter wat in klankles aangeleer is te vorm – in die lug, op die grond, met verskillende mediums (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Help hulle om hul handbewegings te beskryf terwyl hulle dit doen.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 93-100
30 min

- Die leerders voltooi vandag twee OW-bladsye, tensy hulle GBL het (sien tabel op bladsy 64).
- Kontroleer om te sien dat die leerders weet wat om op die OW-bladsye te doen.
- Wanneer die klas gereed is, roep Groep A mat toe vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES **Konsepte van gedrukte teks (Groep A)**

LAB bl. 82-85
30 min

OG bl. 124




**Groep A op die mat met hul LABe**

- Groep A vind *Die skoolsak*-storie.
- Lees die storie hardop saam.
- Die leerders wys met hul vingers onder die woorde terwyl jy lees.

**Vra die KGT-vrae**

- Gebruik die KGT-kontrolelys (sien bladsy 124) om die vrae in volgorde te vra.
- Merk die vaardigheid af wat die leerders alreeds geleer het.
- Onderrig vaardighede waarmee hulle nog sukkel.
- Teken die groep se vordering aan.



## LIGGAAMSOPVOEDING **Aktiwiteitstasies**

30 min

**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week. Vir assessering moet een van die stasies 'n hindernisbaan wees (sien rubriek bladsy 129).
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe.

**Stel die aktiwiteitstasies bekend**

- Wys die apparaat en verduidelik hoe om die aktiwiteit by elke stasie te doen.
- Die leerders oefen die aktwiteite.
- Indien die tyd dit toelaat, speel 'n speletjie soos vang-vang, krappe-en-kraaie of, wegkruipertjie.





## VISUELE KUNSTE **3D: Paddas van toiletrolle**

30 min

**Berei voor**

- Deel uit: toiletrolle, groen verf, rooi kryte, wit papier, stukkies tou twee keer langer as die toiletrol, krammasjien, skêre.

**Demonstreer elke stap terwyl die leerders volg**

- Verf die toiletrolle groen, of bedek dit met groen papier.
  - Lyf: Maak een kant van die rollejtie met krammetjies toe.
  - Mond: Gebruik rooi kryte of rooi papier om 'n mond binne-in die toiletrol te maak.
  - Tong: Gebruik tou om 'n lang, taaierige tong te maak. Kram dit aan die binnekant van die rol.
  - Oë: Knip sirkels uit en plak dit vas.
  - Pote: Vou die papier in die helfte. Teken voor- en agterpote en knip 2 van elk uit. Kleur dit in en plak dit vas.
  - Vlieg (paddakos): Teken en knip uit. Plak dit aan die einde van die tou.



Vir die inhaalrooster, verband hierdie les met Groepbegeleide Lees, terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DINSDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die naamspeletjie met 'n paar leerders
- Dieselfde of verskillende klank?

## LUISTER EN PRAAT Plekke by die skool

15 min

**Dink**
- Die leerders dink aan 'n belangrike plek in die skool. (byvoorbeeld, die kantoor, biblioteek, snoepie, skoolhoof se kantoor)

**Pare**
- Sonder om die plek te noem, beskryf dit vir jou maat en verduidelik wat daar gebeur.
- Maat raai watter plek dit is.

**Deel**
- 'n Paar leerders sê watter plek dit is en beskryf hoekom hulle dit gekies het.
- Praat oor belangrike plekke in die skool waarvan nuwe leerders moet weet wanneer hulle by die klas aansluit.



## AANVANGSKENNIS EN PSW Skoolinligting

15 min

**Bespreek**
- Wat is die naam van ons skool? (*skryf dit op die bord*)
- Waar is ons skool? (*naam van omgewing, indien moontlik die straatnaam*)
- Wat is die naam van die skoolhoof? (*skryf dit op die bord*)
- Wat is name van die Graad 1-onderwysers? (*skryf die name op die bord*)

**Demonstreer die speletjie**
- Vra 'n leerder om jou maat te wees.
- Sê: Ek dink aan die tannie van die voedingskema. Wie is dit?
- Maat sê haar naam.
- Die leerders vra en beantwoord vrae oor mense in die skoolgemeenskap of 'n kamer/plek in die skool.

**Pare speel die speletjie**



## KLANKE Luister en pas

MG bl. 53-59

15 min

**Hersien letters**
- Gebruik flitskaarte of die alfabetkaart om die letters te wys wat tot dusver aangeleer is.
- Die klas of individue lees die letters.

**Posbusspeletjie**
- Voorsien 'n houer of posbus vir elke letter wat tot dusver aangeleer is. Plak die letterkaart op die buitekant.
- Gee vir elke leerder 'n prentkaart (sien bladsy 53-59 in die *Metodiekgids*) of voorwerp wat met 'n klank begin, wat alreeds aangeleer is.
- Help hulle om die prent te benoem deur die beginklank te gee en plaas die kaart in die bypassende houer.




## HANDSKRIF Oefen in oefenboeke

15 min

- Die leerders gebruik groot bewegings om die letter wat aangeleer te vorm – in die lug, op die grond met verskillende mediums (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Die leerders oefen om die letter in hul oefenboeke te skryf.
- Loop deur die klas en ondersteun. Let op hul potloodgreep en postuur.





## GEDEELDE LEES (1) *Die skoolsak*

GB bl. 28-31
15 min


**Lees uit die Grootboek**

- Lees *Die skoolsak*-storie vir klas.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Gaan voort om konsepte van gedrukte teks en klanke wat aangeleer is, te versterk.

**Lees die flitskaartwoorde: skool, potlood, sak**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by die woorde in die Grootboek.

**Lees weer die storie**







## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 93-100
30 min

- Die leerders voltooi vandag twee OW-bladsye indien hulle nie GBL het nie (sien tabel op bladsy 64).
- Kontroleer of die leerders weet wat om op die OW-bladsye te doen.
- Wanneer die klas gereed is, roep Groep B mat toe vir GBL.





## GROEPBEGELEIDE LEES *Konsepte van gedrukte teks (Groep B)*

LAB bl. 82-85
30 min

OG bl. 124

**Groep B op die mat met hul LABe**

- Groep B vind *Die skoolsak*-storie.
- Lees die storie hardop saam.
- Die leerders wys met hul vingers onder die woorde terwyl jy lees.

**Vra die KGT-vrae**

- Gebruik die KGT-kontrolelys (sien bladsy 124) om die vrae in volgorde te vra.
- Merk die vaardigheid af wat die leerders alreeds geleer het.
- Onderrig vaardighede waarmee hulle nog sukkel.
- Teken die groep se vordering aan.






## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1 Hindernisbaan

30 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.

**Hindernisbaan**

- Die onderwyser neem waar terwyl die leerders die hindernisbaan vir assessering doen.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 129
**Punte:** 5



## VISUELE KUNSTE *Teken jou skoolsak*

30 min

**Berei voor**

- Deel papier, kryte/viltpenne, potlode uit.

**Dink**

- Hoe lyk jou skoolsak aan die buitekant? Wat is aan die binnekant?
- Hou jy van jou skoolsak? Indien nie, watter soort sak sou jy graag wou gehad het?

**Pare**

- Vertel van jou skoolsak of die een wat jy graag wou hê.

**Teken jou skoolsak**

- Tekening moet oor die hele bladsy wees.
- Voeg besonderhede by.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees, terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## WOENSDAG

### OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die naamspeletjie met 'n paar leerders
- Dieselfde of verskillende klank?

### AANVANGSKENNIS EN PSW — *Vrese oor skool*

30 min



**Stel bekend**

- Vertel vir die klas 'n storie of iets waarvoor jy bang was by die skool in Graad 1. Gesels oor hoe jy die vrees oorkom of hanteer het.

**Klasbespreking**

- Vra: Waarvoor is julle bang by die skool?
- Kies een of twee leerders se voorbeeld en gesels oor maniere om hierdie vrese te hanteer.
- Hierdie les word in Uitvoerende Kunste op Woensdag en Donderdag voortgesit.

### KLANKE — *Die o-klank*

LAB bl. 89

15 min




**Stel die nuwe klank bekend**

- Luister na en sê die nuwe klank. Hou die vorm van jou mond dop.
- Wie se naam begin met hierdie klank? Wie se naam het hierdie klank in?
- Kyk hoe die letter geskryf is.

**Identifiseer woorde met die klank**

- Fokus eers op die sleutelwoord in die boonste ry. Leer 'n aksie aan om die leerders te help om die sleutelwoord met die klank te assosieer.
- Lees en bespreek die ander woorde met die klank.
- Die leerders kan nog woorde met die klank gee.

**Demonstreer die letterformasie**


- Gebruik die inligting oor letterformasie op bladsy 34-36 in die *Metodiekgids*..
- Die leerders trek oor die letters met hulle vingers en daarna met potlode, deur by die groen kolletjies te begin.

**Lees die sin stadig vir die leerders**

- Die leerders omkring vandag se letter in die sin.

### HANDSKRIF — *Groot bewegings*

15 min





- Sing of speel die liedjie oor die letter.
- Die leerders gebruik groot bewegings om die letter wat in die klankles aangeleer is in die lug, op die grond met verskillende mediums te vorm (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Help hulle om hul handbewegings te beskryf terwyl hulle dit doen.

### GEDEELDE LEES (2) — *Die skoolsak*

GB bl. 28-31

15 min




**Lees uit die Grootboek**

- Lees *Die skoolsak*-storie vir klas.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Gaan voort om konsepte van gedrukte teks en klanke tot dusver aangeleer, te versterk.

**Hersien die flitskaartwoorde: skool, potlood, sak**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by die woorde in die Grootboek.

**Lees weer die storie**



## GEDEELDE SKRYF Lyste (huis en skool)

15 min

| Huis | Skool |
|---|---|
| klere | potlood |
| komberse | kosblik |
| nagklere | trui |
| speelgoed | liniaal |
| kussing | tuiswerk |
| | dagboek |

**Skryf twee lyste**
- Eers het Pandu goed vir die huis ingepak. Wat het hy ingepak? Skryf 'n lys vir die huis saam met die leerders.
- Simon het vir hom gesê wat om vir die skool in te pak. Wat het hy toe ingepak? Skryf 'n skoollys saam met die leerders.

**Lees die lyste saam**
- Wat let jy op van hoe ons lyste skryf? *(begin met 'n opskrif, elke item is op 'n nuwe lyn; sommige items het kolpunte en sommige is genommer; geen punte)*



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 93-100
30 min



- Die leerders voltooi vandag twee OW-bladsye indien hulle nie GBL het nie (sien tabel op bladsy 64).
- Kontroleer of die leerders weet wat om op die OW-bladsye te doen.
- Wanneer die klas gereed is, roep Groep C mat toe vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES Konsepte van gedrukte teks (Groep C)

LAB bl. 82-85
30 min
OG bl. 124




**Groep C op die mat met hul LABe**
- Groep C vind *Die skoolsak*-storie.
- Lees die storie hardop saam.
- Die leerders wys met hul vingers onder die woorde terwyl jy lees.

**Vra die KGT-vrae**
- Gebruik die KGT-kontrolelys (sien bladsy 124) om die vrae in volgorde te vra.
- Merk die vaardigheid af wat die leerders alreeds geleer het.
- Onderrig vaardighede waarmee hulle nog sukkel.
- Teken die groep se vordering aan.



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1 Hindernisbaan

30 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.

**Hindernisbaan**
- Die onderwyser neem waar terwyl die leerders die hindernisbaan vir assessering doen.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 129
**Punte:** 5



## UITVOERENDE KUNSTE Om vrese te hanteer

30 min

**Bespreek algemene vrese oor skool**
- Beskryf 'n algemene situasie waar 'n leerder bang by die skool voel. (byvoorbeeld, om die verf te mors, jou trui te verloor, nie gevra word om tydens pouse saam te speel nie)
- Hoe kan die leerders lyk as hulle bang is? Wys vir ons.
- Bespreek met wie die leerder kan gesels om oor die probleem te praat en ook wat hulle kan sê.
- Hoe kan die leerders lyk as hulle oor hul vrese praat?
- Herhaal met ander scenario's.

**Groepe: Rolspeel**
- Elke groep kies 'n scenario waar 'n leerder bang by die skool voel of gevoel het.
- Rolspeel die scenario en sluit ook die leerders in wat met iemand daaroor praat. Gee vir elke leerder 'n rol in die toneelspel.



Vir die inhaalrooster vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees, terwyl die klas bladsye van die DBO-werkboek doen.

# DONDERDAG



## OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die naamspeletjie met 'n paar leerders
- Dieselfde of verskillende klank?



## LUISTER EN PRAAT Gedig/liedjie

15 min

- Onderrig die gedig en die aksies.
- Die leerders skakel in waar hulle kan (die tweede keer).
- Kleiner groepe sê strofe 1 en die klas skakel in by strofe 2 om dit harder te laat klink (die derde keer).

**Ou Juffrou Padda**

Tien klein paddatjies, kom sit in 'n kring.
Bring julle boekies en laat ons sing.
Maak jul bekkies wawyd oop
En sing vir my soos soet stroop.

"Kwak, kwak, kwak,
Kwek, kwek, kwek.
Tien klein paddatjies
maak my gek!"




## KLANKE Meervoude

LAB bl. 90 & 91

30 min

- Wat is in elke prent?
- Vra: Watter woord pas by die prent?
- Eindig die woord met –e of -s?
- Watter woord is vir een ding? (enkelvoud)
- Watter woord is vir meer as een? (meervoud)
- Omkring die regte woord.
- Herinner die leerders daaraan dat wanneer ons 'n woord na die meervoud verander voeg ons meestal 'n -e of -s by. Byvoorbeeld: voet – voete; ouma – oumas.






## HANDSKRIF Oefen in oefenboeke

15 min

- Die leerders gebruik groot bewegings om die letter wat aangeleer is te vorm – in die lug, op die grond met verskillende mediums (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Die leerders oefen om die letter in hul oefenboeke te skryf.
- Loop deur die klas en ondersteun. Let op hul potloodgreep en postuur.





## GEDEELDE LEES (1) *Die skoolsak*

GB bl. 28-31


15 min

**Lees uit die Grootboek**

- Lees *Die skoolsak*-storie vir klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae op bladsy 31.
- Gaan voort om konsepte van gedrukte teks en klanke wat aangeleer is, te versterk.

**Hersien die flitskaartwoorde: skool, potlood, sak**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas flitskaarte by die woorde in die Grootboek.
- Die leerders maak mondelinge sinne met elke woord.
- Plaas die flitskaartwoorde teen die woordmuur.





## ONAFHANKLIKE SKRYF **Skoollys**


**Berei voor**

- Gebruik die geskrewe lyste van die vorige dag om te hersien wat ’n lys is en hoe dit geskryf moet word.
- Haal die lys van die bord af.

**Skryf**

- Die leerders skryf hul eie lyste van goed wat hulle by die skool gebruik.
- Dink aan die klanke in die woorde en probeer om dit te klank.
- Teken prente van die items op die lys, indien die tyd dit toelaat.

**LAB bl. 92**
**15 min**



Datum
Lys drie goed wat jy by die skool gebruik.
Teken ’n prent van elkeen.
Skoollys
1
2
3
Ek kan ’n lys maak.
92 Donderdag



## ONAFHANKLIKE WERK

- Die leerders voltooi vandag twee OW-bladsye indien hulle nie GBL het nie (sien tabel op bladsy 64).
- Kontroleer of die leerders weet wat om op die OW-bladsye te doen.
- Wanneer die klas gereed is, roep Groep D mat toe vir GBL.

**LAB bl. 93-100**
**30 min**





## GROEPBEGELEIDE LEES **Konsepte van gedrukte teks (Groep D)**

**Groep D op die mat met hul LABe**

- Groep D vind *Die skoolsak* storie.
- Lees die storie hardop saam.
- Die leerders wys met hul vingers onder die woorde terwyl jy lees.

**Vra die KGT-vrae**

- Gebruik die KGT-kontrolelys (sien bladsy 124) om die vrae in volgorde te vra.
- Merk die vaardigheid af wat die leerders alreeds geleer het.
- Onderrig vaardighede waarmee hulle nog sukkel.
- Teken die groep se vordering aan.

**LAB bl. 82-85**
**30 min**

**OG bl. 124**


HUISTAAL GELETTERDHEID
ASSESSERING
KONTROLELYS VIR KONSEPTE VAN GEDRUKTE TEKS (WEEK 5 EN 6)
Groep:
(kopieer vir elke groep)

| Leerders in die groep kan: | | Ja | Soms | Nee |
|---|---|---|---|---|



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1 **Hindernisbaan**

**30 min**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.

**Hindernisbaan**

- Die onderwyser neem waar terwyl die leerders die hindernisbaan vir assessering doen.

**Koel af**

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 129
**Punte:** 5





## UITVOERENDE KUNSTE **Bied rolspel aan**

**Voer op en bespreek**

- Groepe voer hul rolspel vir die klas op.
- Kan enigeen aan ’n ander oplossing dink?
- Sê vir elke groep wat hulle goed gedoen het.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees. Ken bladsye uit die DBO-werkboeke toe aan groepe wat nie GBL doen nie.

**30 min**



# VRYDAG

## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Berei voor**
- Gee vir die leerders 'n onderwerp waaroor hulle, hul nuus moet vertel

**Dink**
- Watter nuus wil jy oor hierdie onderwerp deel.

**Pare**
- Gebruik die My nuus-raam om jou nuus vir jou maat te vertel.

**Deel**
- Kies 'n paar leerders om hul nuus met die klas te deel.

## KLANKE Diktee

15 min

| | | |
|---|---|---|
| n | e | s |
| o | t | i |

- Die leerders werk op hul eie in hul oefenboeke.
- Sê 'n klank wat hierdie kwartaal onderrig is. Herhaal slegs een keer. Die leerders skryf dit neer.
- Gaan voort met al die klanke wat aangeleer is.
- Neem in en sien na. Let op watter leerders meer ondersteuning/oefening nodig het.

## ONAFHANKLIKE SKRYF Deel skoollyste

LAB bl. 92
30 min



- Vra 'n paar leerders om hul tekeninge te wys en die skoollys wat hulle die vorige dag geskryf het, te lees.
- Prys en moedig hulle aan, as skrywers en illustreerders.

## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 93-100
30 min



- Die leerders voltooi vandag twee OW-bladsye indien hulle nie GBL het nie (sien tabel op bladsy 64).
- Kontroleer of die leerders weet wat om op die OW-bladsye te doen.
- Wanneer die klas gereed is, roep Groep E mat toe vir GBL.

## GROEPBEGELEIDE LEES Konsepte van gedrukte teks (Groep E)

LAB bl. 82-85
30 min

OG bl. 124




**Groep E op die mat met hul LAB'e**
- Groep E vind *Die skoolsak*-storie.
- Lees die storie hardop saam.
- Die leerders wys met hul vingers onder die woorde terwyl jy lees.

**Vra die KGT-vrae**
- Gebruik die KGT-kontrolelys (sien OG bladsy 124) om die vrae in volgorde te vra.
- Merk die vaardigheid af wat die leerders alreeds geleer het.
- Onderrig vaardighede waarmee hulle nog sukkel.
- Teken die groep se vordering aan.

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min

- Dink na oor die week
- Waarvan het jy van jou eerste weke by die skool gehou?
- Waarvan het jy nie gehou nie?
- Sien Onafhanklike Werk na
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1

**Hindernisbaan**

15 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.

**Hindernisbaan**
- Die onderwyser neem waar terwyl die leerders die hindernisbaan assessering doen.

**Koel af**

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 129
**Punte:** 5




## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders**
- **LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en enige les wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en enige leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een, onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorber

## OORSIG VAN DIE WEEK



# Kleure

### VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

rooi | blou | geel | groen

### RIGLYNE VIR ONAFHANKLIKE WERK

| Al die leerders doen dieselfde OW-bladsy terwyl die onderwyser individue roep vir Klanke Assessering 1. | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Maandag** | | **Dinsdag** | | **Woensdag** | | **Donderdag** | | **Vrydag** | |
| OW 1 (15 min) | OW 2 (15 min) | OW 3 (15 min) | OW4 (15 min) | OW 5 (15 min) | OW 6 (15 min) | OW 7 (15 min) | OW 8 (15 min) | Die onderwyser se keuse uit die DBO (15 min) | Die onderwyser se keuse uit die DBO (15 min) |

### ASSESSERING

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Dinsdag–Donderdag** | Aanvangskennis 1: Daaglikse weer | Mondeling prakties, | Rubriek bl. 129 |
| **Maandag–Vrydag** | Aanvangskennis 2: Klaskamer-roetines | Prakties | Rubriek bl. 129 |
| **Maandag–Vrydag** | Luister en Praat 1: Persoonlike ervaring | Individuele mondeling (assesseer hierdie week ⅙ van die klas) | Rubriek bl. 125 |
| **Maandag–Vrydag** | Luister en Praat 2: Voer liedjie/gedig op | Groep Prakties (assesseer hierdie week ⅙ van die klas) | Rubriek bl. 125 |
| **Maandag–Vrydag** | Klanke 1: Fonologiese bewustheid, letter-klank-kennis, woordlees | Individuele mondeling (assesseer elke dag ⅕ van die klas) | Rubriek bl. 126 |
| **Donderdag** | Skryf 1: Skryf van lyste | Skryf: Oefenboeke | Rubriek bl. 128 |

### BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- deurskynende glas water, 'n sonnige venster, 'n vel wit papier
- skêre
- verfborsels, herwinbare houer om verf in te meng, en 'n koppie water per groep/pare/die leerder
- rooi, blou, groen en geel verf
- vir Klanke Assessering 1: 4 prentkaarte van die letters reeds aangeleer, letterkaarte van letters reeds aangeleer, flitskaarte van 2 woorde wat uit die letters wat aangeleer is, bestaan

**Hardopleesstorie**
- *Die verrassing*

**Rolspel**
- *Die verrrassing*

**Resiteer 'n rympie**
- Kleure
- Luister en Praat Assessering 1 (persoonlike ervaringe): ⅙ van die klas







**Gedeelde Lees**
- *Nuwe kryte*

**Liggaamsopvoeding**
- Aktiwiteitstasies







**Groepbegeleide Lees**
- Onafhanklike Werk: 8 OW-bladsye





**Skryf**
- Lyste
- Skryf Assessering 1: Skryf 'n lys met items in 'n potloodsakkie

**Visuele Kunste**
- Weef
- Meng kleure

**Uitvoerende Kunste**
- *Die reënboog-liedjie*
- Dramatisering: help ons bejaardes





**Klanke**
- Klank – **l**, **k**
- Klanke Assessering 1: Fonologiese bewustheid; letter-klank-kennis

**Handskrif**
- Letter – **Ll**, **Kk**

**Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welsyn**
- *Wat is 'n reënboog?*
- Reënboog-eksperiment
- Help ons bejaardes

# Die verrassing



Dit was Lillie se verjaarsdag. Vroegoggend het Mamma haar wakker gemaak en vir haar 'n spesiale drukkie gegee. Sy het gesê: "Ek kan nie glo jy is vandag sewe nie, Lillie. Sewe jaar sedert jy gebore is. Weet jy, jy was so klein dat ek jou in die hospitaal moes agterlaat. Maar jy was 'n sterk baba en ses weke later het die dokter gesê ons mag jou huis toe bring."

"Ek onthou hoe opgewonde ons was toe ons jou met 'n taxi gaan haal het. Ons het jou Lillie genoem omdat ons so dankbaar was. En nou is jy 'n groot, sterk meisie en alreeds in die skool. Ek het 'n verjaardag-**verrassing** vir jou: vanaand sal daar iets lekkers wees vir aandete!"

"Dankie, Mamma," het Lillie gesê en haar oë vakerig gevryf.

Toe het haar mamma gesê: "Lillie, ek het jou vanoggend vroeg wakker gemaak sodat jy vir Ouma-Langsaan kan gaan help om haar trappe te was. Sy is te oud om te buk en sy het gevra of jy haar kan help."

"Ek help altyd vir Ouma-Langsaan," het Lillie gesê. Sy het uit die bed gespring, ou klere aangetrek, en na Ouma-Langsaan toe gegaan.



**WOORDESKAT**

**verrassing:** iets onverwags

"Hallo, Lillie," het Ouma-Langsaan gesê toe sy haar agterdeur oopmaak. "Dankie dat jy gekom het. Hier is die skropborsel, emmer, lappe en 'n blik politoer. Maak asseblief my voortrap baie mooi skoon, want Dominee kom vandag."

Lillie het na die voortrap gegaan en begin werk. Sy het elke stukkie van die trap so hard as wat sy kon geskrop. Die water in die emmer het vuil geword en sy moes dit twee keer met skoon water vervang. Daarna, toe die trap **silwerskoon** was, het sy dit drooggemaak en 'n bietjie van die rooi politoer uit die blikkie op die trap gesmeer.

Uiteindelik het sy die trappie gevryf en gevryf totdat dit **blink gepoets** was.

Toe sy klaar was, het sy aan die agterdeur geklop en uitgeroep: "Ek is klaar, Ouma-Langsaan. Hier is die emmer. Nou moet ek gou maak om te gaan aantrek vir skool." Sy het omgedraai om na haar huis toe terug te hardloop.

"Wag. Nie so vinnig nie, Lillie," het Ouma geroep. "Ek het iets vir jou." Toe gee Ouma vir Lillie 'n splinternuwe boks kryte en 'n pakkie van haar gunstelinglekkers.

Lillie was verras. "O, dankie, Ouma-Langsaan!" het Lillie opgewonde gesê.

Toe sy wegdraai, het sy gedink: "Dit gaan een van my beste verjaarsdae ooit wees. Dit het begin met 'n lieflike verrassing en nou het ek kryte vir skool en lekkers om met Mamma en my maats te deel."

**silwerskoon:** baie skoon

**blink gepoets:** gevryf om iets te laat blink

# MAANDAG

## OGGENDBYEENKOMS *Nuus*

**15 min**

**Berei voor**
- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.

**Dink**
- Watter nuus wil jy oor hierdie onderwerp deel.

**Pare**
- Gebruik die My nuus-raam om jou nuus vir jou maat te vertel.

**Berei voor**
- Kies 'n paar leerders om hul nuus met die klas te deel.

## HARDOPLEESSTORIE *Die verrassing*

**OG bl. 80 en 81**
**15 min**

**Vóór lees**
- Wat is 'n verrassing?

**Lees die storie hardop, met uitdrukking**
- Gebruik verskillende stemtone vir elke karakter.
- Moenie ophou lees om die storie te verduidelik of vrae te vra nie. Die doel is dat die leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Ná lees**
- Laat die leerders toe om op die storie te reageer en te sê wat hulle geniet het en waaroor hulle gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk
- Indien die tyd dit toelaat, vra:
- Wat was Lillie se verrassing aan die einde van die storie?
- Het jy al ooit 'n bejaarde persoon gehelp? Hoe?

## AANVANGSKENNIS EN PSW *Wat is 'n reënboog?*

**GB bl. 32**
**30 min**
**LAB bl. 105**





**Lees**
- Lees bladsy 105 in die LAB saam met die leerders.
- Praat oor waar en wanneer jy al 'n reënboog gesien het.
- Tel en noem die kleure van 'n reënboog.

**Maak 'n reënboog**
- Doen dit op 'n sonnige dag wanneer die son laag in die lug is (byvoorbeeld, vroegoggend).
- Plaas 'n glas met water in 'n direkte sonstraal op 'n vensterbank.
- Plaas 'n vel papier aan die anderkant van die glas (sodat die sonstraal daarop skyn). Jy sal sien dat 'n reënboog op die vel papier ontstaan.

**Bespreek**
- Het julle die reënboog op die papier gesien?
- Kan jy aan enige ander maniere dink om jou eie reënboog te maak?
- Wat, dink julle, sal gebeur indien die vorm/grootte van die glas water verander? (*probeer dit*)
- Wat, dink julle, sal gebeur indien jy die papier verder weg van die glas water plaas? (*probeer dit*)
- Indien daar geen tekens van reën is nie, sal julle 'n reënboog buite kan sien? Hoekom of hoekom nie?

## KLANKE *Die l-klank*

**LAB bl. 106**
**15 min**




**Stel die nuwe letter bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank. Hou die vorm van jou mond dop. Wie se naam begin met hierdie klank? Wie se naam het hierdie klank in? Kyk hoe die letter geskryf is.

**Identifiseer woorde met die letter**
- Fokus op die sleutelwoord in die boonste ry. Leer 'n aksie aan om die leerders te help om die sleutelwoord met die klank te assosieer.
- Lees die ander woorde, met die fokus op die nuwe letterklank.
- Die leerders kan nog woorde met die klank gee.


**Demonstreer die letterformasie**
- Gebruik die inligting oor letterformasie op bladsy 34-36 in die *Metodiekgids*.
- Die leerders trek oor die letters met hulle vingers en daarna met potlode, deur by die groen kolletjies te begin.

**Lees die sin stadig vir die leerders**
- Die leerders omkring vandag se letter in die sin.



## HANDSKRIF Groot bewegings

**15 min**



- Sing of speel die liedjie oor die letter.
- Die leerders gebruik groot bewegings om die letter wat in klankles aangeleer is te vorm – in die lug, op die grond, met verskillende mediums (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Help hulle om hul handbewegings te beskryf terwyl hulle dit doen.



## ONAFHANKLIKE WERK

**LAB bl. 110-117**
**30 min**

- Die leerders voltooi vandag twee OW-bladsye, tensy hulle Klanke Assessering het (sien tabel op bladsy 78).
- Kontroleer om te sien dat die leerders weet wat om op die OW-bladsye te doen.
- Wanneer die klas gereed is, roep Groep A mat toe vir Klanke Assessering.



## KLANKE ASSESSERING 1 Groep A

**MG bl. 53-59**
**15 min**

- Roep Groep A-leerders individueel vir hierdie assessering.
- Wys prentkaarte. Vir elke kaart vra:
  - Wat is dit?
  - Wat is die eerste klank?
  - Wat is die laaste klank?
  - Klap die lettergrepe.
- Wys 'n vermenging van hoof- en kleinletterkaarte wat in hierdie kwartaal aangeleer is. Die leerder sê die klanke.
- Wys flitskaarte van 2 eenvoudige woorde met letters wat aangeleer is. Die leerders lees die woorde.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 126
**Punte:** 12





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**30 min**

**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe.

**Stel die aktiwiteitstasies bekend**
- Wys die apparaat en verduidelik hoe om die aktiwiteit by elke stasie te doen.
- Die leerders oefen die aktwiteite.
- Indien die tyd dit toelaat, speel 'n speletjie soos vang-vang, krappe-en-kraaie of, wegkruipertjie.


Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Klanke Assessering. Ken bladsye uit die DBO-werkboeke aan groepe toe wat nie geassesseer word nie.



## VISUELE KUNSTE Om te weef

**LAB bl. 157 en 159**
**30 min**

**Berei voor**
- Knip die stroke reënboogkleure en die wolkvorms op bladsy 157 en 159 in die LAB uit.
- Knip langs die stippellyne binne-in die wolke. Moenie tot aan die einde van die wolk knip nie.




**Weef**
- Demonstreer hoe om die eerste gekleurde strook deur die wolk te weef, deur eers onder en dan bo-oor te gaan.
- Die leerders probeer self.
- Demonstreer nou met die volgende strook, gaan onderdeur waar die laaste strook geëindig het.
- Die leerders probeer self.
- Herhaal dit deur die kleure te gebruik in dieselfde volgorde as in die reënboog.
- Prys alle pogings. Stal die reënboogwolke in die klas uit.

## DINSDAG

### OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die naamspeletjie met 'n paar leerders
- Dieselfde of verskillende klank?

### LUISTER EN PRAAT Rolspeel *Die verrassing*

15 min



**Berei voor**
- Vorm groepe van drie.
- Ken die rolle van Lillie, die ouer en Ouma-Langsaan toe of laat groepe self besluit.
- Lees weer die storie vir die klas.

**Rolspeel**
- Groepe voer die storie op deur hul eie woorde te gebruik.
- Klap om aan te dui wanneer groepe moet begin en wanneer om te stop.
- Kies een groep om die storie vir die klas op te voer.

### AANVANGSKENNIS EN PSW Teken die reënboog-eksperiment op

15 min



**Demonstreer op die bord**
- Lei die leerders om die reënboog-eksperiment te beskryf. (Wat het ons eerste gedoen? Watter vorm was die glas? Wat was binne-in die glas? Waar was die papier? Wat was op die papier?)

**Die leerders teken dit in hul oefenboeke op**
- Die leerders teken die eksperiment en kopieer die byskrifte.

### KLANKE Luister en pas

MG bl. 53-59

15 min



- Gebruik flitskaarte of alfabetkaart om die letters wat tot dusver aangeleer is, te wys. Die hele klas of individue lees die letters.
- Vir 3 klanke alreeds aangeleer, kies twee prentkaarte/voorwerpe elk.
- Vra 6 leerders om voor in die klas te staan. Gee vir elkeen 'n prent om op te hou sodat almal dit kan sien.
- Vra die klas om die prente/voorwerpe te noem en dit by diegene met dieselfde gefokusde klank te pas.
- Die leerders met hierdie prente/voorwerpe beweeg na mekaar. Hulle kyk na die alfabetkaart om die bypassende letter te vind.
- Herhaal met ander klanke.

### HANDSKRIF Oefen in oefenboeke

15 min




- Die leerders gebruik groot bewegings om die letter wat aangeleer is te vorm – in die lug, op die grond met verskillende mediums (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Die leerders oefen om die letter in hul oefenboeke te skryf.
- Loop deur die klas en ondersteun. Let op hul potloodgreep en postuur.

## GEDEELDE LEES (1) *Nuwe kryte*

GB bl. 33-36

15 min




**Lees uit die Grootboek**

- Lees *Nuwe kryte*-storie vir en dan weer saam met die klas.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Gaan voort om konsepte van gedrukte teks en klanke wat aangeleer is, te versterk.

**Lees die flitskaartwoorde: rooi, blou, geel, groen**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by die woorde in die Grootboek.

**Lees weer die storie**

## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 110-117

30 min

- Die leerders voltooi vandag twee OW-bladsye, tensy hulle Klanke Assessering het (sien tabel op bladsy 78).
- Kontroleer om te sien dat die leerders weet wat om op die OW-bladsye te doen.
- Wanneer die klas gereed is, roep Groep A mat toe vir Klanke Assessering.

## KLANKE ASSESSERING 1 Groep B

MG bl. 53-59

15 min



- Roep Groep B-leerders individueel vir hierdie assessering.
- Wys prentkaarte. Vir elke kaart vra:
  - Wat is dit?
  - Wat is die eerste klank?
  - Wat is die laaste klank?
  - Klap die lettergrepe.
- Wys 'n vermenging van hoof- en kleinletterkaarte wat in hierdie kwartaal aangeleer is. Die leerder sê die klanke.
- Wys flitskaarte van 2 eenvoudige woorde met letters wat aangeleer is. Die leerders lees die woorde.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 126
**Punte:** 12

## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

**Warm op**


**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

## VISUELE KUNSTE Meng kleure

30 min




**Berei voor**

- Gee vir elke groep/paar/leerder 'n verfkwassie, 'n koppie water, 'n herwinbare houer om in te meng, 'n klein bietjie rooi, blou en geel verf en 'n skoon vel papier.
- Kopieer die aktiwiteit op die bord deur gekleurde kryt te gebruik.

**Demonstreer**

- Lees die eerste aktiwiteit op die bord saam.
- Sit 'n kol rooi en 'n kol blou verf in 'n houer. Demonstreer hoe om die rooi en blou verf te meng.
- Wys hoe om die kwassies skoon te maak, nadat dit in 'n kleur gedruk is.
- Maak 'n kol van die gemengde (pers) verf.

**Die leerders meng verf**

- Sê vir die leerders om versigtig en stadig te werk wanneer hulle kleure meng.
- Indien hulle in groepe werk, laat hulle beurte maak om te kopieer en om een ry op die bord te voltooi.
- Hulle kan enige kleure vir die laaste ry meng.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Klanke Assessering. Ken bladsye uit die DBO-werkboeke vir groepe wat nie geassesseer word nie.

# WOENSDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die naamspeletjie met 'n paar leerders
- Dieselfde of verskillende klank?

## AANVANGSKENNIS EN PSW

**Help en respekteer ouer mense**

LAB
bl. 110
15 min




**Vertel weer die storie**
- Kyk saam na die prent op bladsy 110 in die LAB.
- Gebruik dit as aansporing vir die leerders om *Die verrassing* oor te vertel.

**Bespreek**
- Hoekom, dink jy, het Lillie haar beste gedoen om Ouma-Langsaan se stoep skoon te maak?
- Het sy geweet dat Ouma-Langsaan vir haar 'n geskenk gaan gee?
- Hoekom is dit belangrik om ons bejaardes te help?
- Het jy al enige bejaardes gehelp? Wat het jy gedoen?
- Is dit altyd veilig vir kinders om bejaardes te help?
- Hoe kan ons seker maak dat ons veilig is wanneer ons bejaardes help?

## KLANKE

**Die k-klank**

LAB
bl. 107
15 min




**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank. Hou die vorm van jou mond dop. Wie se naam begin met hierdie klank? Wie se naam het hierdie klank in? Kyk hoe die letter geskryf is.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Fokus op die sleutelwoord in die boonste ry. Leer 'n aksie aan om die leerders te help om die sleutelwoord met die klank te assosieer.
- Lees die ander woorde met die fokus op die nuwe letterklank.
- Die leerders kan nog woorde met die klank gee.


**Demonstreer die letterformasie**
- Gebruik die inligting oor letterformasie op bladsy 34-36 in die *Metodiekgids*.
- Die leerders trek oor die letters met hulle vingers en daarna met potlode, deur by die groen kolletjies te begin.

**Lees die sin stadig vir die leerders**
- Die leerders omkring vandag se letter in die sin.

## HANDSKRIF

**Groot bewegings**


15 min




- Sing of speel die liedjie oor die letter.
- Die leerders gebruik groot bewegings om die letter wat aangeleer is te vorm – in die lug, op die grond met verskillende mediums (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Help die leerders om die handbewegings te beskryf terwyl hulle dit doen.

## GEDEELDE LEES (2) *Nuwe kryte*

GB bl. 33-36
15 min




**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Nuwe kryte*-storie vir en dan weer saam met die klas.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie in die klas.

**Identifiseer die letters wat tot dusver aangeleer is**
- Die leerders wys die letters uit wat hulle alreeds aangeleer het.

**Hersien die flitskaartwoorde: rooi, blou, geel, groen**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by die woorde in die Grootboek.

## GEDEELDE SKRYF ’n Lys van kleure

15 min




**Hersien hoe ’n lys lyk**
- Nuwe reël vir elke item.
- Opskrif heelbo.
- Geen punte.

**Skryf saam ’n lys van kleure op die bord**
- Wat is my opskrif? (*kleure*)
- Waar sal ek die eerste kleur skryf?
- Watter kleur sal ek eerste skryf?
- Met watter letterklank begin dit?
- Waar sal ek die tweede een skryf?
- Watter ander kleure kan ek skryf? (voeg soveel kleure by waaraan die leerders kan dink)

## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 110-117
30 min

- Die leerders voltooi vandag twee OW-bladsye, tensy hulle Klanke Assessering het (sien tabel op bladsy 78).
- Kontroleer om te sien dat die leerders weet wat om op die OW-bladsye te doen.
- Wanneer die klas gereed is, roep Groep C mat toe vir Klanke Assessering.

## KLANKE ASSESSERING 1 Groep C

MG bl. 53-59
15 min

- Groep C-leerders individueel vir hierdie assessering.
- Wys 4 prentkaarte. Vir elke kaart vra:
  - Wat is dit?
  - Wat is die eerste klank?
  - Wat is die laaste klank?
  - Klap die lettergrepe.
- Wys ’n vermenging van hoof- en kleinletterkaarte wat in hierdie kwartaal aangeleer is. Die leerder sê die klanke.
- Wys flitskaarte van 2 eenvoudige woorde met letters wat aangeleer is. Die leerders lees die woorde.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 126
**Punte:** 12

## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Klanke Assessering. Ken bladsye uit die DBO-werkboeke vir groepe wat nie geassesseer word nie.

## UITVOERENDE KUNSTE Sing *Die reënboog*-liedjie

30 min

**Onderrig *Die reënboogliedjie***
- Die leerders staan soos in ’n koor.
- Onderrig woorde en aksies.

**Die reënboog-liedjie**

Reënboog, reënboog, hoog en helder.
Reënboog, reënboog, gemaak van lig.
Van die wolke tot op die grond.
Ek sien kleure reg rondom.
Rooi, oranje, geel, groen en blou,
indigo en violet ook.

Rooi, oranje, geel, groen en blou
indigo en violet ook.
’n Reënboog!
’n Reënboog!
’n Reënboog!

# DONDERDAG



## OGGENDBYEENKOMS

**15 min**

- Register, kalender, weer
- Speel die naamspeletjie met 'n paar leerders
- Dieselfde of verskillende klank?



## LUISTER EN PRAAT Resiteer 'n rympie

**15 min**

- Onderrig die rympie en klap.
- Die leerders skakel in waar hulle kan (die tweede keer).

**Kleure**

Die kleure van die reënboog
vlieg daar ver en hoog.
Dit moet 'n skoenlapper wees!

Wat 'n fees!
Rooi, blou, geel en groen.
Watter kleure kan ons nog noem?



## KLANKE Woordbou

**LAB bl. 108**
**15 min**

**Berei voor**


- Knip die letterkaarte op bladsy 161 in die LAB uit.
- Vertoon die letterkaarte op die bord.

**Werk deur bladsy 108 in die LAB**

- Die leerders sê die letterklanke wat deur die seekat gehou word.
- Lees die woorde saam.
- Wys uit dat daar een blokkie vir elke klank is.

**Bou woorde met die kaarte op die bord**

- Sê een van die woorde op bladsy 108 in die LAB.
- Die leerders tel die klanke met hul vingers.
- Roep 'n leerder na die bord. Help hulle om die kaarte te gebruik om 'n woord te bou.
- Gaan voort met ander woorde en ander die leerders.
- Indien die leerders sukkel, probeer die volgende: Probeer om die Elkonin-blokkies te gebruik. Gee vir elke leerder 'n bladsy waarop 'n ry met 6 blokkies geteken is. Plaas ses tellers onder die blokkies. Sê 'n woord. Die leerder tel die klanke in die woord op hul vingers. Help hulle om 'n teller te skuif in 'n blokkie vir elke klank wat hulle hoor. Oefen hierdie gedurende GBL. Kyk ook na YouTube-video's oor hoe die onderwysers Elkonin-blokkies gebruik.






## HANDSKRIF Oefen in oefenboeke

**15 min**

- Die leerders gebruik groot bewegings om die letter wat aangeleer is te vorm – in die lug, op die grond met verskillende mediums (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Die leerders oefen om die letter in hul oefenboeke te skryf.
- Loop deur die klas en ondersteun. Let op hul potloodgreep en postuur.



## GEDEELDE LEES (3) *Nuwe kryte*


**GB bl. 33-36**
**15 min**

**Lees uit die Grootboek**

- Lees *Nuwe kryte*-storie vir die klas, en wys na die woorde terwyl jy lees.
- Vra die **Dag 3**-vrae op bladsy 36.

**Hersien die flitskaartwoorde: rooi, blou, geel, groen**


- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by die woorde in die Grootboek.
- Plaas die flitskaarte teen die woordmuur.





## SKRYF ASSESSERING 1 — 'n Lys met items in 'n potloodsakkie

**OG bl. 130**
**15 min**


Naam: Datum:
Huistaal, Skryf-aktiwiteit 1 (Week 7)
Skryf 'n lys met 4 items in jou potloodsakkie.
Teken die items as daar tyd is.
Lys met items in potloodsakkie
1
2
3
4
130 Donderdag

**Berei voor**
- Hersien die kenmerke van 'n lys. Verwys na die lys wat die vorige dag geskryf is.
- Vandag gaan ons 'n lys skryf met items wat julle graag in jul potloodsakkie wil hê.
- Kyk saam wat in 'n paar potloodsakkies is.
- Fotokopieer OG bladsy 130 vir elke leerder.

**Skryf 'n lys**
- Die leerders skryf ten minste 4 items op hul lys. Moedig hulle aan om 'n kans met spelling te waag.
- Die leerders mag hul werk illustreer, indien hulle wil.
- Neem in en sien na.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 130
**Punte:** 8



## ONAFHANKLIKE WERK

**LAB bl. 110-117**
**30 min**

- Die leerders voltooi vandag twee OW-bladsye, tensy hulle Klanke Assessering het (sien tabel op bladsy 78).
- Kontroleer om te sien dat die leerders weet wat om op die OW-bladsye te doen.
- Wanneer die klas gereed is, roep Groep D mat toe vir Klanke Assessering.





## KLANKE ASSESSERING 1 — Groep D

**MG bl. 53-59**
**30 min**

- Roep Groep D-leerders individueel vir hierdie assessering.
- Wys 4 prentkaarte. Vir elke kaart vra:
  - Wat is dit?
  - Wat is die eerste klank?
  - Wat is die laaste klank?
  - Klap die lettergrepe.
- Wys 'n vermenging van hoof- en kleinletterkaarte wat in hierdie kwartaal aangeleer is. Die leerder sê die klanke.
- Wys flitskaarte van 2 eenvoudige woorde met letters wat aangeleer is. Die leerders lees die woorde.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 126
**Punte:** 12



## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

**30 min**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**





## UITVOERENDE KUNSTE — Dramatiseer hoe om ouer mense te help

**30 min**

**Berei voor**
- Verdeel die leerders in groepe.
- Groepe kies een manier hoe hulle bejaardes in die gemeenskap kan help.
- Hulle skep 'n toneelspel daaroor.
- Laat 10 minute toe vir voorbereiding.

**Voer op**
- Groepe doen hul toneelspel vir die klas.
- Sê vir elke groep wat hulle goed gedoen het.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Klanke Assessering. Ken bladsye uit die DBO-werkboeke vir groepe wat nie geassesseer word nie.



# VRYDAG



## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Berei voor**
- Gee vir die leerders 'n onderwerp waaroor hulle nuus moet vertel

**Dink**
- Watter nuus wil jy oor hierdie onderwerp deel.

**Pare**
- Gebruik die My nuus-raam om jou nuus vir jou maat te vertel.

**Deel**
- Kies 'n paar leerders om hul nuus met die klas te deel.



## KLANKE Letterslang-speletjie

LAB bl. 109
15 min




**Demonstreer die speletjie**
- Gooi die dobbelsteen/maak oë toe en plaas 'n vinger op die bladsy naby die blokkie.
- Beweeg die teller volgens die regte aantal spasies.
- Indien jy op 'n letter beland, sê die letterklank en beweeg vorentoe na 'n prent wat met daardie klank begin.
- As jy op 'n prent beland, beweeg agtertoe na 'n prent wat met daardie klank begin.

**Die leerders speel in pare**
- Die leerder wat eerste aan die einde van die bord kom, is die wenner.



## ONAFHANKLIKE SKRYF Deel lyste met items in 'n potloodsakkie

15 min



- Bespreek die belangrikheid daarvan om trots op jou werk te wees.
- Maak voorsiening vir teken/versier van lyste.
- Vra 'n paar leerders om hul lyste te wys en vir die klas te lees.
- Prys en moedig hulle aan, as skrywers en illustreerders.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 110-117
30 min



- Die leerders voltooi vandag twee OW-bladsye, tensy hulle Klanke Assessering het (sien tabel op bladsy 78).
- Kontroleer om te sien dat die leerders weet wat om op die OW-bladsye te doen.
- Wanneer die klas gereed is, roep Groep E mat toe vir Klanke Assessering.

## KLANKE ASSESSERING 1 Groep E

MG bl. 53-59

15 min



- Roep Groep E-leerders individueel vir hierdie assessering.
- Wys 4 prentkaarte. Vir elke kaart vra:
- Wat is dit?
- Wat is die eerste klank?
- Wat is die laaste klank?
- Klap die lettergrepe.
- Wys 'n vermenging van hoof- en kleinletterkaarte wat in hierdie kwartaal aangeleer is. Die leerder sê die klanke.
- Wys flitskaarte van 2 eenvoudige woorde met letters wat aangeleer is. Die leerders lees die woorde.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 126
**Punte:** 12

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Dink na oor die week**
- Waarvan het jy gedurende jou eerste weke by die skool gehou?
- Waarvan het jy nie gehou nie?

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.

## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Klanke Assessering. Ken bladsye uit die DBO-werkboeke toe vir groepe wat nie geassesseer word nie.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders**
- **LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en enige les wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en enige leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een, onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorber

## OORSIG VAN DIE WEEK

# Slaap



### VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

resies | vinnig | stadig | slaap

### RIGLYNE VIR ONAFHANKLIKE WERK

| **Al die leerders doen dieselfde OW-bladsy terwyl die onderwyser individue roep vir Lees en Begrip Assessering.** | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Maandag** | | **Dinsdag** | | **Woensdag** | | **Donderdag** | | **Vrydag** | |
| OW 1 (15 min) | OW 2 (15 min) | OW 3 (15 min) | OW4 (15 min) | OW 5 (15 min) | OW 6 (15 min) | OW 7 (15 min) | OW 8 (15 min) | Die onderwyser se keuse uit die DBO (15 min) | Die onderwyser se keuse uit die DBO (15 min) |

### ASSESSERING

Sien taakbesonderhede en nasienrubrieke in Kwartaal 1 Assessering agterin hierdie boek

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Dinsdag–Donderdag** | Aanvangskennis 1: Daaglikse weer | Mondeling, prakties | Rubriek bl. 129 |
| **Maandag–Vrydag** | Aanvangskennis 2: Klaskamer-roetines | Prakties | Rubriek bl. 129 |
| **Maandag–Vrydag** | Luister en Praat 1: Persoonlike ervaringe | Individuele mondeling (assesseer hierdie week ⅕ van die klas) | Rubriek bl. 125 |
| **Maandag–Vrydag** | Luister en Praat 2: Voer 'n liedjie/gedig op | Groep, prakties (assesseer hierdie week ⅕ van die klas) | Rubriek bl. 125 |
| **Maandag–Vrydag** | Lees en Begrip 1: Vertel 'n storie oor en beantwoord vrae | Individuele mondeling (assesseer elke dag ⅕ van die klas) | Rubriek bl. 127 |
| **Donderdag** | Handskrif 1: Skryf name | Skryf: Oefenboeke | Rubriek bl. 128 |


### BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- deurskynende glas met water, 'n sonnige venster, 'n vel wit papier
- skêre
- verfkwassies, herwinbare houer om verf te meng, en 'n koppie water per groep
- rooi, blou en geel verf

**Hardopleesstorie**
- *Haas en Skilpad hardloop resies*

**Rolspel**
- *Haas en Skilpad hardloop resies*

**Liedjie**
- Wiegelied
- Luister en Praat Assessering 1 (persoonlike ervaringe): ⅙ van klas






**Gedeelde Lees**
- *Haas en Skilpad hardloop resies*

**Liggaamsopvoeding**
- Aktiwiteitstasies







**Groepbegeleide Lees**
- Lees en Begrip Assessering 1: Vertel 'n storie oor en beantwoord vrae
- Onafhanklike Werk: 8 OW-bladsye



**Skryf**
- Storiekaarte
- Skryf 'n sin en teken 'n prent oor die einde van storie



**Visuele Kunste**
- Maak marionette

**Uitvoerende Kunste**
- Poppekasvertoning






**Klanke**
- Klanke – **a**, **r**

**Handskrif**
- Letters – **Aa**, **Rr**
- Handskrif Assessering 1: Skryf naam

**Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welsyn**
- *'n Goeie nagrus*
- Slaaptyd-roetines
- Drome

# Haas en Skilpad hardloop resies



Haas het altyd **gespog** oor hoe vinnig hy kon hardloop. Hy het gesê: "Ek is die vinnigste dier in Afrika! Ek kan enige iemand in 'n resies wen."

Uil het moeg geraak vir Haas se gespog. Toe sê hy: "Wie sal teen Haas resies hardloop om te sien of hy regtig die vinnigste dier is?"

Skilpad was 'n stadige dier, maar hy was nederig en gaaf. "Ek is stadig, maar ek sal teen Haas resies hardloop," het hy gesê.

Haas het gelag: "Ek is baie vinniger as jy, Skilpad. Ek sal maklik vir ou stadige Skilpad wen." Hy het huis toe gegaan en uitgesien daarna om die volgende dag die resies te wen.

Tuis het Haas aandete geëet en TV gekyk. Hy het een program gekyk, toe nóg een en nóg een. Hy het vergeet dat almal elke aand 'n goeie nagrus moet kry. Uil het gesien hoe Haas TV kyk.

"Gaan slaap, Haas," het hy uitgeroep. "Jy hardloop môre 'n resies!" Maar Haas het aangehou kyk. Uiteindelik het hy aan die slaap geraak toe dit baie, baie laat was en die maan al hoog in die lug gesit het.



**WOORDESKAT**

**spog:** om te sê jy is die beste (teenoorgestelde van nederig)

Skilpad het egter vroeg gaan inkruip sodat hy die volgende dag vars kon voel.

Vroeg die volgende oggend was Skilpad en 'n baie slaperige Haas by die wegspringpunt. Uil het die resies begin. Hy het uitgeroep: "Op julle merke, gereed, weg!"

Haas het vinnig vooruit gehardloop en gou vir Skilpad ver agter gelos. Hy het so vinnig soos hy kon gehardloop. Gou-gou het die son hoog in die lug gesit en het dit warm geword. Haas het baie warm begin kry en **lomerig** gevoel. Hy het nie die vorige nag genoeg geslaap nie! Toe sien hy 'n skaduboom. Hy het gedink: "Skilpad is so ver agter. Hy sal my nooit inhaal nie! Ek sal stop vir 'n vinnige slapie." Haas het toe in die skaduwee gaan lê en vinnig vas aan die slaap geraak.

**lomerig:** slaperig

Intussen het Skilpad stadig maar sonder ophou met die pad gestap. Hy het uur na uur gestap en gestap. Hy het gesien dat Haas vas aan die slaap onder die boom lê, maar hy het aangehou stap. Toe die son begin ondergaan het, was hy amper by die wenstreep.

Net toe het Haas wakker geskrik en gesien dat die son besig was om onder te gaan. Hy het te lank geslaap! Hy het opgespring en so vinnig soos hy kon na die wenstreep gehardloop, net betyds om te sien hoe Skilpad die resies wen! Hy was baie teleurgesteld.

Meneer Uil het gesê: "Miskien sal dit jou leer om nie te spog nie, Haas. En om elke aand 'n goeie nagrus te kry."



# MAANDAG



## OGGENDBYEENKOMS Nuus

**15 min**

**Voorsien 'n onderwerp**
- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.

**Dink**
- Watter nuus wil jy oor hierdie onderwerp deel.

**Pare**
- Gebruik die My nuus-raam om jou nuus vir jou maat te vertel.

**Berei voor**
- Kies 'n paar leerders om hul nuus met die klas te deel.



## HARDOPLEESSTORIE *Haas en Skilpad hardloop resies*

**OG bl. 94 en 95**
**15 min**

**Vóór lees**
- Wys die prente op bladsy 38-41 in die GB.
- Watter diere sien jy? (Haas, Skilpad, Uil)
- Wie gaan ons karakters in ons storie wees?


**Lees die storie hardop, met uitdrukking**
- Gebruik verskillende stemtone vir elke karakter.
- Moenie ophou lees om die storie te verduidelik of vrae te vra nie. Die doel is dat die leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Na lees**
- Laat die leerders toe om op die storie te reageer en te sê wat hulle geniet het en waaroor hulle gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk
- Indien die tyd dit toelaat, vra:
  - Hoekom was dit vir Haas nodig om gedurende die resies te slaap?
  - Wat het Haas geleer?



## AANVANGSKENNIS EN PSW *'n Goeie nagrus*

**GB bl. 37**
**30 min**




**Bespreek**
- Hoe het jy vanoggend gevoel toe jy wakker geword het? Wou jy nog geslaap het? Was jy gereed vir die dag?
- Vra die leerders om hul energievlakke te wys deur: op die vloer te sit (lae energievlak), staan (so-so) of staan en hou hul hande in die lug (vol energie). Vra elke groep of hulle 'n goeie nagrus gehad het.


**Lees die teks vir die leerders**
- Bespreek hoekom ons kolpunte in lyste van feite, soos op hierdie bladsy, gebruik.
- Gebruik die geleentheid om klanke wat tot dusver aangeleer is, te versterk.

**Ná lees**
- Pare: Vertel vir jou maat van 'n tyd toe jy nie lekker geslaap het nie.
- Vrywilligers: Vertel vir die klas wat jou gekeer het om te slaap.
- Klasbespreking: Wat kan ons doen om goed te slaap? (dieselfde bedtyd en opstaantyd' 'n kalmerende roetine; slaap met sagte speelgoed of 'n spesiale kombers)



## KLANKE Die **a**-klank

**LAB bl. 123**
**15 min**




**Hersien klanke**
- Wys vinnig die flitskaarte van die klanke wat alreeds aangeleer is. Die leerders sê die klanke.

**Stel die nuwe letter bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank. Hou die vorm van jou mond dop.
- Wie se naam begin met hierdie klank? Wie se naam het hierdie klank in?
- Kyk hoe die letter geskryf is.

**Identifiseer woorde met die letter**
- Fokus op die sleutelwoord in die boonste ry. Leer 'n aksie aan om die leerders te help om die sleutelwoord met die klank te assosieer.
- Lees die ander woorde, met die fokus op die nuwe letterklank.
- Die leerders kan nog woorde met die klank gee.


**Demonstreer die letterformasie**
- Gebruik die inligting oor letterformasie op bladsy 34-36 in die *Metodiekgids*.
- Die leerders trek oor die letters met hulle vingers en daarna met potlode, deur by die groen kolletjies te begin.

**Lees die sin stadig vir die leerders**
- Die leerders omkring vandag se letter in die sin.

## HANDSKRIF Groot bewegings

**15 min**

- Sing of speel die liedjie oor die letter.
- Die leerders gebruik groot bewegings om die letter wat in klankles aangeleer is te vorm – in die lug, op die grond, met verskillende mediums (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Help hulle om hul handbewegings te beskryf terwyl hulle dit doen.




## ONAFHANKLIKE WERK

**LAB bl. 127-134**
**30 min**


- Die leerders voltooi vandag twee OW-bladsye (sien tabel op bladsy 92).
- Kontroleer om te sien dat die leerders weet wat om op die OW-bladsye te doen.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep Groep A-leerders individueel mat toe vir Lees en Begrip Assessering.

## LEES EN BEGRIP ASSESSERING 1 Groep A

**GB bl. 38**
**30 min**

- Roep die leerders in Groep A een vir een om vrae oor die storie te beantwoord.
- Wys bladsy 38 in die GB.
- Vra hierdie vrae:
  – Wat gebeur in hierdie storie?
  – Wie is die karakters in die storie?
  – Hoekom het Haas aan die slaap geraak?
  – Wie het gewen? Hoekom?
  – Van wie hou jy die meeste in die storie? Hoekom?

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 127
**Punte:** 12


Haas en Skilpad hardloop resies

Haas en Skilpad hardloop resies.

38

## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**30 min**

**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe.

**Stel die aktiwiteitstasies bekend**
- Wys die apparaat en verduidelik hoe om die aktiwiteit by elke stasie te doen.

- Die leerders oefen die aktwiteite.
- Indien die tyd dit toelaat, speel 'n speletjie soos vang-vang, krappe-en-kraaie of, wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Lees en Begrip Assessering. Ken bladsye uit die DBO-werkboeke aan groepe toe wat nie geassesseer word nie.

## VISUELE KUNSTE Skilpad- en Haas-marionette

**30 min**

**Berei voor**
- Deel papierborde, kryte, karton, skêre, gom vir elke leerder uit.
- Maak skilpad- en haas-marionette vooraf vir die leerders om te kopieer

**Die leerders maak marionette**
- Die helfte van die klas maak skilpad-marionette maak en die ander helfte haas-marionette.
- 

- Om die skilpad te maak: Knip die bord in die helfte. Versier dit met skilpad-kenmerke. Knip 'n kop en pote uit en plak dit op.
- Om die haas te maak: Teken oë en 'n neus op die bord. Knip wimpers en ore uit en plak dit vas.
- Heg 'n stokkie aan die agterkant van die marionette.
- Die leerders gaan dit gebruik wanneer hulle die storie op Woensdag oorvertel.



# DINSDAG



## OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die naamspeletjie met 'n paar leerders
- Dieselfde of verskillende klank?



## LUISTER EN PRAAT

### Begeleide dramatisering: *Haas en Skilpad hardloop resies*

15 min

**Berei voor**
- Neem die leerders na die saal of buitentoe.
- Ken rolle toe. Byvoorbeeld: seuns is die skilpaaie en die meisies die hase en die onderwyser die uil.

**Begeleide dramatisering**
- Die hase en skilpaaie gaan voorgee dat hulle gaan resies hardloop.
- Die hase begin om vinnig te hardloop (hardloop op die plek of om die speelterrein).
- Die skilpaaie begin om stadig te loop (loop baie stadig op die plek of om die speelterrein).
- Die hase is ver voor. Wat gaan jy doen? (*hou op hardloop en gee voor jy slaap*).
- Skilpaaie, wat gaan julle doen? (*hou aan stap*).
- Hier is die wenstreep. Skilpad het die resies gewen. Wys hoe gelukkig die skilpaaie is!
- Die hase skrik wakker. Hardloop na die wenstreep.
- O nee, Skilpad het gewen! Wys hoe julle voel, Hase.
- Die einde. Kom ons gaan binnetoe. Skilpaaie, stap julle eerste.





## AANVANGSKENNIS EN PSW

### Slaaptyd-roetines

LAB bl. 124
15 min

- Lees weer die kolpunte op bladsy 37 in die GB oor hoe om 'n goeie nagrus te kry.
- Vra 'n paar leerders om te deel wat hulle gisteraand voor bedtyd gedoen het.
- Die leerders voltooi die LAB-bladsy.
- Vra: Wanneer is dit jou slaaptyd? Help die leerders om hande op die horlosie te teken om hul slaaptyd aan te dui.






## KLANKE

### Luister en pas

15 min

**Berei voor**
- Speel met klanke wat alreeds in die kwartaal aangeleer is. Versteek 'n letterkaart vir elke klank in die klas. Gee vir elke leerder 'n prentkaart vir elk van hierdie klanke.

**Vind die fokusklank**
- Wanneer jy "gaan" sê, vind die leerders ander wat prente met dieselfde fokusklank het.
- Elke groep moet die versteekte letter vind wat by hul klank pas.
- Die eerste groep wat hul letter-klank vind en op die mat met al hul letterkaarte sit, is die wenners.




## HANDSKRIF

### Oefen in oefenboeke

15 min

- Die leerders gebruik groot bewegings om die letter wat in klankles aangeleer is te vorm – in die lug, op die grond, met verskillende mediums (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Die leerders oefen om die letter te skryf in hul oefenboeke.
- Loop deur die klas en ondersteun die leerders. Let op hul potloodgreep en postuur.





## GEDEELDE LEES (1) *Haas en Skilpad hardloop resies*

GB bl. 38-41
15 min


**Lees uit die Grootboek**

- Lees *Haas en Skilpad hardloop resies* vir die klas en wys na die woorde terwyl jy lees.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Gaan voort om konsepte van gedrukte teks en klanke wat tot dusver aangeleer is, te versterk.

**Leer die flitskaartwoorde: resies, vinnig, stadig, slaap**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by die woorde in die Grootboek.

**Lees weer die storie**







## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 127-134
30 min

- Die leerders voltooi vandag twee OW-bladsye (sien tabel op bladsy 92).
- Kontroleer om te sien dat die leerders weet wat om op die OW-bladsye te doen.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep Groep B-leerders individueel mat toe vir Lees en Begrip Assessering






## LEES EN BEGRIP ASSESSERING 1 Groep B

GB bl. 38
30 min

- Roep die leerders in Groep B een vir een om vrae oor die storie te beantwoord.
- Wys bladsy 38 in die GB.
- Vra hierdie vrae:
  - Wat gebeur in hierdie storie?
  - Wie is die karakters in die storie?
  - Hoekom het Haas aan die slaap geraak?
  - Wie het gewen? Hoekom?
  - Van wie hou jy die meeste in die storie? Hoekom?

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 127
**Punte:** 12






## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**





## VISUELE KUNSTE Voltooi haas- en skilpad-marionette

30 min

- Die leerders voltooi hul marionette.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Lees en Begrip Assessering. Ken bladsye uit die DBO-werkboeke toe vir groepe wat nie geassesseer word nie.



# WOENSDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die naamspeletjie met 'n paar leerders
- Dieselfde of verskillende klank?

## AANVANGSKENNIS EN PSW Drome

15 min

**Inleiding**
- Vra 'n paar leerders om te deel waarvan hulle die vorige aand gedroom het.
- Gesels oor of dit gelukkige drome of nagmerries was.

**Bespreek wat jy kan doen indien jy 'n slegte droom het**
- Sê vir die leerders dat 'n slegte droom 'n nagmerrie genoem word.
- Het jy al ooit 'n nagmerrie gehad? Wat het gebeur? (Indien daar te veel bydraes is, laat die leerders in pare met mekaar vir 2 minute praat.)
- Wat kan jy doen om beter na 'n nagmerrie te voel? (Gesels oor die droom met 'n ouer of 'n ander volwassene wat jy kan vertrou; teken 'n prent van die droom; dink oor die droom, maar laat dit gelukkig eindig.)

## KLANKE Die r-klank

**Hersien klanke**
- Wys vinnig die flitskaarte van die klanke wat alreeds aangeleer is. Die leerders sê die klanke.

**Stel die nuwe letter bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank. Hou die vorm van jou mond dop. Wie se naam begin met hierdie klank? Wie se naam het hierdie klank in? Kyk hoe die letter geskryf is.

**Identifiseer woorde met die letter**
- Fokus op die sleutelwoord in die boonste ry. Leer 'n aksie aan om die leerders te help om die sleutelwoord met die klank te assosieer.
- Lees die ander woorde, met die fokus op die nuwe letterklank.
- Die leerders kan nog woorde met die klank gee.

LAB bl. 125

15 min





**Demonstreer die letterformasie**
- Gebruik die inligting oor letterformasie op bladsy 34-36 in die *Metodiekgids*.
- Die leerders trek oor die letters met hulle vingers en daarna met potlode, deur by die groen kolletjies te begin.

**Lees die sin stadig vir die leerders**
- Die leerders omkring vandag se letter in die sin.

## HANDSKRIF Groot bewegings

15 min

- Sing of speel die liedjie oor die letter.
- Die leerders gebruik groot bewegings om die letter wat in klankles aangeleer is te vorm – in die lug, op die grond, met verskillende mediums (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Help hulle om hul handbewegings te beskryf terwyl hulle dit doen.




## GEDEELDE LEES (2) *Haas en Skilpad hardloop resies*


GB bl. 38-41

15 min

**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Haas en Skilpad hardloop resies* vir die klas en wys na die woorde terwyl jy lees.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees weer die storie

**Identifiseer die letters wat tot dusver aangeleer is**
- Die leerders wys die letters uit wat hulle alreeds aangeleer het.

**Hersien die flitskaartwoorde: resies, vinnig, stadig, slaap**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by die woorde in die Grootboek.





## GEDEELDE SKRYF Storiekaart

15 min

**Berei voor**
- Kopieer die storiekaart-uitleg op die bord.

**Voltooi die storiekaart vir *Skilpad en Haas hardloop resies***
- Verduidelik: As ons vir iemand wil vertel waaroor ’n storie gaan, herinner ’n storiekaart ons aan wat om te sê.
- Karakters beteken wie in die storie was.
- Omgewing is waar die storie plaasvind.
- Ontlok inligting uit die leerders en skryf die storiekaart saam:
- Omgewing: Waar vind die storie plaas? *(in die veld)*
- Karakters: Wie is in die storie? *(Uil, Haas, Skilpad)*
- Intrige: Wat gebeur? *(Haas en Skilpad hardloop resies.)*
- Einde: Hoe eindig die storie? *(Skilpad wen die resies.)*




**Lees saam die storiekaart**
- Dink jy dat die storiekaart vir iemand sal vertel waaroor die storie gaan? *(’n Storiekaart behoort ’n opsomming van die storie te wees.)*

Bêre die voltooide storiekaart om die volgende dag te gebruik



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 127-134
30 min

- Die leerders voltooi vandag twee OW-bladsye (sien tabel op bladsy 92).
- Kontroleer om te sien dat die leerders weet wat om op die OW-bladsye te doen.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep Groep C-leerders individueel mat toe vir Lees en Begrip Assessering.






## LEES EN BEGRIP ASSESSERING 1 Groep C

GB bl. 38
30 min

- Roep die leerders in Groep C een vir een om vrae oor die storie te beantwoord.
- Wys bladsy 38 in die GB.
- Vra hierdie vrae:
  - Wat gebeur in hierdie storie?
  - Wie is die karakters in die storie?
  - Hoekom het Haas aan die slaap geraak?
  - Wie het gewen? Hoekom?
  - Van wie hou jy die meeste in die storie? Hoekom?

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 127
**Punte:** 12


Haas en Skilpad hardloop resies

Haas en Skilpad hardloop resies.

38



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Lees en Begrip Assessering. Ken bladsye uit die DBO-werkboeke toe vir groepe wat nie geassesseer word nie.



## UITVOERENDE KUNSTE Haas- en Skilpad-poppespel

30 min

- In pare: Een maat het ’n haas-marionet; die ander een ’n skilpad-marionet.
- Pare berei ’n poppekas-vertoning met hul marionette voor.
- Hulle werk uit wat elke marionette gaan sê en doen.
- Oefen die poppekas-vertoning om die volgende dag op te voer.

# DONDERDAG

## OGGENDBYEENKOMS

**15 min**

- Register, kalender, weer
- Speel die naamspeletjie met 'n paar leerders
- Dieselfde of verskillende klank?

## LUISTER EN PRAAT Wiegelied


**15 min**

- Gesels oor wiegeliedjies en wanneer ons dit sing. *(liedjies wat ons vir klein kinders (babas) sing om hulle te help om aan die slaap te raak)*
- Onderrig die wiegeliedjie. Gebruik wiegarms.

**Slaap, kindjie, slaap**
Slaap, kindjie, slaap.
Daar buite loop 'n skaap.
Skapie met witte voetjies,
drink tog sy melkies so soetjies.
Skapie met sy witte wol,
kindjie drink sy magie vol.

## KLANKE Woordbou

**LAB bl. 161**
**15 min**




Die leerders knip die letterkaarte op bladsy 161 uit

- Hierdie is dieselfde letters as op die seekat op bladsy 108 in die LAB.
- Wys vir die leerders hoe om die volle bladsy uit te knip en dan om weer langs die stippellyne te knip om 'n letterkaart uit te knip. Herinner hulle om die afvalstukkies papier in die vullisblik te gooi.
- Vertoon dieselfde onderwyser-kaarte lukraak op die bord.

**Identifiseer die letters**

- Sê elke letterklank hardop. Die leerders hou die bypassende kaart op.

**Bou die woorde in die LAB op bladsy 108**

- Roep 'n leerder na die bord vir elke woord.
- Sê 'n woord In LAB op bladsy 108 hardop. Vra: Wat is die eerste klank? Wat is die eerste letter? Ensovoorts.
- Laat die leerder die letterkaarte vind en in die regte posisie plaas.
- Die ander leerders maak die woord met hul eie kaarte by hul lessenaars. Die leerders maak mondelinge sinne met elke woord.
- Plaas die letters in 'n houer/ sakkie om weer te gebruik

## HANDSKRIF ASSESSERING 1


**15 min**

- Herinner die leerders dat hierdie 'n assessering is om letters reg te vorm, om dit ewe groot te maak en om dit eweredig te spasieer.
- Die leerders skryf hul name in hul oefenboeke in hul beste handskrif. Loop deur die klas en let op na potloodgreep vir assessering.
- Die leerders oefen die vorige dag se letter in hul oefenboeke. Neem boeke in om na te sien.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 128
**Punte:** 8

## GEDEELDE LEES (3) *Haas en Skilpad hardloop resies*

**GB bl. 38-41**
**15 min**




**Lees uit die Grootboek**

- Lees *Haas en Skilpad hardloop resies* vir die klas en wys na die woorde terwyl jy lees.

**Vra die Dag 3-vrae op elke bladsy.**

- Lees weer die storie.


**Hersien die flitskaartwoorde: resies, vinnig, stadig, slaap**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by die woorde in die Grootboek.
- Plaas die flitskaarte teen die woordmuur.

## ONAFHANKLIKE SKRYF

### Storiekaart: Einde

LAB bl. 126
15 min




**Berei voor**
- Lees weer die voltooide storiekaart van die vorige dag saam met die leerders. Bêre dit.
- Wat beteken hierdie woorde: karakters, omgewing, einde?

**Teken en skryf**
- Teken die einde van die storie *Haas en Skilpad hardloop resies*.
- Skryf 'n sin daaroor. Waag 'n kans met spelling.

## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 127-134
30 min




- Die leerders voltooi vandag twee Onafhanklike Werk-bladsye (sien tabel op bladsy 92).
- Kontroleer om te sien dat die leerders weet wat om op die OW-bladsye te doen.
- Herinner hulle om in stilte om hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep Groep D-leerders individueel mat toe vir Lees en Begrip Assessering.

## LEES EN BEGRIP ASSESSERING 1

### Groep D

GB bl. 38
30 min




- Roep die leerders in Groep D een vir een om vrae oor die storie te beantwoord.
- Wys bladsy 38 in die GB.
- Vra hierdie vrae:
  – Wat gebeur in hierdie storie?
  – Wie is die karakters in die storie?
  – Hoekom het Haas aan die slaap geraak?
  – Wie het gewen? Hoekom?
  – Van wie hou jy die meeste in die storie? Hoekom?

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 127
**Punte:** 12

## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

## UITVOERENDE KUNSTE

### Haas- en Skilpad-poppespel

30 min



- Pare voer hulle poppekas-vertoning vir die klas op.
- Prys hul pogings.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Lees en Begrip Assessering. Ken bladsye uit die DBO-werkboeke toe vir groepe wat nie geassesseer word nie.

# VRYDAG



## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Voorsien 'n onderwerp**
- Gee vir die leerders 'n onderwerp waaroor hulle nuus moet vertel.

**Dink**
- Watter nuus wil jy oor hierdie onderwerp deel.


**Pare**
- Gebruik die My nuus-raam om jou nuus vir jou maat te vertel.

**Deel**
- Kies 'n paar leerders om hul nuus met die klas te deel.



## KLANKE Diktee

15 min




- Die leerders werk op hul eie in hul oefenboeke.
- Sê 'n letterklank wat hierdie kwartaal aangeleer is. Herhaal slegs een keer.
- Die leerders skryf die letter in hul boeke.
- Gaan voort met al die klanke wat hierdie kwartaal aangeleer is.
- Neem in en sien na sodat jy kan sien watter die leerders nog ondersteuning/oefening nodig het.



## ONAFHANKLIKE SKRYF Deel sinne

LAB bl. 126

15 min



- Vra 'n paar leerders om hul prente te wys en hul sinne vir die klas te lees.
- Bespreek met die klas of hulle van die einde van die storie gehou het. Hoekom of hoekom nie?




## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 127-134

30 min



- Die leerders voltooi vandag twee OW-bladsye (sien tabel op bladsy 92).
- Kontroleer om te sien dat die leerders weet wat om op die OW-bladsye te doen.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep Groep E-leerders individueel mat toe vir Lees en Begrip Assessering.




## LEES EN BEGRIP ASSESSERING 1 Groep E

GB
bl. 38

30 min

- Roep die leerders in Groep E een vir een om vrae oor die storie te beantwoord.
- Wys bladsy 38 in die GB.
- Vra hierdie vrae:
  - Wat gebeur in hierdie storie?
  - Wie is die karakters in die storie?
  - Hoekom het Haas aan die slaap geraak?
  - Wie het gewen? Hoekom?
  - Van wie hou jy die meeste in die storie? Hoekom?

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 127
**Punte:** 12




## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Dink na oor die week**

- Wat het goed hierdie week verloop?
- Wat sal julle volgende week anders moet doen?

**Sien Onafhanklike Werk na**

- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Klanke Assessering 1. Ken bladsye uit die DBO-werkboeke toe vir groepe wat nie geassesseer word nie.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **gereageer op leerders**
- **LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en enige les wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en enige leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**

- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een, onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorber

## OORSIG VAN DIE WEEK



# Hou jouself skoon

### VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

skoon | skrop | spoel | droog

### RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

| GBL: 2 × 15 min per groep OW: 8 bladsye | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Maandag | | Dinsdag | | Woensdag | | Donderdag | | Vrydag | |
| **Groep A** | **GBL 1** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | **GBL 2** | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep B** | OW 1 | **GBL 1** | OW 2 | OW 3 | OW 4 | OW 5 | **GBL 2** | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep C** | OW 1 | OW 2 | **GBL 1** | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | **GBL 2** | OW 7 | OW 8 |
| **Groep D** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | **GBL 1** | OW 4 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | **GBL 2** | OW 8 |
| **Groep E** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | **GBL 1** | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 | **GBL 2** |

### LEESVLAK 1 EN 2-AKTIWITEITE VIR GBL

| Ouditief: Fonologiese en fonemiese bewustheid | Visueel: Letteridentifikasie |
|---|---|
| 1. Identifiseer lettergrepe (klap) in woorde. | 6. **Tel die letters** in 'n woord |
| 2. Identifiseer getal lettergrepe. | 7. Identifiseer **soortgelyke letters** |
| 3. Isoleer beginklanke of lettergrepe. | 8. **Noem** die letters wat in die klas aangeleer is. **Skryf** die klanke. |
| 4. Isoleer eindklanke of lettergrepe. | 9. Identifiseer **hoof- en kleinletters** in sinne. |
| 5. Identifiseer die getal klanke in kort woorde. | 10. Kan die **alfabet** opsê. |


### BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- bak/skottel, glas water, tandeborsel, tandepasta

**Hardopleesstorie**
- *Hoe Oskar 'n slurp gekry het*

**Groepwerk**
- Oorvertelling van storie

**Resiteer 'n gedig**
- *Oom Olifant*



**Gedeelde Lees**
- *Dit is tyd om jou te was, Olla!*



**Liggaamsopvoeding**
- Aktiwiteitstasies










**Groepbegeleide Lees**
- Leesvlak 1 en 2-aktiwiteite: 2 groepe per dag
- Onafhanklike Werk: 8 OW-bladsye






**Skryf**
- Volgorde: Tydwoorde
- Skryf 'n sin en teken 'n prent

**Visuele Kunste**
- Haas- en skilpad-marionette

**Uitvoerende Kunste**
- Haas en Skilpad-poppekasvertoning






**Klanke**
- Fonologiese bewustheidsaktiwiteite
- Klanke – **v**, **d**

**Handskrif**
- Letter – **Vv**, **Dd**

**Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welsyn**
- Hou jouself skoon: Was hande en borsel tande
- Volgorde
- Luister na ouers

# Hoe Oskar 'n slurp gekry het



Lank, lank gelede, toe die aarde nuut was, het die diere almal 'n bietjie anders gelyk. Die olifante het kort neuse gehad, soos die leeus en honde. Maar hulle was toe al baie groot en nie bang vir die ander diere nie. Behalwe vir een dier, en dit was die reuse groen krokodil. Die reuse groen krokodil het in die bruin water van die rivier weggekruip en diere gegryp wat rivier toe gekom het om water te drink. (*Kan jy wys hoe hy hulle gegryp het?*) Daarom het olifante altyd in 'n groep na die rivier gegaan om water te drink, en ook net een keer op 'n dag, met sonsondergang.

Hierdie storie is oor 'n baba-olifant met die naam Oskar. Oskar was 'n klein bietjie stout. Hy het nie altyd vir sy mamma geluister nie. *(Nie soos julle wat almal na julle ma's luister nie.)* Oskar se ma het gereeld vir hom gesê: "Oskar, luister na my om veilig te bly."

"Ja, Mamma," het Oskar dan gesê. Maar hy het nie altyd gedoen wat hy moes nie.

Eendag was dit baie warm. Die son het helder geskyn en die olifante lomerig gemaak. Oskar het gesien dat die ouer olifante met hul oë toe in die son bak. Toe doen hy iets stouts. Hy is op sy eie rivier toe. *(Moes hy dit gedoen het?)*

Die bruin water het saggies gevloei. Hy het links en regs gekyk, maar kon nie die reuse groen krokodil sien nie. "Ek is seker dit is veilig," het hy gedink. *(Wat dink jy?)* Hy het afgebuk en water begin drink. Hy het net een slukkie gevat toe hy iets groens in die water sien! Hy het probeer om sy kop uit die water te trek, maar ... te laat! Die reuse groen krokodil het hom aan sy neus gegryp! O nee! Oskar het getrek en getrek, maar die krokodil se skerp tande was aan sy neus **vasgeklem**.



**WOORDESKAT**

**vasgeklem:** styf vasgemaak

Oskar het om hulp geroep. "Help my, help my!" het hy gehuil. Gelukkig het sy mamma hom gehoor. Sy het vinnig rivier toe gehardloop en gesien wat besig was om te gebeur. Sy het probeer om Oskar weg te trek, maar die krokodil het aan sy neus geklou. Die ander olifante het aangehardloop gekom en almal het Oskar saam probeer uittrek. Hulle het getrek en getrek en getrek en uiteindelik het die reuse groen krokodil Oskar se neus gelos. Oskar was vry!

Maar wat het met Oskar se neus gebeur? O toggie! Sy neus het **gerek**. Dit het so lank geword dat dit aan die grond geraak het! Oskar het gehuil: "Kyk hoe lyk my neus. Dit is so lank. Almal gaan vir my lag."

**gerek:** groter gemaak

Maar vreemd genoeg het Oskar die volgende dag uitgevind dat die lang neus nogal nuttig was! Hy kon dit as 'n hand gebruik om die hoë blare by te kom, en hy kon dit as 'n strooitjie gebruik om water mee te drink. En die beste van alles was, hy kon dit gebruik om water regoor sy lyf te **spuit**. Dit was perfek om skoon te bly. Hy was uiteindelik baie gelukkig met sy lang neus. Hy het dit 'n slurp genoem.

**spuit:** om uit te skiet, soos 'n stort

En van daardie dag af is alle baba-olifante met lang slurpe gebore, en die slurpe help hulle om te eet en te drink en om skoon te bly.

# Ben en Len



Ben en Len was 'n tweeling. Len het altyd vir sy mamma geluister, maar Ben was 'n klein bietjie stout. Mamma het hom soms Stoute Ben genoem. *(Is jy meer soos Len of Ben?)*

Eendag gedurende die vakansie, het Mamma die twee seuns rivier toe geneem om te swem. Hulle was baie opgewonde. Hulle het saam rivier toe geloop. Maar toe hulle by die groot rots by die rivierbank kom, het Mamma onthou dat sy nie die waterbottel saamgebring het nie.

"Bly net hier in die middel van die groot rots," het sy gesê.
"Moenie na die rand van die rots gaan nie en moenie in die water gaan nie. Onthou, julle kan nog nie swem nie! Ek gaan net gou ons waterbottel haal."

Die twee seuns het op die rots gewag. Maar later het Ben verveeld begin raak. Toe het hy besluit om iets te doen … *(Ai tog! Wat dink julle het Ben besluit om te doen?)*

Dis reg, Ben het na die rand van die rots gegaan om sy toon in die water te sit. Maar die groot rots was glibberig aan die kant en … *(Wat dink julle het volgende gebeur?)*

Dis reg, Ben het in die rivier geval! En die waterstrome was sterk. Dit het hom weggevoer. Len wat op die rots was, het kliphard vir sy Mamma geroep. Gelukkig was Mamma naby en kon sy Ben aan sy hemp gryp. Sy het Ben gehelp om uit die water te kom.

"Lawwe seun," het sy gesê. "Ek het vir jou gesê om nie in die rivier te gaan nie."

# MAANDAG



## OGGENDBYEENKOMS *Nuus*

**15 min**

**Voorsien 'n onderwerp**
- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus daaroor te vertel.

**Dink**
- Wat wil jy vir jou maat oor hierdie onderwerp vertel.

**Pare**
- Gebruik die My nuus-raam om jou nuus vir jou maat te vertel.

**Deel**
- Kies 'n paar leerders om hul nuus met die klas te deel.



## HARDOPLEESSTORIE *Hoe Oskar 'n slurp gekry het*

**OG bl. 108 en 109**
**15 min**

**Vóór lees**
- Vandag lees ons 'n volksverhaal. Volksverhale is stories wat reeds oor en oor vertel is, om ons 'n les te leer of om te verduidelik hoekom goed is soos hulle is. Die karakters in 'n volksverhaal is dikwels diere.
- Hoe lyk olifante? (wys 'n prent)

**Lees die storie hardop, met uitdrukking**
- Gebruik verskillende stemtone vir verskillende karakters.
- Moenie ophou lees om die storie te verduidelik of vrae te vra nie. Die doel is dat die leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Ná lees**
- Laat die leerders toe om op die storie te reageer en te sê wat hulle geniet het of waaroor hulle gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk.



## AANVANGSKENNIS EN PSW *Was jou hande*

**GB bl. 42**
**15 min**




**Berei voor**
- Bring 'n bak/skottel, glas water, tandeborsel en tandepasta klas toe.

**Borsel tande**
- Demonstreer hoe om tande te borsel. Fokus op wat om eerste, tweede, derde en laaste te doen.

**Bespreek**
- Hoekom is dit goed om jou tande skoon hou? *(voorkom tandbederf en verlies van tande)*
- Hoe hou jy jou tande skoon? *(borsel tande, spoel mond met water, eet en drink minder goed met suiker)*
- Wanneer maak ons ons tande skoon? *(voor ons bed toe gaan in die aand, in die oggend, soms nadat ons geëet het)*


**Was jou hande**
- Lees bladsy 42 in die GB saam met die klas.

**Bespreek**
- Hoekom is dit belangrik om hande te was?
- Hoekom is die prente genommer?
- Hoekom moet jy vir 20 sekondes skrop?
- Hoekom draai ons die kraan toe nadat ons ons hande natgemaak het?



## KLANKE Die **v**-klank

**LAB bl. 139**
**15 min**




**Stel die nuwe letter bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank. Hou die vorm van jou mond dop. Wie se naam begin met hierdie klank? Wie se naam het hierdie klank in? Kyk hoe die letter geskryf is.


**Identifiseer woorde met die letter**
- Fokus op die sleutelwoord in die boonste ry. Leer 'n aksie aan om die leerders te help om die sleutelwoord met die klank te assosieer.
- Lees die ander woorde, met die fokus op die nuwe letterklank.
- Die leerders kan nog woorde met die klank gee.

**Demonstreer die letterformasie**
- Gebruik die inligting oor letterformasie op bladsy 34-36 in die *Metodiekgids*.
- Die leerders trek oor die letters met hulle vingers en daarna met potlode, deur by die groen kolletjies te begin.

**Lees die sin stadig vir die leerders**
- Die leerders omkring vandag se letter in die sin.

## HANDSKRIF Groot bewegings

15 min




- Sing of speel die liedjie oor die letter.
- Die leerders gebruik groot bewegings om die letter te vorm wat in die klankles geleer is, in die lug, op die grond, met verskillende mediums (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).

## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 146-154
30 min

- Stel hierdie week se OW-bladsy bekend.
- Indien hulle GBL saam met die onderwyser doen, voltooi die leerders 1 OW-bladsy. Die res van die leerders doen 2 OW-bladsye (sien tabel op bladsy 106).
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Werk intussen deur die aktiwiteite vir Leesvlak 1 en 2 met Groep A en B vir 15 minute per groep.

## GROEPBEGELEIDE LEES Groep A en B

30 min

- Gebruik die GB/LAB/leesboek/gevlakte leesboekies/woordmuur om woorde en konteks te voorsien vir aktiwiteite vir Leesvlak 1 en 2 (sien bladsy 106).
- Werk deur die aktiwiteite volgens die pas van die leerders.
- Voorsien aktiwiteite op elke vlak totdat al die leerders die konsep verstaan.
- Beweeg slegs na die volgende vlak as 'n vaardigheid wel bemeester is.

## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe.

**Stel die aktiwiteitstasies bekend**
- Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteite vir elke stasie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees. Ken bladsye uit die DBO-werkboeke toe aan groepe wat nie GBL doen nie.

## VISUELE KUNSTE Borsel tande

30 min

**Berei voor**
- Deel gedrukte kruideniersware-advertensies, skêre gom, plakkaatpapier en kryte uit.
- Bespreek kortliks hierdie vrae as 'n klas:
- Hoekom is dit goed om jou tande skoon te maak? *(voorkom tandbederf en tandverlies, verminder slegte asem, minder kanse op diabetes en hartkwale)*
- Hoe hou jy jou tande skoon? *(tande te borsel. Mond te spoel met water, eet en drink minder soetgoed)*
- Wanneer maak ons ons tande skoon? *(voor ons gaan slaap, soggens, soms nadat ons geëet het)*

**Groeptaak**
- Maak 'n plakkaat wat vir ander leerders verduidelik hoe om hul tande te versorg.
- Knip prente van tandepasta en tandeborsels uit. Plak dit op die plakkaat. Teken indien jy dit verkies.
- Besluit op 'n kort boodskap. (byvoorbeeld: Borsel na elke maaltyd; Pas jou tande op)
- Kies een persoon om die boodskap te skryf. Waag 'n kans met die spelling!
- Versier die plakkaat met 'n mooi raam.



# DINSDAG

## OGGENDBYEENKOMS


15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die naamspeletjie met 'n paar leerders
- Dieselfde klank of anders?

## LUISTER EN PRAAT Vertel storie oor

15 min

**Berei voor**
- Skryf die stappe van *Hoe Oskar 'n slurp gekry het* op die bord.




**Verduidelik hoe om 'n storie oor te vertel**
- Beskryf die stappe in die storie in die regte volgorde.
- Beskryf die karakters en wie wat gedoen het.

**Groepe: Vertel weer *Hoe Oskar 'n slurp gekry het***
- Gebruik die stappe op die bord om die storie oor te vertel.
- Elke leerder vertel een stap in die regte volgorde.

## AANVANGSKENNIS EN PSW Volgorde

LAB bl. 140
15 min




**Stappe om hande te was**
- Besluit wat in elke prent op bladsy 140 in die LAB gebeur.
- Nommer die prente in die regte volgorde.

**Pare**
- Deel antwoorde.
- Het julle die prente in die regte volgorde geplaas?

**Klas**
- Kyk weer na die GB-plakkaat in die LAB.

## KLANKE Luister en pas

MG bl. 53-59
15 min



**Berei voor**
- Kies prentkaarte vir elke vokaal. Versteek dit in die klas voor die aanvang van die les.
- Gebruik flitskaarte of die alfabetkaart om die vokale te wys. Die hele klas of individue lees die letters.


**Vind die kaarte**
- Verdeel die klas in 5 groepe en gee vir elke groep 'n vokaalkaart. Kontroleer of hulle die vokaal kan identifiseer.
- Die leerders kyk vir 5 prentkaarte met hul toegekende vokaal.
- Sodra die leerders al die prentkaarte wat gaan saam met hul letter, gaan sit hulle op die mat.

## HANDSKRIF Oefen in oefenboeke

15 min



- Die leerders gebruik kortliks groot bewegings om die letter te vorm wat tydens die klankles aangeleer is, in die lug, op die grond, met verskillende mediums (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Die leerders oefen om die letters te skryf in hulle oefenboeke.
- Loop deur die klas en ondersteun die leerders. Let op hul potloodgreep en postuur.



## GEDEELDE LEES (1) *Dit is tyd om jou te was, Olla!*

GB
bl.
43-46
15 min




**Lees uit die Grootboek**

- Lees die hele storie vir en saam met die klas.Wys na die woorde terwyl jy dit sê.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy van die GB.

**Lees die flitskaartwoorde: skoon, skrop, spoel, droog**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by ’n woord in die Grootboek.

**Lees weer die storie**



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB
bl.
146-153
30 min



- Die leerders wat GBL met die onderwyser doen, voltooi 1 OW-bladsy vandag. Die res van die leerders doen 2 OW-bladsye (sien tabel op bladsy 106).
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Werk intussen deur die aktiwiteite vir Leesvlak 1 en 2 met Groep C en D vir 15 minute per groep.



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep C en D

30 min

- Gebruik die GB/LAB/leesboek/gevlakte leesboekies/woordmuur om woorde en konteks te voorsien vir aktiwiteite vir Leesvlak 1 en 2 (sien bladsy 106).
- Werk deur die aktiwiteite volgens die pas van die leerders.
- Voorsien aktiwiteite op elke vlak totdat al die leerders die konsep verstaan.
- Beweeg slegs na die volgende vlak as ’n vaardigheid wel bemeester is.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min



**Warm op**

- Atiwiteitstasies
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## VISUELE KUNSTE Borsel tande

30 min



- Voltooi die plakkaat.
- Stal in die badkamer of gange van die skool uit.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Lees en Begrip Assessering. Ken bladsye uit die DBO-werkboeke aan groepe toe wat nie geassesseer word nie.

# WOENSDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die naamspeletjie met 'n paar leerders
- Dieselfde klank of anders?

## AANVANGSKENNIS EN PSW — Luister na ouers

LAB bl. 141 — 15 min

**Lees die storie van *Ben en Len* op bladsy 109 vir die klas**

**Bespreek hierdie vrae**

- Hoekom het Oskar se mamma vir hom gesê om nie alleen water by die rivier te gaan drink nie?
- Mamma het vir Len en Ben gesê om op die groot rots te bly. Om watter redes het sy dit gedoen?
- Kan julle aan enigiets dink wat jou mamma vir jou gesê het om nie te doen nie? Hoekom, dink jy, het sy dit vir jou gevra?
- Is jy soos Ben of soos Len?
- Watter les het die storie vir jou geleer?
- (Verduidelik: Mammas het gewoonlik redes waarom hulle vir jou sê om sekere dinge nie te doen nie.)

**Voltooi die aktiwiteit op bladsy 141 in die LAB**




## KLANKE — Die d-klank

LAB bl. 142 — 15 min

**Stel die nuwe letter bekend**

- Luister na en sê die nuwe klank. Hou die vorm van jou mond dop.
- Wie se naam begin met hierdie klank? Wie se naam het hierdie klank in?
- Kyk hoe die letter geskryf is.

**Identifiseer woorde met die letter**


- Fokus op die sleutelwoord in die boonste ry. Leer 'n aksie aan om die leerders te help om die sleutelwoord met die klank te assosieer.
- Lees die ander woorde, met die fokus op die nuwe letterklank.
- Die leerders kan nog woorde met die klank gee.

**Demonstreer die letterformasie**

- Gebruik die inligting oor letterformasie op bladsy 34-36 in die *Metodiekgids*.
- Die leerders trek oor die letters met hulle vingers en daarna met potlode, deur by die groen kolletjies te begin.

**Lees die sin stadig vir die leerders**


- Die leerders omkring vandag se letter in die sin.




## HANDSKRIF — Groot bewegings

15 min

- Sing of speel die liedjie oor die letter.
- Die leerders gebruik groot bewegings om die letter te vorm wat in die klankles geleer is, in die lug, op die grond, met verskillende mediums (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Help hulle om hul handbewegings te beskryf terwyl hulle dit doen.




## GEDEELDE LEES (2) — *Dit is tyd om jou te was, Olla!*

GB bl. 43-46 — 15 min

**Lees uit die Grootboek**


- Lees *Dit is tyd om jou te was, Olla!* vir die klas. Die leerders sluit aan waar hulle kan.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy van die GB.
- Lees die storie as 'n klas.

**Identifiseer die letters wat tot dusver aangeleer is**

- Die leerders wys die letters uit wat hulle alreeds aangeleer het.

**Hersien flitskaart woorde: seuns, meisies, dans**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by die woorde in die Grootboek.





## GEDEELDE SKRYF Volgorde

**15 min**

**Berei voor**
- Kopieer hierdie skryfraam met die tydwoorde op die bord.

Eers, het Ma ……
Toe, het Ma ……
Aan die einde het Ma …

**Skryf saam**
- In die storie *Dit is tyd om jou te was, Olla!*, watter woorde vertel vir ons wanneer dinge gebeur? (*eers, daarna, laaste*)
- Voltooi saam elke sin:
- Wat doen Mamma eerste? (*skrop*) Hoe spel ons dit?
- Wat kom aan die einde van die sin?
- Wat doen Mamma daarna? (*spoel*)
- Wat doen Mamma laaste? (*droog*)

**Lees**
- ’n Paar leerders lees die sinne hardop.
- Kan enigeen al drie sinne lees?



## ONAFHANKLIKE WERK

**LAB bl. 146-153**
**30 min**

- Die leerders wat GBL met die onderwyser doen, voltooi 1 OW-bladsy vandag. Die res van die leerders doen 2 OW-bladsye (sien tabel op bladsy 106).
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Werk intussen deur die aktiwiteite vir Leesvlak 1 en 2 met Groep E en A vir 15 minute per groep.





## GROEPBEGELEIDE LEES Groep E en A

**30 min**

- Gebruik die GB/LAB/leesboek/gevlakte leesboekies/woordmuur om woorde en konteks te voorsien vir aktiwiteite vir Leesvlak 1 en 2 (sien bladsy 106).
- Werk deur die aktiwiteite volgens die pas van die leerders.
- Voorsien aktiwiteite op elke vlak totdat al die leerders die konsep verstaan.
- Beweeg slegs na die volgende vlak as ’n vaardigheid wel bemeester is.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**30 min**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees. Ken bladsye uit die DBO-werkboeke toe vir groepe wat nie GBL doen nie.





## UITVOERENDE KUNSTE Voorbereiding van toneelstuk

**30 min**

**Gesels oor die voorbereiding van ’n toneelstuk oor *Hoe Oskar ’n slurp gekry het***
- Wat was die stappe in hierdie storie?
- Hoeveel karakters was in die storie?
- Wat het die karakters in elke stap gesê en gedoen?
- Hoe kan ons die aksie wys?

Stap 1: Ma praat met Oskar.
Stap 2: Oskar gaan rivier toe.
Stap 3: Krokodil gryp vir Oskar.
Stap 4: Oskar roep om hulp.
Stap 5: Ma trek.
Stap 6: Ander trek
Stap 7: Oskar is vry. Maar hy het ’n slurp.

**Groep berei hul toneelspel voor**
- Deel die klas in groepe van 5-6 leerders.
- Elke groep kies ’n leier. (’n goeie leser kan die stappe lees)
- Die leier ken die rolle toe. (Mamma, Oskar, Krokodil, ander olifante)
- Elke karakter moet hul eie woorde uitdink.
- Oefen om die storie op te voer en die woorde te sê wat jy gekies het.

# DONDERDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die naamspeletjie met 'n paar leerders
- Dieselfde klank of anders?

## LUISTER EN PRAAT Gedig

15 min

- Onderrig die gedig en die aksies.
- Die leerders sluit aan waar hulle kan (die tweede keer), maak 'n slurp met hul arms en neem groot treë.
- Die meisies sê die gedig, dan die seuns.

**Oom Olifant**
Oom Olifant, jou reuse dier.
Die mense lag vir hul plesier,
want waar het jy al ooit gehoor
van 'n stertjie van agter en 'n stertjie van voor?

## KLANKE Woordbou

LAB bl. 143
15 min

**Die leerders knip die letterkaarte op bladsy 163 in die LAB uit**

- Herinner die leerders om hul afvalstukkies in die vullisblik te gooi.
- Vertoon dieselfde onderwyserkaarte lukraak op die bord.

**Identifiseer die letters**

- Die onderwyser sê een van die letters en die leerders hou die bypassende kaart op. Kontroleer.

**Onafhanklike woordbou**

- Die onderwyser sê 'n woord van die LAB op bladsy 143.
- Lei die leerders om die woord stadig te sê en tel die klanke op hul vingers. Elke klank korrespondeer met 'n letterkaart.
- Die leerders gebruik hul letterkaarte om die woord te bou.
- Skryf die regte woord op die bord sodat die leerders kan kontroleer.
- Herhaal met ander woord op bl. 143.




## HANDSKRIF Oefen in oefenboeke

15 min

- Die leerders gebruik kortliks groot bewegings om die letter te vorm wat tydens die klankles aangeleer is, in die lug, op die grond, met verskillende mediums (sien riglyne op bladsy 31-33 in die *Metodiekgids*).
- Die leerders oefen om die letters te skryf in hulle oefenboeke.
- Loop deur die klas en ondersteun die leerders. Let op hul potloodgreep en postuur.



## GEDEELDE LEES (3) *Dit is tyd om jou te was, Olla!*


GB bl. 43-46
15 min

**Lees uit die Grootboek**

- Lees die hele storie saam met die klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae.

**Hersien flitskaartwoorde: skoon, skrop, spoel, droog**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by die woorde in die Grootboek.
- Indien die tyd dit toelaat, vra die leerders om mondelings sinne met elke woord te maak.
- Plaas die woorde teen die woordmuur.





## ONAFHANKLIKE SKRYF

### Skryf een sin met 'n tydwoord

LAB bl. 144

15 min


Datum

Teken een ding wat Ma met Olla doen. Skryf een sin met 'n tydwoord.

Tyd om skoon te kom, Olla!

144 Donderdag

**Berei voor**

- Lees die voltooide sinne van die vorige dag saam met die klas.
- Watter 3 woorde sê vir ons wat Mamma doen? Sê vir die leerders dat dit aksie of werkwoorde is.
- Die leerders vind die flitskaarte vir hierdie woorde teen die woordmuur.

**Teken en skryf**

- Teken 'n prent van een van die dinge wat Mamma doen.
- Skryf 'n sin oor die prent. Gebruik 'n tydwoord in jou sin (eerstens, daarna, laastens)



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 146-153

30 min



- Die leerders wat GBL met die onderwyser doen, voltooi 1 OW-bladsy. Die res van die leerders doen 2 OW-bladsye (sien tabel op bladsy 106).
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Werk intussen deur die aktiwiteite vir Leesvlak 1 en 2 met Groep B en C vir 15 minute per groep.



## GROEPBEGELEIDE LEES

### Groep B en C

30 min

- Gebruik die GB/LAB/leesboek/gevlakte leesboekies/woordmuur om woorde en konteks te voorsien vir aktiwiteite vir Leesvlak 1 en 2 (sien bladsy 106).
- Werk deur die aktiwiteite volgens die pas van die leerders.
- Voorsien aktiwiteite op elke vlak totdat al die leerders die konsep verstaan.
- Beweeg slegs na die volgende vlak as 'n vaardigheid bemeester is.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## UITVOERENDE KUNSTE

### Voer toneelstuk op

30 min



- Groepe voer hul toneelstukke oor *Hoe Oskar 'n slurp gekry het* vir die klas op.
- Kies die sterkste groep om eerste op te tree.
- Prys en gee applous vir elke groep.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees. Ken bladsye uit die DBO-werkboeke toe vir groepe wat nie GBL doen nie.

# VRYDAG

## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Voorsien 'n onderwerp**
- Gee vir die leerders 'n onderwerp waaroor hulle nuus moet vertel, byvoorbeeld wat het julle hierdie naweek gedoen.

**Dink**
- Watter nuus wil jy met jou maat oor hierdie onderwerp deel.

**Pare**
- Gebruik die My nuus-raam om jou nuus vir jou maat te vertel.

**Deel**
- Kies 'n paar leerders om hul nuus met die klas te deel.

## KLANKE Slak-speletjie

LAB bl. 145

15 min




**Demonstreer die speletjie**
- Gooi die dobbelsteen/toe oë en wys na die nommerblokkie.
- Beweeg die teller die regte getal spasies.
- As jy op 'n woord land, lees die woord en beweeg die teller vorentoe na 'n prent wat by die woord pas.
- As jy op 'n prent land, beweeg die teller agtertoe na die ooreenstemmende woord

**Pare speel die speletjie**
- Die wenner is die een wat eerste in die middel van die slak beland.

## ONAFHANKLIKE SKRYF Gedeelde Skryf

LAB bl. 144

15 min




- Vra 'n paar leerders om hul tekeninge te wys.
- Die klas raai oor watter sin die tekening is.
- Die leerder lees die sin.

## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 153

30 min



- Die leerders wat GBL saam met die onderwyser doen, voltooi 1 OW-bladsy. Die res van die leerders doen 2 OW-bladsye (sien tabel op bladsy 106).
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Werk intussen deur die aktiwiteite vir Leesvlak 1 en 2 met Groep D en E vir 15 minute per groep.

## GROEPBEGELEIDE LEES Groep D en E

30 min

- Gebruik die GB/LAB/leesboek/gevlakte leesboekies/woordmuur om woorde en konteks te voorsien vir aktiwiteite vir Leesvlak 1 en 2 (sien bladsy 106).
- Werk deur die aktiwiteite volgens die pas van die leerders.
- Voorsien aktiwiteite op elke vlak totdat al die leerders die konsep verstaan.
- Beweeg slegs na die volgende vlak as 'n vaardigheid wel bemeester is.

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Dink na oor die week**

- Wat het hierdie week goed verloop?
- Wat moet ons volgende week anders doen?

**Sien die leerders se werk na**

- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig

## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees. Ken bladsye uit die DBO-werkboeke toe vir groepe wat nie GBL doen nie.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **gereageer op leerders**
- **LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en enige les wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en enige leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**

- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een, onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorber

# Vaslegging en hersiening

Hierdie is 'n hersieningsweek so daar is geen gestruktueerde daaglikse program nie. Afhangende van die klas se behoeftes, kan jy van hierdie hersieningsaktiwiteite kies.

## LUISTER EN PRAAT



### Vertel stories weer, hersien rympies en liedjies

- Vertel weer die stories van Kwartaal 1, Week 1-9
- Help leerders om 'n paar aksierympies en liedjies van Kwartaal 1 te leer.

## KLANKE



### Hersien al die letter-klanke wat die jaar aangeleer is

- Wys die flitskaarte van die letters wat deur die jaar aangeleer is, en laat die leerders die klanke sê.
- Sê die klanke, en laat die leerders die letters skryf.
- Speel enige van die klankspeletjies in die LAB of die OG.

## GEDEELDE LEES




### Lees weer stories; gebruik flitskaarte op woordmuur

- Lees weer hul gunstelingstories uit die Grootboek. Moedig leerders aan om in te skakel.
- Hersien die konsepte van gedrukte teks. Leerders identifiseer die titel van die storie, sê waar om te begin lees op elke bladsy, identifiseer hoof- en kleinletters, identifiseer 'n letter, 'n woord en 'n sin.
- Hersien sigwoorde deur die woorde teen die woordmuur te gebruik.
  - Leerders tel die letters, sê die klank van elke letter en sê dan die woord.
  - Speel spanspeletjies met die flitskaarte.
  - Groep kan sorteringsaktiwiteite met die flitskaartwoorde doen. Deel vyf kaarte vir elke groep uit. Hulle vind woorde met vier letters of twee woorde met begin-/eindklanke met dieselfde letter. Hulle kan die woorde op papier kopieer.

## ONAFHANKLIKE EN GROEPWERK – MONDELINGS EN SKRIFTELIK

- Leerders werk in pare om hul gunstelingstorie oor te vertel.
- Leerders werk in pare of groepe om 'n rympie of liedjie op te voer.
- Leerders teken 'n prent van hul gunstelingstorie.
- Leerders verduidelik hul tekening vir 'n maat.
- Leerders werk individueel of in pare om die stories in die LAB weer te lees.
- Leerders voltooi geselekteerde DBO-werkboekbladsye.
- Maak seker dat alle OW-bladsye in die LAB heeltemal en reg voltooi is.
- Kontroleer of die bladsye in die LAB ten volle en reg voltooi is.
- Laat die leerders in pare die bladsye merk wat onvoltooid of duidelik verkeerd is. Leerders kan teruggaan en die bladsye voltooi óf dit weer doen.



## AKTIWITEITE IN DIE DBO-WERKBOEK VIR GELETTERDHEID

### Individuele letter-klanke

- Selekteer letters wat alreeds aangeleer is om te hersien. (Sien DBO-werkboek vanaf bladsy 30.)

### Geletterdheidsaktiwiteite

- Doen hierdie aktiwiteite mondelings saam met die leerders. Hulle kan die aktiwiteite daarna onafhanklik voltooi.

| | | |
|---|---|---|
| Oefen jou naam.<br> | Links en regs<br> | Dieselfde en verskillend<br> |

## AANVANGSKENNIS EN PSW

### Aktiwiteite in die DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid

- Lees weer enige van die Lewensvaardigheidsbladsye in die Grootboek.
- Doen 'n paar aktwiteite in die DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid mondelings saam met die leerders. Hulle kan die aktiwiteite daarna onafhanklik voltooi.

| | | |
|---|---|---|
| Ek:<br>Aktiwiteit 1, bladsy 2-3<br> | Kleure:<br>Aktiwiteit 2a, bladsy 4<br> | Ons is verskillend:<br>Aktiwiteit 4, bladsy 8-9<br> |
| Skool:<br>Aktiwiteit 5, bladsy 12<br> | Goeie gewoontes (1):<br>Aktiwiteit 11, bladsy 23<br> | Goeie gewoontes (2):<br>Aktiwiteit 11, bladsy 23<br> |

# ASSESSERING

## ASSESSERINGSPLAN, KWARTAAL 1

| Wat gaan geassesseer word? | Formaat van assessering en riglyne | Punt | Datum wanneer voltooi moet word |
|---|---|---|---|
| LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1<br>Praat oor persoonlike ervaringe en brei daaroor uit | MONDELING<br>Rubriek | 12 | Week 3-8 |
| LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 2<br>Luister na en die uitvoer van 'n aksieliedjie/ rympie | MONDELING<br>Rubriek | 8 | Week 3-8 |
| KLANKE ASSESSERING 1<br>Fonologiese bewustheid, letter-klank-kennis, woordlees | MONDELING<br>Rubriek | 12 | Week 7<br>Maandag-Vrydag |
| SKRYF ASSESSERING 1<br>Skryf 'n lys met 4 items | SKRYF<br>Rubriek | 8 | Week 7<br>Donderdag |
| LEES EN BEGRIP ASSESSERING 1<br>Vertel weer 'n storie en beantwoord letterlike en afleibare vrae | MONDELING<br>Rubriek | 12 | Week 8<br>Maandag-Vrydag |
| HANDSKRIF ASSESSERING 1<br>Skryf eie naam | SKRYF<br>Rubriek | 8 | Week 8<br>Donderdag |
| AANVANGSKENNIS EN PSW ASSESSERING 1<br>Neem waar, beskryf, teken daaglikse weerstoestande aan | MONDELING, PRAKTIES<br>Kontrolelys en rubriek | 5 | Week 2-9 |
| AANVANGSKENNIS EN PSW ASSESSERING 2<br>Beskryf klaskamer-roetines | PRAKTIES<br>Kontrolelys en Rubriek | 5 | Week 2-9 |
| VISUELE KUNSTE ASSESSERING 1<br>Skep in 2D: Teken/skilder selfportret met gesigskenmerke | PRAKTIES<br>Rubriek | 5 | Week 5<br>Maandag |
| UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 1<br>Uitvoering van *Gumboot*-dans | PRAKTIES<br>Rubriek | 5 | Week 5<br>Donderdag |
| LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1<br>Beweging en koördinering: Hindernisbaan | PRAKTIES<br>Rubriek | 5 | Week 6<br>Dinsdag-Vrydag |

* Fotokopieerbare bladsy vir assessering is agterin hierdie boek ingesluit.

Gebruik hierdie QR-kode om die puntestaat vir die assesseringsaktiwiteite af te laai.

**Funda Wande-puntestate**

## GRONDLYNASSESSERING (WEEK 3 EN 4)

Doen hierdie vinnige, informele assessering om die leerders in gedifferensiëerde groepe vir Groepbegeleide Lees-aktiwiteite te plaas. Die aktiwiteite is soortgelyk aan die EGRA. Indien 'n leerder nie in staat is om 'n aktiwiteit te doen nie, slaan die daaropvolgende aktiwiteite oor.

- Wat is hierdie prent?
- Wat is die eerste klank in hierdie woord?
- Wat is die laaste klank?







- Wys na die eerste letter in jou naam.
- Watter ander letters ken jy?

a b c d e f g h i j k l m n o p q r s t u v w x y z

- Kan jy hierdie woorde lees?

son gom

**Nasienrubriek vir Grondlynassessring**

| **GRONDLYNASSESSERING**<br>Teken 'n punt uit 5 vir elke leerder in jou optekeningboek op.<br>Gebruik die punte om leerders te groepeer wat hulp nodig het om:<br>klanke in gesproke woorde te identifiseer<br>letterklank korrespondensie te leer<br>eenvoudige woorde te lees | | **Maksimum punte: 5** |
|---|---|---|
| | **1 punt** | **2 punte** |
| Identifiseer klanke in gesproke woorde | beginklanke | begin- en eindklanke |
| Kennis van letterklanke | eerste letter van naam | eerste letter van naam plus 4 ander letters |
| Woordsoek | lees woorde | |

## KONTROLELYS VIR KONSEPTE VAN GEDRUKTE TEKS (WEEK 5 EN 6)

| Groep ___________________________ (kopieer vir elke groep) | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Leerders in die groep kan:** | | **Ja** | **Soms** | **Nee** |
| **1** | Hul LAB op die regte manier vashou | | | |
| **2** | Na die omslag wys | | | |
| **3** | Na die voorkant van die boek wys | | | |
| **4** | Na die agterkant van die boek wys | | | |
| **5** | Na die titel van die boek wys | | | |
| **6** | Bladsye korrek omblaai (gee vir hulle 'n bladsy om na toe te blaai) | | | |
| **7** | Na die titel van die storie wys | | | |
| **8** | Sê waar ons begin lees | | | |
| **9** | Na die eerste woord in 'n sin wys | | | |
| **10** | Na die laaste woord in 'n sin wys | | | |
| **11** | Identifiseer hoeveel woorde in die sin is | | | |
| **12** | Identifiseer hoeveel letters in die woord is | | | |
| **13** | Een of twee letters benoem | | | |
| **14** | Sê hoekom een letter groter/anders is (*hoofletter*) | | | |
| **15** | Na 'n punt wys | | | |

## HUISTAAL ASSESSERINGSRUBRIEKE

| **LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1: Praat oor persoonlike ervaringe/nuus<br>Week 3-8 (wanneer klas besig is om te werk)** | | | | **3 x 4 = 12 punte** |
|---|---|---|---|---|
| **Riglyne:** MONDELING: 2 min per leerder<br>Vra 2-3 vrae uit die vraebank, op 'n geselstrant:<br>Hoe oud is jy? Wanneer is dit jou verjaarsdag? Saam met wie woon jy? Waar woon jy? Wat is jou adres? Hoe kom jy by die skool? Het jy broers en susters? Hoe is die weer vandag? Hoe was die weer gister? Wat doen jy tydens speeltyd? Van watter deel van skool hou jy die beste? Wie is jou vriend? Het jy diere by die huis? Wat is jou gunstelingkleur/sport/liedjie? | | | | |
| **Kriteria** | **1** | **2** | **3** | **4** |
| Praat oor ’n persoonlike ervaringe/nuus. | Taalvermoë (taalstruktuur, woordeskat, uitgebreide sinne). Leerder het ’n beperkte woordeskat en antwoord in kort sinne. | Leerder het ’n beperkte woordeskat maar antwoord in langer sinne | Leerder begin praat met ’n meer uitgebreide woordeskat en sinne is langer. | Leerder gebruik uitgebreide sinne met ’n ryk/kleurvolle woordeskat. |
| Praatvermoë (volume, uitspraak, vlotheid en spoed) | Leerder gebruik beperkte stemtoon en volume, maak 4 of meer uitspraak foute | Leerder wissel stemtone af, maak 2-3 uitspraak foute | Leerder wissel stemtone af, maak 1-2 uitspraak foute. | Leerder wissel stemtone volume af, woorde word meestal reg uitgespreek sonder enige foute. |
| Lyftaal (oogkontak, postuur, selfvertroue) | Leerders toon geen selfvertroue en maak ook nie oog-kontak nie. | Leerders praat met ’n bietjie selfvertroue en maak beperkte oogkontak | Leerder praat met selfvertroue en maak oogkontak. | Leerder praat met baie selfvertroue en maak goeie oogkontak |

| **LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 2: Luister na en voer ’n deel van ’n storie, liedjie of rympie op<br>Week 3-8 (wanneer liedjies gesing word)** | | | | **2 x 4 = 8 punte** |
|---|---|---|---|---|
| **Riglyne:** PRAKTIES: Pare van drie – 3 minute per groep<br>Pare/groepe kom vorentoe om ’n liedjie/rympie met aksies met die klas op te së.<br>Indien leerders te skaam is, laat hy/sy pouse of na skool kom. | | | | |
| **Kriteria** | **1** | **2** | **3** | **4** |
| Uitdrukking (ritme, gepaste tussenposes, verander stemtoon vir effek<br>Pas (gepaste spoed)<br>Praatvermoë (hard en duidelike uitspraak) | Vind dit steeds moeilik om ’n gedig/liedjie of rympie te resiteer, benodig aangehou ondersteuning, geen ritme | Aandag dwaal, neem nie altyd spontaan deel nie, nie gepaste ritme en stemtoon nie | Resiteer gedig maar benodig nog ondersteuning, kan groot deel van gedig op eie resiteer, gebruik ritme en stemtoon vir effek | Kan ’n gedig. rymie met groot gemak en vertroue resiteer, wys goeie ritme en gebruik stemtoon met gepaste effek. |
| Aksies (selfversekerde bewegings, gesigsuitdrukking) | Vind die aksies moeilik om uit te voer | Benodig ondersteuning met die aksies | Doen die aksies met gemak | Doen die aksies spontaan en met groot gemak |

## ASSESSERING

| **KLANKE ASSESSERING 1: Fonologiese bewustheid, letter-klank-kennis, woordlees (Week 7 Maandag tot Vrydag)** | | | | **3 x 4 = 12 punte** |
|---|---|---|---|---|
| **Riglyne:** MONDELING<br>(1) Wys 4 prentkaarte. Vir elke prentkaart vra: Wat is dit? Wat is die eerste klank/wat is die laaste klank? Klap die lettergrepe<br>(2) Wys gemengde hoof- en kleinletterkaarte vir al die letters wat hierdie kwartaal aangeleer is. Leerder sê die klanke. (3) Wys flitskaarte van 2 eenvoudige woorde met letters wat reeds aangeleer is. Leerders lees die woorde. | | | | |
| **Kriteria** | **1** | **2** | **3** | **4** |
| Fonologiese bewustheid | Identifiseer die eerste en laaste klank van 1 prent reg en klap lettergrepe reg | Identifiseer die eerste en laaste klanke van 2 prente reg en klap lettergrepe reg | Identifiseer eerste en laaste klank van 3 prente reg en klap lettergrepe reg | Identifiseer eerste en laaste klanke van 4 prente reg en klap lettergrepe reg |
| Letter-klank-kennis | Identifiseer minder as ¼ van die letters aangeleer reg | Identifiseer ¼ tot½ van die letters aangeleer, reg. | Identifiseer ¾ van die letters aangeleer, reg. | Identifiseer al die letters aangeleer reg |
| Gebruik Klankkennis om woorde te lees | Benodig nog ondersteuning om die taak te verstaan en om letterklankkennis toe te pas | Maak foute in die klank van beide woorde | Klank en lees 1 woord reg maar maak nog foute met die res | Klank en lees 2 woorde reg |

| **LEES EN BEGRIP ASSESSERING 1: Vertel weer bekende storie en beantwoord letterlike en afleidende vrae**<br>**Week 8 (Maandag tot Vrydag)** | | | | **3 x 4 = 12 punte** |
|---|---|---|---|---|
| **Riglyne:** Wys die leerder die prent op bladsy 38 in die GB (*Haas en Skilpad hardloop resies*) en vra die vrae | | | | |
| **Kriteria** | **1** | **2** | **3** | **4** |
| Leerder vertel die storie van Skilpad en Haas hardloop resies in volgorde oor | Sinsorde en woordeskat is beperk | Volgorde is verkeerd. Sinsorde en woordeskat benodig nog ondersteuning | Karakters, sinsorde en woordeskat is genoegsaam ontwikkeld | Karakters, sinsorde en woordeskat is goed ontwikkeld |
| Leerder beantwoord letterlike vrae<br>Wie was die karakters in die storie?<br>Wat het in die storie gebeur?<br>Wie het gewen? | Leerder is nie in staat om letterlike vrae oor die teks reg te beantwoord nie | Leerder beantwoord 1 letterlike vraag oor die teks , reg | Leerder beantwoord 2 letterlike vrae oor die teks, reg | Leerder beantwoord 3 letterlike vrae oor die teks ,reg |
| Leerder beantwoord afleidende vrae en gee 'n opinie<br>Hoekom het Haas 'n slapie geneem?<br>Hoekom het Skilpad gewen?<br>Van wie het jy die meeste in die storie gehou? Hoekom? | Leerder is nie in staat om afleidende vrae oor die teks reg te beantwoord, kan ook nie opinie oor die teks gee nie | Leerder is in staat om 1 afleidende vraag oor die teks reg te beantwoord, kan nie opinie oor die teks gee nie | Leerder is in staat om 1 afleidende vraag oor die teks reg te beantwoord kan 'n opinie oor die teks gee | Leerder is in staat om 2 afleidende vrae oor die teks reg te beantwoord en om 'n opinie oor die teks te kan gee |

## ASSESSERING

| HANDSKRIF ASSESSERING 1<br>Week 8 Donderdag | | | | 2 x 4 = 8 punte |
|---|---|---|---|---|
| **Riglyne:** Gebruik 'n skoon vel papier of hul oefenboeke. Leerders skryf hul name in hul netjiesste handskrif. | | | | |
| **Kriteria** | **1** | **2** | **3** | **4** |
| Hou kryt/potlood reg vas | Leerder is nie in staat om potlood of kryt reg vas te hou nie | Leerder is in staat om die kryt of potlood vas te hou, maar die vingers raak moeg, soms vind misplasing van potlood plaas | Leerder is in staat om kryt of potlood reg vas te hou, maar maak soms foute met potloodgreep | Leerder is in staat om die potlood of kryt reg vas te hou, hanteer dit met groot gemak |
| Vorm letters aangeleer reg, ewe groot en egalige spasiëring | Skryf naam, maak 5 of meer foute in letterformasie spasiëring of grootte | Skryf naam, maak 3-4 of meer foute in letterformasie, spasiëring of grootte | Skryf naam, maak 1-2 of meer foute in letterformasie, spasiëring of grootte | Skryf naam, maak geen foute |

| SKRYF ASSESSERING 1: Skryf ’n lys met 4 items in ’n potloodsakkie<br>Week 7 Donderdag (kopieer bladsy 130 vir elke leerder) | | | | 2 x 4 = 8 punte |
|---|---|---|---|---|
| **Kriteria** | **1** | **2** | **3** | **4** |
| Skryf ’n lys met 4 items in ’n potloodsakkie | Skryf een item op die lys | Skryf 2-3 items maar die formaat en leestekens is foutief. | Skryf 2-3 items met regte lysformaat en leestekens. | Skryf 4 of meer items met regte lysformaat en leestekens |
| Neem ’n kans met woorde | Probeer nie skryf sonder die ondersteuning van onderwyser | Vra onderwyser om al die woorde te voorsien om te kopieer | Probeer sommige woorde op eie te spel. | Probeer altyd om nuwe woorde te spel en laat nie toe dat dit sy uitdrukking strem nie |

## LEWENSVAARDIGHEID ASSESSERINGSRUBRIEKE

| Aktiwiteit | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| **AANVANGSKENNIS EN PERSOONLIKE EN SOSIALE WELSYN (deurlopende assessering, Week 2-9)** | | | | | |
| AK ASSESSERING 1 Neem waar en beskryf ten minste 4 soorte basiese weersom-standig hede | Neem waar en teken slegs sonnige weer reg | Neem reg waar en teken 2 basiese weerstoestande op (byvoorbeeld, sonnig, reënerig) | Neem reg waar en teken 3 basiese weerstoestande op (byvoorbeeld, sonnig, reënerig, koud) | Neem reg waar, beskryf en teken 4 basiese weerstoestande op (byvoorbeeld, sonnig, bewolk, reënerig, koud) | Neem reg waar, beskryf en teken 5 basiese weerstoestande op (byvoorbeeld, sonnig, bewolk, reënerig, winderig, koud) |
| AK ASSESSERING 2 Volg daaglikse roetines | Benodig altyd ondersteuning met onthou om klaskamer-roetines te volg en om gedrag self te reguleer | Benodig soms ondersteuning om klaskamer-roetine te volg en om gedrag self te reguleer | Volg toenemende meestal klaskamer-roetines en self-regulering van gedrag het verbeter maar nog nie bevestig nie. | Volg meestal klaskamer-roetines en self-reguleer gedrag gewoonlik | Volg klaskamer-roetines konsekwent en self reguleer gedrag |
| **VISUELE KUNSTE (Week 5, Maandag, op kunspapier)** | | | | | |
| VK ASSESSERING 1 Teken/verf eie/maat se portret voeg kenmerke – oë, neus, mond en ken by | Teken/verf portrek met een gesigskenmerk | Teken/verf portret met twee gesigs-kenmerke | Teken/verf portrer met drie gesigs-kenmerke | Teken/verf portret met vir gesigs-kenmerke | Teken/skilder portret met vyf gesigs-kenmerke op die regte plek in die gesig |
| **UITVOERENDE KUNSTE (Week 5, Donderdag)** | | | | | |
| LO ASSESSERING 1 Uitvoering van *gumboot*-dans, deur ritmiese bewegings en liggaams-perkussie te gebruik | Benodig Aanmoediging en ondersteuning om deel te neem aan dans | Volg die onderwyser om die *gumboot*-dans uit te voer en om klap en stamp te demonstreer | Voer *gumboot*-dans sonder ondersteuning uit, gebruik liggaams-perkussie (klap, stamp en klik) | Voer *gumboot*-dans uit deur liggaam-sperkussie te gebruik (klap, stamp, klik) en gebruik ritmiese bewegings natuurlik | Voer *gumboot*-dans uitstekend uit, gebruik ritmiese bewegings en liggaams-perkussie (klap, stamp, klik) |
| **LIGGAAMSOPVOEDING (Week 6, Dinsdag–Vrydag)** | | | | | |
| LO ASSESSERING 1 Spring oor en beweeg onder deur hindernisse kruip klim, spring | Loop rondom hindernis | Probeer om oor hindernis te klim | Beweeg onder deur hindernis deur te kruip | Demonstreer kruip deur en klim oor hindernis | Demonstreer kruip deur en klim en spring oor hindernis |

Naam: ______________________ Datum: ______________

**Huistaal, Skryf-aktiwiteit 1 (Week 7)**

Skryf 'n lys met 4 items in jou potloodsakkie.
Teken die items as daar tyd is.

## Lys met items in potloodsakkie

1 ______________________

2 ______________________

3 ______________________

4 ______________________

Funda Wande

Reading for Meaning




Western Cape Government Education FOR YOU

creative commons CC-BY- 4.0

ISBN 978-1-990952-45-6

VERSION 3.0